

Die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans:
enkele aspekte van 'n kognitiewe
gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel
vir Afrikaans



deur Gerhardus Beukes van Huyssteen, M.A.

666, 1266

vir Annamart, Ella en Louis

***Honderdduizend vragen waar het antwoord nooit op komt
Maar het vragen dat is eigenlijk al genoeg***
Youp van 't Hek in "Ergens in de Verte" (1992)

VOORWOORD

RR

Graag word die volgende persone en instansies bedank:

- ❖ Die Stichting Studiefonds van die NZAV vir finansiële ondersteuning. Menings of gevolgtrekkings in hierdie proefskrif uitgespreek is egter dié van die outeur en kan nie aan die Stichting Studiefonds en/of die NZAV toegedig word nie;
 - ❖ Die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (SWO) vir finansiële ondersteuning. Menings of gevolgtrekkings in hierdie proefskrif uitgespreek is egter dié van die outeur en kan nie aan die SWO toegedig word nie;
 - ❖ Die PUCHO vir finansiële ondersteuning. Menings of gevolgtrekkings in hierdie proefskrif uitgespreek is egter dié van die outeur en kan nie aan die PUCHO toegedig word nie;
 - ❖ Die Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, prof Jacques van der Elst, vir sy finansiële ondersteuning;
 - ❖ My promotor, prof Daan Wissing, vir sy hulp, aanmoediging, finansiële steun en volgehoue geloof in hierdie projek, en vir sy stoel waarop ek kon sit;
 - ❖ My medepromotor, prof Arie Verhagen, by wie ek by uitstek geleer het dat ek 'n skoenmaker is wat my by my lees moet hou, en vir sy ongelooflike professionele benadering tot studieleiding;
 - ❖ My hulppromotor, prof Adelia Carstens, vir haar leiding en persoonlike ondersteuning oor 'n klomp jare heen;
 - ❖ My Pa en Ma, vir hulle ondersteuning en inspirasie. 'n Spesiale woord van dank aan my Ma, wat hope data ingesamel het en dit vir my in 'n maklike interpreteerbare vorm aangebied het;
 - ❖ My suster, Franika en Ryno, vir aanmoediging en belangstelling;
 - ❖ Al my vriende wat deur hierdie tyd steeds by my gestaan het: Chenette, Egbert, Elmarie, Hendrik, Isak, Jani, Judith, Mariëlle, Nico.
-

-
- ❖ Kollegas in die Vakgroep Afrikaans en Nederlands, wat bereid was om my afwesigheid te tolereer en my werkklas oor te neem;
 - ❖ Bertus en Susan, vir ure se waardevolle gesprekke, vir ondersteuning en vir fisiese hulp;
 - ❖ Chenette Swart, vir die hantering van die diagramme en voorblad;
 - ❖ Tannie Emma du Preez, vir haar aanmoediging en morele ondersteuning;
 - ❖ Ander taalkundiges wat bereid was om kommentaar te lewer, met spesifieke verwysing na Zouhair Maalej, Egbert Fortuin en David Tuggy;
 - ❖ En tot slot: Annamart, Ella en Louis: ten spyte van alles het hulle steeds bly glo en aangemoedig, en sommer net in die vroeë oggendure by my voete gelê...
-

Abstract

THE REDUPLICATION CONSTRUCTION IN AFRIKAANS: ASPECTS OF A COGNITIVE USAGE- BASED DESCRIPTIVE MODEL FOR AFRIKAANS

by Gerhardus Beukes van Huyssteen

This study is aligned with the linguistic tradition that is known as **cognitive linguistics**, and in particular **cognitive grammar** as a subpart within cognitive linguistics. The study aims to be part of the realisation of Ronald W. Langacker's general vision for cognitive grammar, *viz.* to explore different phenomena in different languages in order to test the power of cognitive grammar. In essence, this research is therefore **an attempt to translate cognitive grammar into and for Afrikaans and to adjust it in such a way that it can be evaluated if it offers any gains for an improved understanding of particular linguistic phenomena**. This thesis focuses on grammatical constructions, specifically the reduplication construction in Afrikaans.

Two general objectives are formulated in this study, *viz.* to investigate if the use of a cognitive usage-based model for the description of the reduplication construction in Afrikaans has any advantages for the development of cognitive grammar; and to investigate if the understanding of the reduplication construction in Afrikaans can be enhanced through the application of the cognitive usage-based descriptive model.

To reach the first objective, the theoretical instruments necessary to describe a grammatical construction are explicated. To situate the cognitive usage-based descriptive model within the broader paradigm, a description is given of those theoretical and methodological assumptions and points of departure of cognitive linguistics that pertain to the model proposed in this thesis. In addition, certain basic concepts (*i.e.* entities, domains and cognitive abilities) that are required for the descriptive model are discussed, in order to explicate the usage-based descriptive model.

The basic assumption is that the repeated application of a few basic cognitive abilities, which occur in different combinations on different levels of organisation,

lead to cognitive assemblies of immense complexity. In this way, large networks come into being, in which structures with differing levels of entrenchment and schematisation are linked to each other in relationships of categorisation, composition and symbolisation.

It is argued that it is necessary to describe grammatical constructions by means of these general cognitive abilities of composition, categorisation, schematisation and entrenchment, because grammatical constructions are regarded as structures that emerge from the data via the basic cognitive processes of schematisation and categorisation.

To reach the second objective, the reduplication construction in Afrikaans is described and explained. This construction is analysed in terms of the composition of reduplications, the categorisation network of the reduplication construction and the status of the construction in Afrikaans (in terms of schematisation and entrenchment). During the course of the description and discussion, the gains of such a cognitive description (compared to other, generative or structuralist, descriptions) are identified. The general conclusion that is reached is that the reduplication construction in Afrikaans is an extremely complex construction, which can only be understood better through comprehensive, data-driven analyses.

Key words:

COGNITIVE LINGUISTICS, COGNITIVE GRAMMAR, LANGACKER, ENTITIES, DOMAINS, COGNITIVE ABILITIES, COMPOSITION, CATEGORISATION, SCHEMATISATION, ENTRENCHMENT, REDUPLICATION, GRAMMATICAL CONSTRUCTION

Opsomming

DIE REDUPLIKASIEKONSTRUKSIE IN AFRIKAANS: ENKELE ASPEKTE VAN 'N KOGNITIEWE GEBRUIKSGBASEERDE BESKRYWINGSMODEL VIR AFRIKAANS

deur Gerhardus Beukes van Huyssteen

In hierdie studie word direk aangesluit by die taalkundige tradisie wat bekend staan as die **kognitiewe linguistiek**, en meer spesifiek by die **kognitiewe grammatika** as deelteorie binne die kognitiewe linguistiek. Die studie staan dan ook in diens van Ronald W. Langacker se algemene visie vir die kognitiewe grammatika, naamlik om verskillende fenomene in verskillende tale te ondersoek ten einde die krag van die kognitiewe grammatika te toets. In essensie is hierdie navorsing dus 'n poging om **die kognitiewe grammatika in en vir Afrikaans te vertaal en aan te pas, ten einde te evalueer of dit enige winste oplewer vir die beter verstaan van bepaalde taalkundige fenomene**. Die spesifieke taalfenomeen wat in hierdie proefskrif aan die orde gestel word, is grammatikale konstruksies, en meer spesifiek die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans.

Daar word twee algemene doelstellings vir hierdie studie geformuleer, naamlik om te ondersoek of die gebruik van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel om die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie te beskryf enige voordeel inhou vir die ontwikkeling van die kognitiewe grammatika; en om te ondersoek of die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie beter verstaan kan word wanneer dit beskryf word aan die hand van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel.

Ten einde die eerste doelstelling te bereik, word die teoretiese instrumente wat nodig is om 'n grammatikale konstruksie te beskryf, uiteengesit. Om die kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel binne 'n breër paradigma te plaas, word 'n beskrywing gegee van die teoretiese en metodologiese vooronderstellings en uitgangspunte van die kognitiewe linguistiek wat relevant is vir hierdie model. Ook word enkele basisbegrippe (i.e. entiteite, domeine en kognitiewe vermoëns) wat nodig is vir die beskrywingsmodel bespreek, ten einde die ontplooiing van die gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel te ekspliseer.

Daar word van die standpunt uitgegaan dat die herhaalde toepassings van enkele basiese kognitiewe prosesse, wat voorkom in verskillende kombinasies op vele organiseringsvlakke, kognitiewe monterings van enorme kompleksiteit tot gevolg het. Op hierdie manier ontstaan grootse netwerke waarin strukture met wisselende vlakke van verskansing en skematisering aan mekaar verbind word in verhoudings van kategorisering, komposisie en simbolisering.

Daar word geargumenteer dat dit noodsaaklik is om grammatikale konstruksies aan die hand van hierdie algemene kognitiewe vermoëns van komposisie, kategorisering, skematisering en verskansing te beskryf, aangesien grammatikale konstruksies gesien word as strukture wat te voorskyn kom uit die data via die basiese kognitiewe prosesse van skematisering en kategorisering.

Met die oog op die tweede doelstelling word die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans beskryf en verklaar. Dié konstruksie word geanaliseer in terme van die komposisie van reduplikasies, die kategoriseringsnetwerk van die reduplikasiekonstruksie en die status van die konstruksie in Afrikaans (in terme van skematisering en verskansing). Deur die loop van die beskrywing en bespreking word telkens gewys op die winste van sodanige kognitiewe beskrywing (in vergelyking met byvoorbeeld ander generatiewe of strukturalistiese beskrywings). Die algemene gevolgtrekking waartoe gekom word is dat die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans 'n uiters komplekse konstruksie is, wat alleen met deeglike en datagedrewe analises beter verstaan kan word.

Sleutelterme:

KOGNITIEWE LINGUISTIEK, KOGNITIEWE GRAMMATIKA, LANGACKER, ENTITEITE, DOMEINE, KOGNITIEWE VERMOËNS, KOMPOSISIE, KATEGORISERING, SKEMATISERING, VERSKANSING, REDUPLIKASIE, GRAMMATIKALE KONSTRUKSIE

INHOUDSOPGAWE

RR

HOOFSTUK 1	17
1.1 INLEIDING	17
1.2 AGTERGROND	18
1.2.1 Die kognitiewe grammatika	18
1.2.2 Die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans	20
1.2.2.1 'n Belangrike konstruksie	21
1.2.2.2 'n Komplekse konstruksie	21
1.2.2.2.1 Foneties-fonologiese vlak	22
1.2.2.2.2 Morfo-sintaktiese vlak	23
1.2.2.2.3 Semantiese vlak	25
1.2.2.2.4 Diachroniese vlak	27
1.2.2.2.4.1 Erfenis-standpunt	28
1.2.2.2.4.2 Taalkontak-standpunt	29
1.2.2.2.4.3 Spontaneontwikkelingsstandpunt	30
1.2.2.2.5 Sosiolingwistiese vlak	30
1.2.2.3 Samevatting	31
1.3 NAVORSINGSVRAE	32
1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE	33
1.4.1 Doelstellings	33
1.4.2 Doelwitte	33
1.5 SENTRAAL TEORETIESE STELLING	34
1.6 NAVORSINGSMETODE	35
1.6.1 Literatuurstudie	35
1.6.2 Data en analise	35
1.7 VOORUITSKOUING EN VOORLOPIGE HOOFSTUKINDELING	37

HOOFSTUK 2 39

2.1	INLEIDING	39
2.2	TEORETIESE VOORONDERSTELLINGS.....	40
2.2.1	Taal is integraal deel van menslike kognisie	40
2.2.2	Die mens gebruik taal as kategoriseringsmeganisme	42
2.2.3	Die Grammatika is inherent betekenisvol	43
2.2.4	Die belangrikheid van taalgebruiksdata.....	45
2.3	METODOLOGIESE VOORONDERSTELLINGS	47
2.3.1	Maksimalisties	47
2.3.2	Nie-beperkend	48
2.3.3	“Bottom-up”	48
2.4	SAMEVATTING.....	49

HOOFSTUK 3 51

3.1	INLEIDING	51
3.2	ENTITEITE	52
3.2.1	Aansyne	53
3.2.1.1	Profiel.....	54
3.2.1.2	Gebondenheid.....	55
3.2.2	Verhoudings: klassifisering op grond van wyse van skandering.....	58
3.2.2.1	Prosesse	60
3.2.2.1.1	Die verhouding tussen trajektor en landmerk.....	62
3.2.2.1.2	Gebondenheid.....	65
3.2.2.2	Atemporele verhoudings.....	69
3.2.2.2.1	Interne organisering.....	70
3.2.2.2.1.1	Trajektor/ landmerk-asimmetrie	70
3.2.2.2.1.2	Aard van die verhoudingsprofiel.....	72
3.2.2.2.1.3	Instansieringsdomeine	74
3.2.2.2.2	Tipes atemporele verhoudings	76
3.2.2.2.2.1	Adjektiewe en adverbiala	77

3.2.2.2.2	<i>Setseks</i>	79
3.3	DOMEINE	79
3.3.1	Kognitiewe raamwerke	81
3.3.2	Basisdomeine	86
3.3.3	Abstrakte domeine	87
3.3.3.1	Skemas	88
3.3.3.2	Konstruksieskemas	90
3.4	SAMEVATTING	91
HOOFSTUK 4		93
4.1	INLEIDING	93
4.2	KOMPOSISIE	95
4.2.1	Ooreenkoms	99
4.2.2	Konstruksieprofilering	101
4.2.2.1	Profielbepaaldheid	101
4.2.2.2	Ontleedbaarheid	102
4.2.3	Konseptuele en fonologiese afhanklikheid en onafhanklikheid	103
4.2.4	Konstituering	107
4.2.5	Samevatting	109
4.3	KATEGORISERING	110
4.3.1	Kategorisering via prototipes	113
4.3.2	Kategorisering via skemas	116
4.3.3	Taalkundige kategorieë	117
4.4	ABSTRAHERING: SKEMATISERING EN PROTOTIPISERING	119
4.5	VERSKANSING	124

4.6	SAMEVATTING.....	128
-----	------------------	-----

HOOFSTUK 5	129
-------------------------	------------

5.1	INLEIDING	129
5.2	KOMPOSISIE	130
5.3	KATEGORISERING	133
5.4	SKEMATISERING	136
5.5	VERSKANSING	137
5.6	SAMEVATTING.....	139

HOOFSTUK 6	142
-------------------------	------------

6.1	INLEIDING	142
6.2	OOREENKOMS	143
6.3	KONSTRUKSIEPROFILERING	151
6.3.1	Profielbepaaldheid	151
6.3.2	Ontleedbaarheid	157
6.4	KONSEPTUELE EN FONOLOGIESE AFHANKLIKHEID EN ONAFHANKLIKHEID	163
6.5	KONSTITUERING	170
6.6	SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	174

HOOFSTUK 7 176


7.1	INLEIDING	176
7.2	OORSIG OOR RELEVANTE LITERATUUR	178
7.3	SEMANTIESE KARAKTERISERING VAN [X _p]	188
7.3.1	Herhaling van aansyne	188
7.3.2	Herhaling van prosesse	196
7.3.2.1	‘Iteratiwiteit’	198
7.3.2.2	‘Voortdurendheid’	201
7.3.2.3	Ander moontlike betekeniswaardes	204
7.3.3	Herhaling van atemporele verhoudings	210
7.3.3.1	‘Intensiteit’	211
7.3.3.2	‘Verspreid’	214
7.3.3.3	‘Wyse’	219
7.3.3.4	‘In onmiddellike omgewing van G’	220
7.3.3.5	Geleksikalisearde voorbeelde	221
7.3.4	Onomatopeïese reduplikasies	225
7.4	SAMEVATTING: AKTIVERINGSTEL VIR [X _p]	226

HOOFSTUK 8 230

8.1	INLEIDING	230
8.2	SKEMATISERING	235
8.2.1	Skema van [[X][X]]	237
8.2.2	Skema van [X _p]	240
8.3	VERSKANSING	245
8.4	SAMEVATTING.....	247

HOOFSTUK 9	250
9.1 INLEIDING	250
9.2 TERUGSKOUING.....	250
9.2.1 Algemeen taalwetenskaplike doelstelling.....	251
9.2.2 Taalspesifieke doelstelling	253
9.3 VOORUITSKOUING	256
9.4 SLOT.....	259

LYS VAN FIGURE EN TABELLE



Figuur 1: Diagrammatiese voorstelling van [KAT/kat].....	45
Figuur 2: Dichotomie van ENTITEIT.....	52
Figuur 3: Voorstellings van verskillende entiteite.....	53
Figuur 4: Opvolgende skandering – [VERLOOR].....	58
Figuur 5: Opsommende skandering – [VERLORE].....	59
Figuur 6: Prosesskema.....	60
Figuur 7: Imperfektiewe proses.....	61
Figuur 8: Perfektiewe proses.....	62
Figuur 9: Ingezoemde voorstelling van verhouding tussen trajektor en landmerk	64
Figuur 10: Toestandsverandering.....	65
Figuur 11: Perfektiewe proses - gebonde in maksimale skopus, ongebonde in onmiddellike skopus.....	67
Figuur 12: Perfektiewe proses - gebonde in maksimale skopus en onmiddellike skopus.....	67
Figuur 13: Imperfektiewe proses - ongebonde in maksimale skopus en onmiddellike skopus.....	68
Figuur 14: Toestandsverandering – gebonde in onmiddellike skopus en ongebonde in maksimale skopus	68
Figuur 15: [ROOI] as adjektief	73
Figuur 16: [BREEK].....	74
Figuur 17: [GEBREEKTE]	74
Figuur 18: Skematiese voorstelling van adjektief en adverbium.....	78
Figuur 19: <i>masjiengeweer-skurk</i>	100
Figuur 20: <i>masjiengeweer-skurke</i>	108
Figuur 21: REKENAAR: Uitbreidings- en verlengingsverhoudings.....	112
Figuur 22: Radiale netwerk van REKENAAR	113
Figuur 23: Taksonomiese voorstelling van REKENAAR.....	116
Figuur 24: Skema vir VLAKBRAAI	121
Figuur 25: Kontinuum van herhalingsverskynsels	143
Figuur 26: <i>hoep-hoep</i>	150
Figuur 27: <i>pomp-pomp</i>	152
Figuur 28: <i>nou</i>	153
Figuur 29: <i>nou-nou</i> (toekoms).....	155
Figuur 30: <i>nou-nou</i> (verlede).....	156
Figuur 31: Konseptuele beeld van scène in voorbeelde (66) - (70).....	158
Figuur 32: <i>brul-brul</i> (imperfektiewe proses).....	161
Figuur 33: <i>brul-brul</i> (komplekse atemporele verhouding).....	162
Figuur 34: Skematiese voorstelling van semantiese struktuur van (BRUL _p).....	163
Figuur 35: <i>hoep-hoep</i>	167
Figuur 36: Komposisiestruktuur: <i>Die dokter vat aan die swelsel</i>	171
Figuur 37: Regier (1994, 1998) se radiale kategorie vir die semantiek van reduplikasie.....	182
Figuur 38: Semantiese netwerk van reduplikasie in Nawatl (Tuggy, 1999)	183
Figuur 39: <i>plek</i>	189

Figuur 40: <i>plek-plek</i>	189
Figuur 41: <i>plekke</i>	190
Figuur 42: Ingezoemde voorstelling van [LEK]	198
Figuur 43: Ingezoemde voorstelling van [LEK _p]	200
Figuur 44: Ingezoemde voorstelling van [RAMMEI]	202
Figuur 45: Ingezoemde voorstelling van [RAMMEL _p]	203
Figuur 46: [EEN]	215
Figuur 47: [DRIE]	215
Figuur 48: Kategoriseringsnetwerk van die semantiese pool van die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie	228
Figuur 49: Konstruksieskema vir [[X][X]]	240
Figuur 50: Konstruksieskema vir [X _p]	241

TIPOGRAFIESE KONVENSIES

ℜℜℜ

Linguistiese uitdrukkings	<i>Die kat miaau</i>	Skuinsdruk
Terme/begrippe	profilering	Vetdruk
Betekenis/eienskappe	<i>Kat</i> ‘troeteldier’	Enkel aanhalingstekens
Konsep/semantiese struktuur	KAT	Hoofletters
Fonologiese struktuur	kat	Kleinletters
Skema/kategorie	KAT	Klein hoofletters
Engelse ekwivalent	Kat (“cat”)	Dubbel aanhalingstekens, tussen hakies
Simboliese verhouding	KAT/kat	Skuinsstreep
Konvensionele eenheid	[KAT/kat]	Vierkantige hakies
Ongekende eenheid	(BOOM/kat)	Ronde hakies
Uitbreiding	→	Lynpyl
Verlenging/spesialisering	→→	Stippelpyl
Wedersydse gelykheid	↔	Tweepunt-stippelpyl
Wedersydse volle geskematiseerdheid	↔→	Tweepunt-lynpyl
Kognitief-markant/prototipies	—	Dik lyn (3pt)
Ooreenkomslyn		Kolletjieslyn
Profiel-determinant/kern	▢	Blokkie met dik lyn (3pt)
Ongekonvensionaliseerde eenheid	▢	Blokkie met ronde hoeke
Uitbreidingsterrein	▨	Gearseerd

LYS VAN AFKORTINGS



adj.	Adjektief
adv.	Adverbium
eGTA	<i>Groot Tesaurus van Afrikaans</i> (Logos Information Systems, 2000)
eGW	<i>Groot Woordeboek</i> (Logos Information Systems, 2000)
eHAT	<i>Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal</i> (Folio Bound, 1999)
eINW	<i>Nuwe woorde/New words</i> (Logos Information Systems, 2000)
eTFW	<i>Tweetalige Frasewoordeboek</i> (Logos Information Systems, 2000)
eVAW	<i>Verklarende Afrikaanse Woordeboek</i> (Logos Information Systems, 2000)
FS	<i>Die Farao se Sigare</i> (Hergé, 1976a)
G	Anker ("ground")
GE	<i>Die Geheim van die Eenboorn</i> (Hergé, 1977a)
GW	<i>Die Gebeime Wapen</i> (Hergé, 1973)
HRS	<i>Die Haaie van die Rooi See</i> (Hergé, 1976b)
lm	Landmerk
SAV	Simplekse atemporele verhouding
SRR	<i>Die Skat van Rackham die Rooie</i> (Hergé, 1977b)
tr	Trajektor

Afdeling A: Inleiding



AGTERGROND EN ONTPLOOIING

1.1 INLEIDING

Bepaal ons denke ons taal en kultuur? Of is dit dalk ons kultuur wat die grootste rol speel in die vorming van denke en taal? Of kan ons dalk daarop reken dat taal 'n primêre rol vertolk in die strukturering van ons denke en kultuur? Of bestaan taal, kultuur en denke gewoon as simbiotiese sisteme wat mekaar oor en weer en gelyktydig beïnvloed, vorm en struktureer?

Psigoloë, antropoloë, neuroloë, sosioloë, filosowe en les bes linguïste hou hulle al vir baie dekades lank besig om die verhouding tussen taal, kultuur en denke beter te beskryf en verstaan. Verskeie paradigmas en strominge, teorieë en filosofieë handhaaf verskillende sieninge oor hierdie komplekse verhouding. Een van die jongste wetenskaplike benaderings wat sigself besig hou met die beskrywing van die verhouding tussen taal, kultuur en denke is die kognitiewe linguïstiek.

Die publikasie van George Lakoff en Mark Johnson se *Metaphors we live by* in 1980 kan beskou word as die “nie-amptelike” begin van 'n wetenskaplike stroming wat later bekend sou staan as die kognitiewe linguïstiek. Gedurende die daaropvolgende jare onderskryf 'n groot aantal taalkundiges in uiteenlopende werke die uitgangspunte van Lakoff & Johnson (1980), en kulmineer hierdie wetenskaplike benadering in die stigting van die *International Cognitive Linguistics Association* in 1989 en die verskyning van die eerste uitgawe van die tydskrif *Cognitive Linguistics* in 1990. In die laaste dekade van die vorige eeu ontwikkel die kognitiewe linguïstiek as een van die belangrikste teoretiese benaderings binne die taalkunde (vergelyk Harris, 1993).

In Suid-Afrika het die kognitiewe linguïstiek egter nog relatief weinig opbloeit getoon: as beskrywingsraamwerk vir Afrikaans is dit beperk tot enkele beskrywings binne die **metafoor- en metonimieteorie** (vergelyk byvoorbeeld Botha, 1998; Carstens, 1993; Dirven, 1994; Pienaar, 1996; Schreuder, 1991; Swanepoel & Schreuder; Van Huyssteen, 1995, 1996), **konseptuele versmelting** (vergelyk byvoorbeeld Botha,

1997a; Spruyt, 1999), die **semantiek** (vergelyk byvoorbeeld Botha, 1995; De Stadler, 1992a, 1992b), die **fonologie** (vergelyk byvoorbeeld Coetzee, 1996; Van Rooy, 1999) die **sintaksis** (vergelyk byvoorbeeld Botha, 1996b; De Stadler, 1995a, 1995b; Kloppe, 1998; Swanepoel, 1998; Van Huyssteen & Wissing, 1996) die **leksikografie** (vergelyk byvoorbeeld Carstens, 1992; Swanepoel, 1991, 1992a, 1992b, 1995), die **onomasiologie** (vergelyk byvoorbeeld Swanepoel, 1996) en **kategorisering** (vergelyk byvoorbeeld Botha, 1996a, 1996c, 1997b). As resente benadering is die terminologie en idiosinkratiese voorstellings van die kognitiewe linguistiek ook nog grootliks onvertaald in Afrikaans.

Hierdie studie sluit aan by die taalkundige tradisie wat bekend staan as die **kognitiewe linguistiek**, en meer spesifiek by die **kognitiewe grammatika** ("cognitive grammar") as deelteorie binne die kognitiewe linguistiek (vergelyk Langacker, 1999c: 13).

1.2 AGTERGROND

1.2.1 Die kognitiewe grammatika

Ronald W. Langacker kan met reg beskou word as die eksponent *par excellence* van die kognitiewe grammatika. Nie alleen het hy die term "**cognitive grammar**" as noemer geskep om na sy beskrywingsraamwerk te verwys nie, maar is hy ook die skrywer van die monumentale *Foundations of Cognitive Grammar: Volumes I and II* (Langacker, 1987a, 1991a). In hierdie twee boeke, wat meer as 1000 bladsye beslaan, ekspliseer hy die beskrywingsraamwerk in noukeurige en omvangryke detail en demonstreer hy die winste van beskrywings wat binne hierdie raamwerk gedoen kan word. Tesame met die groot aantal ander publikasies van Langacker vorm hierdie twee boeke die teoretiese en metodologiese kern en vertrekpunt van grammatikale beskrywings wat binne hierdie spesifieke raamwerk gedoen word. Aangesien hierdie studie binne die breë raamwerk van die kognitiewe grammatika gedoen word, is dit nodeloos om te verduidelik waarom die naam "Langacker" herhaaldelik terug te vind sal wees deur die loop van hierdie proefskrif.

In die propektus aan die einde van *Foundations of Cognitive Grammar: Volume II* stel Langacker (1991a: 538) die volgende:

"Of course, a great deal remains to be done...The potential for further grammatical investigation, with respect to both languages and specific problems, is essentially unlimited...Together with the far broader spectrum of research conducted under the general rubric of cognitive-functional linguistics, such studies will advance us toward the goal of a substantive, comprehensive, and empirically-grounded linguistic theory." (Langacker, 1991a: 538)

Hierdie doelstelling, naamlik dat verskillende fenomene in verskillende tale ondersoek moet word ten einde die krag van die kognitiewe grammatika te toets, kan beskou word as die primêre stimulus van hierdie studie. In essensie is hierdie navorsing dus 'n poging om die kognitiewe grammatika in en vir Afrikaans te vertaal en aan te pas, ten einde te evalueer of dit enige winste oplewer vir die beter verstaan van bepaalde taalkundige fenomene. In die proses sou enkele kleiner verfynings en toevoegings aan die teorie aangebring kon word ten einde 'n spesifieke doel te verwesenlik (naamlik die beskrywing van 'n spesifieke grammatikale konstruksie, te wete die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie).

In die titel van hierdie proefskrif word dit egter nie eksplisiet vermeld dat hierdie 'n "kognitief-grammatiese studie" is nie. In plaas daarvan word dit beskryf as 'n "kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel vir Afrikaans". Die motivering hiervoor word gebaseer op twee hoofstukke uit twee boeke van Langacker (1991b, 1999a), te wete "A usage-based model" en "A dynamic usage-based model". Die studie is dus baie spesifiek geposisioneer: teen die agtergrond en uitgangspunte van 'n breë **teorie/paradigma** (die kognitiewe linguistiek) word die insigte en konstrukte van 'n spesifieke **deelteorie/raamwerk** (die kognitiewe grammatika) gebruik om 'n **model** ('n gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel) te definieer waarmee 'n spesifieke doel behaal sou kon word.

Geïmpliseerd in hierdie algemene "probleemstelling" (naamlik die "vertaling" en aanpassing van 'n Langackeriaanse gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel vir Afrikaans), is dus die noodsaak om 'n tweede, ondersteunende probleem te identifiseer, naamlik om 'n taalspesifieke fenomeen te kies wat met behulp van

hierdie beskrywingsmodel beskryf en verklaar kan word (i.e. die spesifieke doel waarna so pas verwys is). Vervolgens word dus aandag gegee aan die spesifieke doel wat hier nagestreef word, te wete 'n beskrywing en verklaring van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans.

1.2.2 Die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans

Die spesifieke taalfenomeen wat in hierdie proefskrif aan die orde gestel word, is grammatikale konstruksies, en meer spesifiek die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans. Ter wille van 'n werkdefinisie kan ons die reduplikasiekonstruksie omskryf as:

'n woordvormingskonstruksie waar 'n woord kombineer met 'n identiese woord om 'n nuwe woord te vorm.

Behalwe vir algemene reduplikasies soos in voorbeeld (1), kan ons ook nog ander instansiërings van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans onderskei, te wete eggowoordreduplikasie soos in voorbeeld (2), uitdrukkingswoordvorming en ideofone soos in voorbeeld (3), onomatopeïese reduplikasie soos in (4) en kinderreduplikasie soos in (5):

- (1) *Kom **gou-gou** hier!*
- (2) *Sit dit asseblief so 'n **ietsie-bietsie** harder*
- (3) *Dit was **njam-njam***
- (4) *Hy speel met 'n **woer-woer***
- (5) ***Wielie, wielie, walie***

As taalfenomeen kan reduplikasies (asook bogenoemde instansiërings) gesien word as 'n herhalingsverskynsel, aangesien bepaalde strukture op die een of ander manier herhaal word. Die fokus in hierdie studie is op die beskrywing van die reduplikasiekonstruksie as woordvormingskonstruksie, en op die resultaat van hierdie konstruksie, naamlik reduplikasies (wat dus herhalingsverskynsels is).

Maar waarom kies ek dan juis om die reduplikasiekonstruksie te beskryf?¹ Ek bespreek vervolgens enkele redes kortliks.

1.2.2.1 'n Belangrike konstruksie

Die groot hoeveelheid **aandag wat in linguistiese literatuur** aan reduplikasies in Afrikaans gewy word (vergelyk onder andere Botha, 1988; Combrink, 1990; De Villiers, 1983; Kempen, 1962, 1969; Ponelis, 1993; Raidt, 1981; Scholtz, 1963), suggereer dat dit as 'n redelike sterk prototipiese grammatikale konstruksie in die Afrikaanse taalsisteem beskou kan word. Ook die relatiewe **hoë gebruiksfrekwensie** van reduplikasie wys op die belangrikheid van dié konstruksie in Afrikaans; Combrink (1990: 82) verwys selfs na reduplikasie as “'n baie gebruiklike woordvormingsproses”.

Wat egter die werklike status van hierdie konstruksie in Afrikaans is (met ander woorde hoe produktief en algemeen dit is), is egter nog nie bevredigend in die literatuur hanteer nie, en moet dus behoorlik aan die hand van taaldata ondersoek word.

1.2.2.2 'n Komplekse konstruksie

Die groot aantal studies wat gedoen is oor die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans is ook 'n verdere aanduiding dat reduplikasies 'n komplekse verskynsel is wat die aandag en verbeelding van taalkundiges oor die jare aangegryp het. Ek kan dit dus nie met Botha (1988: 3) eens wees nie as hy beweer dat:

“...the conclusion that Afrikaans reduplication is such a highly complex phenomenon synchronically does not necessarily ring true. There are different kinds of evidence that, as a property of language in general, reduplication constitutes one of the simpler, more natural means of word formation.” (Botha, 1988: 3)

¹ Binne die Afrikaanse taalkundetradisie is dit nie gebruikelik om persoonlike voornaamwoorde in die eerste persoon te gebruik om na die navorser/skrywer self te verwys nie. Ek gebruik in hierdie proefskrif doelbewus eerste persoonsoverwysings, aangesien ek van mening is dat die skrywer, sy/haar lewens- en wêreldbeskouing, sy/haar persoonlike vooronderstellings en sy/haar ideologiese uitgangspunte nie weg te “skryf” is uit wetenskapsbeoefening nie. Die subjektiewe “ek” en “ons” maak juis 'n integrale deel uit van die aard en wyse waarop die wetenskap bedryf word.

Om Botha se veralgemenende stelling beter te begryp, is dit nodig om te verstaan dat hy die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans beskryf vanuit 'n Galileaanse perspektief (vergelyk ook Botha, 1982), waarbinne die generatiewistiese tradisie se filosofies-metodologiese wortels terug te vind is (vergelyk onder andere Chomsky, 1980). So byvoorbeeld word van die standpunt uitgegaan dat die fundamentele metodologiese doel van linguistiese navorsing is om indiepte ondersoek te doen in beperkte areas van die taal, eerder as om 'n breë spektrum taaldata by die navorsing te betrek. Op dié manier word problematiese data dus verwyder uit die bestek van die beskrywing en word sterk gesteun op die linguistiese intuïsie van die navorser. Hieruit spruit een van die probleemareas van hierdie metode: die kompleksiteit van 'n bepaalde taalverskynsel word dikwels vereenvoudig ter wille van die teoretiese onderbou van die beskrywing.

As Botha (1988) dus die reduplikasiekonstruksie reduceer tot een eenvormige woordvormingsreël en een eenvormige interpretasiereël ('n handboekvoorbeeld van die sogenaamde “reël/lys-denkfout” waarna Langacker (1987a: 29) verwys), staan dit in sterk kontras met die beginsel van natuurlikheid wat voorop staan in die kognitief-linguistiese beskrywingsraamwerk.

Die uitgangspunt hier is dus dat die reduplikasiekonstruksie 'n hoogs komplekse konstruksie is wat uitvoerige taalkundige aandag verdien. Ek substansieer hierdie stelling deur kortliks te verwys na verskillende vlakke van kompleksiteit.

1.2.2.2.1 Foneties-fonologiese vlak

Oor die foneties-fonologiese realisering van reduplikasie is die meeste van die skrywers dit met mekaar eens dat reduplikasie in Afrikaans gekenmerk word “deur 'n eenheidsaksent en 'n vinniger tempo as gewone herhalings” (Raidt, 1991: 225). Die feit dat elkeen van die konstituente gelyke klem dra (Botha, 1988: 83), is volgens Raidt (1981: 185) 'n belangrike kenmerk van Afrikaanse reduplikasie, aangesien dit hierdie eienskap is wat Afrikaans onderskei van byvoorbeeld die hedendaagse Bahasa Indonesia (en wat dus weer 'n belangrike invloed het op haar diachroniese verduideliking – vergelyk 1.2.2.2.4).

Insgelyks hou Scholtz (1963) se beskrywing van die uitspraak van reduplikasiekonstruksies belangrike konsekwensies in vir sy teorie oor die oorsprong van reduplikasie in Afrikaans. Hy is naamlik van mening dat reduplikasies tipies die volgende ontstaanspatroon kan volg, wat gemotiveer word deur 'n kombinasie van uitspraak (klem, toon en tempo) en die uitdrukking van affek (my voorbeeld na analogie van Scholtz - GBvH):

half > half, half > half, hálf > hálf, hálf > half-half

Dit is opmerklik dat geen van genoemde outeurs hulle stellings met betrekking tot die uitspraak van reduplikasies aan die hand van empiriese bewyse substansieer nie. Om dus 'n volledige, verklarende genese op te bou op grond van intuïtiewe taalkennis, hou weinig in vir die wetenskaplike beskrywing van taalverskynsels.

1.2.2.2.2 Morfo-sintaktiese vlak

Met betrekking tot die vorm en funksie van reduplikasiekonstruksies, het Botha (1988) ongetwyfeld die mees uitvoerige beskrywing van reduplikasies in Afrikaans gegee. Aan die hand van 'n algemene woordvormingsreël en 'n aantal beperkinge daarop, argumenteer Botha (1988) oortuigend dat Afrikaanse reduplisering nóg 'n samestellingsproses nóg 'n affikseringsproses verteenwoordig. Hy (Botha, 1988: 85) gaan van die standpunt uit dat reduplikasies eerder tot stand kom as gevolg van 'n dupliseringproses. Hierdie standpunt van Botha (1988) staan egter in skrilte kontras met die uitgangspunt van eerdere studies oor dieselfde fenomeen in Afrikaans.

Een van die eerste wetenskaplike boeke wat uitsluitlik aan morfologiese verskynsels in Afrikaans aandag gee, is Kempen (1962) se *Woordvorming en funksiewisseling in Afrikaans*. Aangesien Kempen (1962) hom besig hou met 'n beskrywing van komposita, afleidinge en samestellende afleidinge, word sy beskrywing van herhalingsverskynsels beperk tot vorme van reduplikasie (of “die iteratief-kompositum”, soos hy (Kempen, 1962: 372) die verskynsel noem). Hy illustreer dat reduplikasie gevorm kan word deur 'n samevoeging van twee woorde uit dieselfde woordsoortelike kategorie, en dat dit soms kan lei tot funksiewisseling. Opsommend word sy kategorieë hier weergegee:

- (6) *Sy neem groot-groot slukke water uit die bottel* (adj. + adj. = adj.)
- (7) *Die afrigter moes stil-stil toekeyk hoe sy span verslaan word* (adj. + adj. = adv.)
- (8) *Hy wou sommer die saak blou-blou* (adj. + adj. = ww.)
- (9) *Sy het amper-amper die voetganger raak gery* (adv. + adv. = adv.)
- (10) *Die seuns het die hele middag bok-bok gespeel* (s.nw. + s.nw. = s.nw.)
- (11) *Kolle-kolle gras het verdroog* (s.nw. + s.nw. = adj.)
- (12) *As jy met 'n kind malkoppie-malkoppie, begin hulle gewoonlik lag* (s.nw. + s.nw. = ww.)
- (13) *Die kar se enjin het ent-ent gewerk, maar het uiteindelik heeltemal gevrek* (s.nw. + s.nw. = adv.)
- (14) *Hy ruik-ruik aan die wyn, voordat hy versigtig 'n slukkie vat* (ww. + ww. = ww.)
- (15) *Ons het vanoggend saam met die bure kuier-kuier strand toe geloop* (ww. + ww. = adv.)

Ten opsigte van die bywoordkategorie, tref Scholtz (1963: 151-154) nog 'n fyner onderskeid deur te onderskei tussen bywoorde van graad (byvoorbeeld *amper-amper*), bywoorde van tyd (byvoorbeeld *vroeg-vroeg*), die vorm *kort-kort* en “bepalings van gesteldheid” (byvoorbeeld *siek-siek*). Ook Raidt (1981: 178) sluit hierby aan, en beweer verder dat bywoorde van plek in Afrikaans nie geredupliseer word nie.

Scholtz (1963) toon ook aan dat weinig attributiewe byvoeglike naamwoorde in die vorm van reduplikatiewe samekoppelings (soos hy dit noem) saam met enkelvoudige selfstandige naamwoorde voorkom, terwyl dit redelik algemeen voor meervoudige selfstandige naamwoorde voorkom. Met betrekking tot laasgenoemde merk Raidt (1981: 180) dat 'n voorsetselkonstruksie ook meestal in die plek van die reduplikasiekonstruksie kan voorkom. Vergelyk byvoorbeeld die volgende:

- (16) *Die professor het die teorie stuk-stuk uitgelé.*
- (17) *Die professor het die teorie stuk vir stuk uitgelé.*

Ook illustreer Scholtz (1963) en Raidt (1981) dat meervoudige selfstandige naamwoorde (byvoorbeeld *trappe-trappe bokke*) meer dikwels as enkelvoudige selfstandige naamwoorde in reduplikasies voorkom.

Interessant genoeg gee Kempen (1962) geen aanduiding van reduplikasies met telwoorde met 'n bywoordelike funksie nie, terwyl Scholtz (1963: 156; vergelyk ook

Botha, 1988: 36; Raidt 1991: 225) juis van mening is dat voorbeelde soos in (18) “baie gewoon” is in Afrikaans:

(18) *Die diere het twee-twee die ark ingeloop.*

Botha (1988: 36) gee ook voorbeelde van telwoorde wat geredupliseer word om selfstandige naamwoorde te vorm. Hy gee die volgende drie voorbeelde:

(19) *Drie-drie storm deur die bek.*

(20) *Tien-tien verlaat die kamer.*

(21) *Vyf-vyf kom om afskeid te neem.*

Binne die kategorie *ww. + ww. = ww.*, maak Scholtz (1963) ’n verdere fyner onderskeid. Hy onderskei tussen werkwoorde in normale sintaktiese posisie, soos in (22), en werkwoorde as bepaling by ander werkwoorde (vergelyk ook Raidt, 1991: 225), soos in (23):

(22) *Tersy! hy diep nadink, vat-vat hy aan sy baard.*

(23) *Daar’s nie tyd nie – julle moet sommer so staan-staan eet.*

Ook voeg Botha (1988: 35) ’n nuwe kategorie toe, naamlik dié van *ww. + ww. = s.nw.* Uit die drie voorbeelde wat hy aanbied, blyk dit dat hierdie tipe reduplikasie hoofsaaklik voorkom by die name van kinderspeletjies (vergelyk ook Scholtz, 1963: 160-161). Vergelyk byvoorbeeld:

(24) *Pappa, kom ons speel weer vang-vang!*

Ons kan dus tot die gevolgtrekking kom dat die reduplikasiekonstruksie op morfo-sintaktiese vlak ook redelik kompleks is, sodanig so dat verskillende taalkundiges dit nie altyd met mekaar eens is oor die presiese vormlike organisering van reduplikasies nie.

1.2.2.2.3 Semantiese vlak

Uit Kempen (1962) se benoeming van reduplikasie as “iteratief-komposita”, is dit duidelik dat hy aan alle vorme van reduplikasie die waarde [+iteratief] toeken. Hy

verwys egter ook terloops na die volgende addisionele semantiese waardes wat aan reduplikasiekonstruksies gekoppel kan word:

- ❖ [+intensief];
- ❖ [+emfaties];
- ❖ [+verspreid];
- ❖ [+duratief]; en
- ❖ [+herhalend].

Sowel Scholtz (1963) as Raidt (1981; 1991) en Botha (1988) voeg aan hierdie lys die volgende semantiese waardes by:

- ❖ [+aansienlike hoeveelheid];
- ❖ [+beperkte hoeveelheid];
- ❖ [+serieskakeling];
- ❖ [+kollektief];
- ❖ [+verswakkend];
- ❖ [+gelyktydig];
- ❖ [+onderbroke]; en
- ❖ [+wyse].

Aan die hand van 'n analise van reduplikasie in Indo-Europese tale, toon Niepokuj (1997) nog die volgende addisionele betekeniswaardes van reduplikasie:

- ❖ [+verkleinend];
- ❖ [+gewoontelik];
- ❖ [+markant];
- ❖ [+pejoratief/derogatief];
- ❖ [+progressief];
- ❖ [+staties];
- ❖ [+klanksimbolies]; en
- ❖ [+ikonomies].

Of al hierdie waardes van Niepokuj (1997) ook in Afrikaans voorkom, sal deeglik ondersoek moet word. Dat hierdie lys egter lank geen volledige lys is of selfs kan wees nie, spreek redelik vanself. Moravcsik (1978: 325) is juis van mening dat dit nie moontlik is om die betekenis van reduplikasies te tipologiseer nie:

"Given that reduplication is neither the exclusive expression of any meaning category in languages, nor are the meanings." (Moravcsik, 1978: 325)

Ten slotte is dit hier dalk van belang om kortliks kennis te neem van Botha (1988) se siening². In sy omvattende beskrywing van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans, argumenteer Botha (1988) dat reduplikasies woorde is wat gevorm word deur die kopiëring van woorde, en dat die vorming van sodanige konstruksies saamgevat kan word met die algemene woordvormingsreël in (25) en verstaan, geïnterpreteer en gekonseptualiseer word met die algemene interpretasiereël in (26):

(25) *Kopieer a, oftewel $a_i \rightarrow [a, a_i]$*

(26) *Interpreteer $[a; a_i]$ as $[A \text{ VERMEERDER}]$ – waar A die betekenis van a verteenwoordig, en VERMEERDER 'n abstrakte semantiese eenheid verteenwoordig.*

Op grond van vergelykings met ander Afrikaanse samestellings en afleidings, beweer hy dat hierdie woordvormingsproses nie gesien moet word as 'n samestellings- of affikseringsproses nie, maar dat dit inderdaad 'n onafhanklike woordvormingsproses is wat wel die affikserings- en samestellingsreëls moet ondersteun. Binne 'n generatiewe perspektief is Botha (1988) se argumentering wel oortuigend, maar vanuit 'n kognitief-linguistiese perspektief sal hierdie onderskeid deur die loop van hierdie studie onnodig blyk te wees.

1.2.2.2.4 Diachroniese vlak

Oor die diachroniese beskrywing van reduplikasie spreek Niepokuj (1997: 87) haar sterk uit:

² In hierdie proefskrif word deurgaans uitgebreid na Botha (1988) verwys, aangesien sy boek *Form and meaning in word formation: a study of Afrikaans reduplication* 'n deeglike en uitgebreide beskrywing is van reduplikasies in Afrikaans. Aangesien hy binne 'n generatiewe tradisie werk, bied dit boonop 'n interessante vergelyking.

“...simplistic assumptions about the likely origin of a particular reduplicative system should be avoided.” (Niepokuj, 1997: 87)

Met betrekking tot die diachronie van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans, merk Botha (1988: 6) dan ook tereg op:

From a genetic point of view, then, Afrikaans reduplication also appears to be a phenomenon of considerable complexity.” (Botha, 1988: 6)

In diachroniese beskrywings van herhalingsverskynsels in Afrikaans word egter dikwels veegbewerings gemaak oor die oorsprong van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans. Botha (1988: 6) merk dan ook (waarskynlik tereg) op dat dit toe te skryf is aan die teonlose en ontoereikende sinchroniese analises van historiese linguïste. Hierdie stelling word ook ondersteun deur die feit dat daar nog geen eenstemmigheid bestaan oor die moontlike genetiese wortels van verskillende herhalingsverskynsels in Afrikaans (soos byvoorbeeld ook die dubbelontkenningkonstruksie) nie. Ter wille van volledigheid, gee ek tog vervolgens ’n opsomming van die drie belangrikste standpunte.

1.2.2.2.4.1 Erfenis-standpunt

Veral in die vroeë pogings tot ’n beskrywing van die oorsprong van reduplikasie in Afrikaans, word die standpunt gehuldig dat dié verskynsel ’n direkte erfenis is uit Nederlands, Duits, Frans, Engels, Koi, Maleis-Portugees of Maleis.

Die kragtigste verteenwoordiger van ’n “Nederlandse standpunt” is waarskynlik Kempen (1962). Hy illustreer byvoorbeeld dat die ritmiese patroon van Nederlandse kinderspeletjies en liedjies oorgeërf is in Afrikaans (byvoorbeeld in die liedjie *Pallem, pallem pasen/De grootste zijn de base*). Aansluitend hierby is hy van mening dat die produktiwiteit van die reduplikasiekonstruksie nie ’n analogiese proses is nie, maar dat dit eerder toegeskryf kan word aan ’n sneller praattempo in Afrikaans as “volkstaalvorm”:

“Tog lyk dit wel waar of die konstruksie in Afrikaans veel oper is as in Nederlands en dit is al wat ons hoef te verklaar – met versnelling van tempo, gee die herbaling immers feitlik outomaties ‘n samekoppeling.” (Kempen, 1962: 117)

Nadat hy omvattend Nederlandse tekste ondersoek het, kom hy tot die gevolgtrekking:

“Daarmee is finaal die stelling vernietig as sou die iteratief-werkwoord in bywoordelike funksie nie Nederlands en nie Germaans wees nie. Maar daarmee is nie ook bewys dat die Afrikaanse kompositum dus wel van Nederlands kom nie. Wel bewys dit dat dit dus kon ontstaan het sonder heteroglottiese invloed.” (Kempen, 1962: 293)

In teenstelling met Kempen (1962), is Scholtz (1963) nie so seker dat die oorsprong van die reduplikasiekonstruksie nie in Maleis lê nie. Inteendeel, hy toon verbande aan met Maleis, Maleis-Portugees, Frans, Engels, Koi, Nederlands en Nederlandse dialekte (byvoorbeeld Noord-Hollands, Gronings, Wes-Vlaams en Haspengouws) (Scholtz, 1963: 150). Ook Raidt (1991: 223) sluit hierby aan as sy ten opsigte van die dubbelontkenning wys op moontlike verbande met Nederlandse of Duitse dialekte en met Frans.

1.2.2.2.4.2 Taalkontak-standpunt

Een van die meer onlangse standpunte is dat herhalingsverskynsels in Afrikaans toe te skryf is aan die taalkontaksituasie aan die Kaap, met die gevolglike sekondêre taalversteurings wat noodwendigerwys intree. So byvoorbeeld sluit Raidt (1981) ‘n uitgebreide betoog af deur te beweer:

“die Afrikaanse reduplikasie is gebaseer op albei die Nederlandse én die Maleise patroon. Aan die een kant het die Maleise vorme die bestaande Nederlandse tendens tot verdubbeling versterk, aan die ander kant is nuwe on-Nederlandse reduplikasievorme uit Maleis in die wordende Afrikaans oorgeneem.” (Raidt, 1981: 187)

Ofskoon klinkklare bewyse vir dié standpunt steeds afwesig bly, hou dit myns insiens ten minste logieserwys meer water as die erfenis-standpunt.

1.2.2.2.4.3 *Spontaneontwikkelingstandpunt*

’n Minder bekende en minder populêre standpunt is die spontaneontwikkelingstandpunt van hoofsaaklik Scholtz (1963). Hoewel Scholtz (1963) versigtig is om sterk standpunt in te neem, argumenteer hy oortuigend vir die fonologiese motivering van reduplikasies in Afrikaans (vergelyk 1.2.2.2.1 hierbo) - ’n standpunt wat indirek ondersteun word deur Niepokuj (1997: 87), as sy wys op die voorkoms van reduplikasie in kindertaal, asook in die vorming van verkleiningsvorme, meervoude, eggoorde, klanksimbole en onomatopeë.

Die feit dat herhalingsverskynsels in haas alle tale van die wêreld voorkom (Raidt, 1981: 178), gee myns insiens sterk rugsteun aan die spontaneontwikkelingstandpunt. Daarmee saam kan die feit dat herhalingsverskynsels produktief in Afrikaans (en in ander tale) voorkom, nie negeer word nie. Hierdie standpunt moet uiteraard teoretiese en empiriese-gefundeerd getoets word.

1.2.2.2.5 *Sosio-stilistiese vlak*

Dit is nie net ten opsigte van grammatikale organisasie en die historiese oorsprong van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans waar daar onenigheid onder taalkundiges is nie; ook met betrekking tot sosio-stilistiese aspekte van reduplikasies is daar uiteenlopende standpunte. Net soos wat Filbeck (1996) aantoon dat die gebruik van sintaktiese herhaling in Mal (een van die primêre dialekte van die Mon-Khmer volkstaamtale in Noord-Thailand) beperk is tot sekere mans, so beweer Kempen (1962: 116) ook dat reduplikasie in Afrikaans “uitsluitend in die volkstaalstyl voorkom”. Hy gaan voort deur te stel dat die voorkoms van reduplikasie meestal beperk is tot ’n “innige styl”. Wanneer voorbeelde van reduplikasie wel in tekste soos koerantberigte voorkom, beskryf Kempen (1962: 292) dit as “’n bietjie goedmoedige taalspel”. In aansluiting hierby beweer Raidt (1981: 178; 1991: 224, 225) dat reduplikasie kenmerkend is van die alledaagse omgangstaal, terwyl dit betreklik selde in geskrewe taal voorkom:

“In wetenskaplike en amptelike geskrifte ontbreek reduplikasievorme ten ene male, terwyl hulle in verhewe, poëtiese taal net by hoë uitsondering voorkom.”
(Raidt, 1981: 178)

Sy substansieer hierdie aanname deur 'n analise te doen van drie prosatekste van die skrywer, Ernst van Heerden. Myns insiens is dit onverantwoordbare wetenskapspraktyk: as 'n taalkundige sodanige stelling oor spreiding en frekwensie wil maak, moet hy/sy dit empiries kan bewys. Boonop dien al die voorbeeldmateriaal van Kempen (1962) en Scholtz (1963) as kontrabewyse, aangesien beide outeurs se voorbeelde uit skriftelike bronne kom. Ook stel Scholtz dit herhaaldelik dat die reduplikasiekonstruksie dikwels voorkom in "meer bewus gestileerde literatuurtaal" (1963: 148) of in "affektiewe, aanskoulike styl" (1963: 153). Of dit egter noodwendig waar is, word ook nie empiries bewys nie.

Met betrekking tot styl noem Botha (1988: 3) dat reduplikasie dikwels gebruik word as 'n woordvormingsmeganisme in vereenvoudigde registers soos babataal, vreemdelingetaal, gebroke taal en pidgins (vergelyk ook Ferguson & De Bose, 1977; Todd, 1974). Hy konkludeer dan ook uiteindelik (Botha, 1988: 98) dat 'n spreker die reduplikasiekonstruksie kan gebruik om aan te dui dat hy/sy 'n minder formele verhouding met sy/haar gespreksgenoot wil bewerkstellig – eweneens 'n uitspraak sonder empiriese fundering.

Uit bostaande blyk dit dus duidelik dat daar nog slegs gebrekkige beskrywings gedoen is van die sosiohistoriese aspekte van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans. Ten einde veralgemenende veegbewerings soos hierbo gemaak te vermy, moet deeglike empiriese ondersoeke allereers gedoen word.

1.2.2.3 Samevatting

Uit bostaande bespreking blyk dit dat daar 'n gebrek bestaan aan eenvormige beskrywings wat die totale kompleksiteit van die reduplikasiekonstruksie omvat. Dit geld nie net ten opsigte van die internasionale literatuur nie, maar ook des te meer met betrekking tot beskrywings van reduplikasies in Afrikaans. Synde dus dat die reduplikasiekonstruksie nie net 'n belangrike nie maar ook 'n uiters komplekse konstruksie in Afrikaans is, en dat dit een van die konstruksies in Afrikaans wat wyd beskryf is, kan 'n mens dus, deur 'n alternatiewe beskrywing te gee, die krag van sodanige alternatiewe beskrywing deeglik evalueer.

Uit die kursoriese bespreking van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans het dit geblyk dat vele fasette van dié konstruksie deeglike wetenskaplike en empiriese ondersoek verg. Uiteraard laat die omvang van 'n proefskrif my nie toe om aan al hierdie fasette aandag te gee nie, en moet 'n keuse gemaak word met die oog op 'n gefokuseerde stuk navorsing. Aangesien die gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel by uitstek gerig is op die strukturele beskrywing en verklaring van grammatikale fenomene, sal ek konsentreer op daardie aspekte van die reduplikasiekonstruksie wat tradisioneel beskou is as dat dit tot die “grammatika” hoort (met ander woorde nie op diachroniese en sosiohistoriese aspekte nie). Verdere afbakening van die ondersoekterrein sal deur die loop van die proefskrif gemaak word.

1.3 NAVORSINGSVRAE

Na aanleiding van bogenoemde agtergrond kan ons twee algemene navorsingsvrae formuleer:

- a) Hou die gebruik van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel om die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie te beskryf enige voordeel in vir die ontwikkeling van die kognitiewe grammatika, en indien wel, watter winste lewer dit op?; en
- b) Kan ons die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie beter verstaan wanneer dit beskryf word aan die hand van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel, en indien wel, watter insigte verkry ons op hierdie manier?

Hierdie twee vrae is wyd geformuleer en moet gevolglik afgebaken word met die oog op die daarstelling van 'n realistiese en uitvoerbare navorsingsplan vir hierdie proefskrif.

1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

1.4.1 Doelstellings

Voortspruitend uit die navorsingsvrae het hierdie studie dus twee algemene doelstellings, waarvan die eerste 'n meer algemeen-taalwetenskaplike (i.e. teoretiese) en die tweede 'n meer taalspesifieke (i.e. beskrywende/verklarende) doelstelling. Hierdie doelstellings word soos volg geformuleer:

- ❖ Om te ondersoek of die gebruik van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel om die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie te beskryf enige voordeel inhou vir die ontwikkeling van die kognitiewe grammatika; en
- ❖ Om te ondersoek of die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie beter verstaan kan word wanneer dit beskryf word aan die hand van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel.

1.4.2 Doelwitte

Ten einde bostaande algemene doelstellings te verwesenlik, kan dit onderverdeel word in die volgende spesifieke doelwitte:

Algemeen-taalwetenskaplike doelwitte

- ❖ Om die belangrikste teoretiese en metodologiese vooronderstellings van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel te ekspliseer;
- ❖ Om die basisbegrippe, konstrakte en heuristiese metodes van hierdie kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel te verduidelik en te evalueer met betrekking tot die beskrywing van grammatikale konstruksies;
- ❖ Om 'n werkstrategie te postuleer waarvolgens die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans beskryf en verklaar kan word;

Taalspesifieke doelwitte

- ❖ Om die reduplikasiekonstruksie te beskryf en verklaar aan die hand van die kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel;

Uiteraard is 'n spesifieke doelwit om deurgaans (en aan die einde) te evalueer of:

- ❖ die beskrywing van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans enige voordeel inhou vir die ontwikkeling van die kognitiewe grammatika; en
- ❖ of die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie beter verstaan kan word wanneer dit beskryf word aan die hand van 'n kognitiewe gebruiksegebaseerde beskrywingsmodel.

1.5 SENTRAAL TEORETIESE STELLING

Aangesien 'n kognitiewe gebruiksegebaseerde beskrywingsmodel bevredigend gebruik sal kan word om die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie te beskryf, konvergeer hierdie studie met die algemene visie van Langacker (1991a: 538), naamlik om 'n verskeidenheid van fenomene in 'n verskeidenheid van tale met behulp van sodanige beskrywingsmodelle te beskryf en verklaar. Die spesifieke voordele vir die kognitiewe grammatika wat uit sodanige beskrywing sou kon spruit, sluit onder andere in 'n verfyning van bepaalde teoretiese konstruksie, 'n suksesvolle demonstrasie van die krag van die kognitiewe grammatika en 'n toepassing in en op 'n taal wat nog nie voorheen wyd en algemeen binne sodanige raamwerk beskryf is nie (i.e. Afrikaans).

Aangesien 'n kognitiewe gebruiksegebaseerde beskrywingsmodel suiwer geskoei word op algemene en maklik demonstreerbare kognitiewe vermoëns, behoort 'n beskrywing wat aan die hand van hierdie kognitiewe vermoëns gedoen is outomatiese verklarende krag te hê. Deur die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie dus met behulp van sodanige kognitiewe gebruiksegebaseerde beskrywingsmodel te beskryf, is ons gelyktydig ook besig met 'n verklaring van die konstruksie, aangesien die eienskappe en linguistiese optrede van die konstruksie onmiddellik terug te lei is na die menslike kognitiewe vermoëns. Sodanige beskrywing van 'n grammatikale konstruksie behoort dus nie net insig in die taalsisteem te gee nie, maar ook in die verhouding tussen taal, kultuur en denke.

1.6 NAVORSINGSMETODE

Met betrekking tot die eerste spesifieke doelwit geformuleer in 1.4.2 word daar in hoofstuk 2 uitvoerig aandag gegee aan die metodologiese uitgangspunte wat in 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel onderskryf word. Daarom gee ek hier nie 'n metodologiese motivering vir die bepaalde navorsingsmetodes wat in hierdie studie gevolg sal word nie, maar slegs 'n oorsig oor die spesifieke metodes.

1.6.1 Literatuurstudie

Die navorsing sal hoofsaaklik kwalitatief van aard wees, in die sin dat die literatuur van die kognitiewe grammatika (en heel spesifiek van Langacker) in diepte bestudeer word, krities beskou word en geïntegreerd aangebied word in die vorm van 'n werkstrategie waarvolgens die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans beskryf kan word. Insgelyks word literatuur oor reduplikasies (oor ander tale en oor Afrikaans) ondersoekend, krities-evaluerend en sintetiserend benader, ten einde die winste van hierdie beskrywing te meet aan reeds bestaande kennis.

Vir die literatuurstudie sal gepoog word om van die belangrikste en mees resente publikasies, kongresbydraes en internetmateriaal gebruik te maak.

1.6.2 Data en analise

Die insameling van data en ander taalmateriaal is 'n ietwat kontensieuse kwessie (selfs binne die kognitiewe linguistiek en kognitiewe grammatika) en geniet dus in hoofstuk 2 meer uitvoerige aandag. Ek volstaan hier deur te sê dat hierdie beskrywingsmodel nie verniet 'n **gebruiksgebaseerde** model is nie, wat veronderstel dat werklike taaldata sover moontlik in die beskrywings gebruik moet word. Hierdie beginsel word dus sterk ondersteun sover dit houdbaar en relevant is binne die bestek van hierdie studie.

By gebrek aan 'n Afrikaanse korpus wat verteenwoordigend, **omvattend**, algemeenbeskikbaar en boonop gerekenariseer is, moet alternatiewe metodes van data-insameling ingespan word. Aangesien die aard van hierdie studie (i.e. hoofsaaklik kwalitatief) nie noodwendig data vereis wat statisties veralgemeenbaar hoef te wees

nie, word gebruik gemaak van beskikbaarheidsteekproewe om data in te samel. Daar sal gepoog word om sowel gesproke as geskrewe data te versamel, en die volgende bronne sal dien as teikenareas:

- ❖ **Taalkundige bronne:** Die voorbeeldmateriaal wat ander taalkundiges gebruik het in hulle beskrywing van reduplikasies in Afrikaans kan as bron van data dien. Uiteraard kan selfgemaakte voorbeelde nie sonder meer aanvaar word as goeie taaldata nie, maar as die *bona fides* van ander taalkundiges aanvaar word, kan van die standpunt uitgegaan word dat sodanige data eerlik is totdat die teendeel bewys kan word.
- ❖ **Woordeboeke:** Die beskikbaarheid van Afrikaanse woordeboeke op CD-ROM is 'n welkome databron vir die taalkundige. Gesaghebbende bronne is dus nou in elektroniese formaat beskikbaar en kan op verskeie maniere gebruik word om data te versamel.
- ❖ **Tydskrifte:** Deur die loop van hierdie navorsingsprojek is eksemplare van reduplikasies ingesamel in 'n verskeidenheid van Afrikaanse tydskrifte, waaronder *De Kat*, *Finesse*, *Insig*, *Landbouweekblad*, *Rooi Rose* en *Sarie*. Eweneens word hierdie data nie aangebied met enige statistiese bewerings in gedagte nie, maar word dit gebruik as rigtinggewende stimulus en voorbeeldmateriaal.
- ❖ **Strokiesverhale:** Die gebruik van strokiesverhale in taalkundige navorsing bied aan die navorser 'n wonderlike bron van data, nie net aangesien die dialoog gewoonlik 'n redelik goeie representasie van werklike gesproke taal is nie, maar veral ook omdat die konteks redelik maklik kontroleerbaar gerekonstrueer kan word. In tradisionele transkripsies van gesprekke word byvoorbeeld die kleredrag, gesigsuitdrukkings en liggaamshouding van die gespreksgenote gewoonlik nie gereflekteer nie. In die strokiesverhaal is al hierdie elemente, tesame met die representasie van gesproke taal, dus maklik terug te vind, en bied dit aan die navorser 'n uitstekende bron van taal-in-gebruik. Die vyf vertaalde boeke in die reeks *Die Avonture van Kuifie* (Hergé, 1973, 1976a, 1976b, 1977a, 1977b) sal in hierdie navorsing gebruik word as bron van taalmateriaal, veral wanneer gesoek word na voorbeelde waarin nie noodwendig reduplikasies voorkom nie.

- ❖ **Radio-opnames:** 'n Verdere bron vir die insameling van data is inbelprogramme op die radiostasie, *radio sonder grense*. Nie alleen bied dit redelike spontane taaldata nie, maar kan allerlei demografiese inligting meestal bekom word (byvoorbeeld geslag, ouderdom, herkoms, ensovoorts). Om kassetopnames van sodanige programme te maak, is ook 'n relatief maklike en goedkoop manier om data te bekom.

1.7 VOORUITSKOUING EN VOORLOPIGE HOOFSTUKINDELING

Hierdie proefskrif bestaan in beginsel eintlik uit vier hoofstukke, naamlik 'n inleiding, teoretiese raamwerk, 'n analisehoofstuk en 'n slot. Aangesien vier sulke hoofstukke gewoon onverteerbaar lank sou wees, word die proefskrif eerder in vier afdelings met subafdelings (i.e. hoofstukke) verdeel. Hierdie vier afdelings ontplooi soos volg:

AFDELING A: INLEIDING

In hierdie inleidende hoofstuk (**hoofstuk 1**) het ek aangetoon dat hierdie studie twee doelstellings het, waarvan een meer algemeen-taalwetenskaplik is en die ander een meer taalspesifiek. Wat betref die taalwetenskaplike doelstellings sal gepoog word om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van die kognitiewe linguistiek deurdat 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel krities geëvalueer sal word. Met betrekking tot die taalspesifieke doelstelling sal 'n beskrywing en verklaring van bepaalde aspekte van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans gegee word aan die hand van die kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel.

AFDELING B: TEORETIESE RAAMWERK

In hierdie afdeling word die teoretiese instrumente uiteengesit wat nodig is om 'n grammatikale konstruksie te beskryf. Om die kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel binne 'n breër paradigma te plaas, sal eerstens 'n beskrywing gegee word van die teoretiese en metodologiese vooronderstellings en uitgangspunte van die kognitiewe linguistiek wat relevant is vir hierdie model (**hoofstuk 2**). In die daaropvolgende twee hoofstukke sal enkele basisbegrippe (i.e. entiteite en domeine in **hoofstuk 3** en kognitiewe vermoëns in **hoofstuk 4**) wat nodig is vir die beskrywingsmodel bespreek word, ten einde die ontplooiing van die

gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel in die integreringshoofstuk van Afdeling B (hoofstuk 5) te ekspliseer.

AFDELING C: DIE REDUPLIKASIEKONSTRUKSIE IN AFRIKAANS

Afdeling C vorm die analitiese gedeelte van hierdie proefskrif, waar die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans beskryf en verklaar sal word. Dié konstruksie sal geanaliseer word in terme van die komposisie van reduplikasies (hoofstuk 6), die kategoriseringsnetwerk van die reduplikasiekonstruksie (hoofstuk 7) en die status van die konstruksie in Afrikaans (hoofstuk 8).

AFDELING D: SLOT

In die slothoofstuk (hoofstuk 9) sal 'n terugskouing gegee word op die doelstellings van die proefskrif en sal die waarde van hierdie studie krities en evaluerend oorweeg word. Daar sal ook 'n kort vooruitskouing gegee word vir moontlike verdere navorsing.

Die agterwerk van hierdie proefskrif bestaan uit drie dele, te wete 'n tweetalige woordelys (Afrikaans/Engels en Engels/Afrikaans), 'n bibliografie van werke waarna verwys word in hierdie studie en 'n eenvoudige indeks waar sleuteltermes opgeneem word.

Vervolgens gaan ons dus oor na Afdeling B, waar die kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel omskryf en uiteengesit sal word. Ek fokus eers op die teoretiese en metodologiese vooronderstellings, alvorens die detail van die beskrywingsmodel geëkspliseer word.

Afdeling B: Teoretiese raamwerk

RR

TEORETIESE EN METODOLOGIESE VOORONDERSTELLINGS

2.1 INLEIDING

Enige wetenskaplike navorsing vereis dat die teoretiese en metodologiese vooronderstellings van die raamwerk deeglik ondersoek moet word. Nie net dra dit by tot deeglike teoretiese fundering nie, maar aannames kan duidelik geïdentifiseer en geëvalueer word. Hoewel vele studies al 'n beskrywing gegee het van die vooronderstellings en teoreties-filosofiese basis van die kognitiewe linguïstiek (vergelyk Dirven, 1996; Gärdenfors, 1998; Geeraerts 1993, 1995, 1999; Johnson, 1987, 1992; Lakoff, 1987, 1988, 1990; Lakoff & Johnson, 1980, 1999; Langacker, 1987a, 1988a, 1988b, 1990a, 1995b, 1997a, 1997b, 1999c, Talmy, 1995 – om maar enkele voorbeelde te noem), is geen eksplisering daarvan nog in Afrikaans gegee nie. Die een doel van hierdie hoofstuk is dus om spesifiek 'n bydrae te lewer tot die Afrikaanse taalkunde, deur die teoretiese vooronderstellings van die kognitiewe linguïstiek wat noodsaaklik is vir die beskrywing en verklaring van taalfenomene te ekspliseer in Afrikaans.

'n Ander doel met hierdie hoofstuk is om die spesifieke **teoretiese en metodologiese vooronderstellings en uitgangspunte** van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel op te som en te konsolideer. Soos blyk uit die bronverwysings na Langacker hierbo het hy heelwat gedoen om die uitgangspunte en vooronderstellings van spesifiek die kognitiewe grammatika (die spesifieke deelteoretiese raamwerk van hierdie beskrywingsmodel) te beskryf. Hoewel die uitgangspunte van die kognitiewe grammatika oor die jare in beginsel konstant gebly het, is bepaalde resente verfynings uiteraard aangebring, en sou 'n mens dit hier wou verreken (ook ter wille van die voortgang van die argumentasielyn). Ook sal ek probeer om die vooronderstellings wat in 'n verskeidenheid van bronne met verskillende invalshoeke gepubliseer is, hier te konsolideer.

2.2 TEORETIESE VOORONDERSTELLINGS

Hoewel die kognitiewe linguistiek se ontstaan terug te lei is na die laat jare sewentig en 'n aantal studies binne hierdie paradigma gedurende die jare tagtig gedoen is, is die eerste *International Cognitive Linguistics Association*-kongres eers in 1989 aangebied en verskyn die eerste uitgawe van die tydskrif *Cognitive Linguistics* eers in 1990. Myns insiens was veral drie publikasie in die laat tagtigerjare verantwoordelik vir die opbloeï van 'n kognitiewe benadering, te wete Lakoff se *Women, Fire, and Dangerous Things* (1987), Langacker se *Foundations of Cognitive Grammar: Volume I* (1987a) en die bundel *Topics in Cognitive Linguistics* wat deur Rudzka-Ostyn (1988) saamgestel is. Hiermee word ander seminale werke (byvoorbeeld Fauconnier, 1985; Johnson, 1987; Lakoff & Turner, 1989; Taylor, 1989) nie as onbelangrik afgemaak nie, maar myns insiens vorm bogenoemde drie werke die basis vir die ontplooiing van die kognitiewe "program", aangesien 'n mens juis in hierdie drie werke die filosofiese, teoretiese en metodologiese uitgangspunte van die kognitiewe linguistiek duidelik kan terugvind.

Benewens 'n groot aantal artikels en hoofstukke in boeke waarin die vooronderstellings van die kognitiewe linguistiek bespreek word (vergelyk 2.1), verskyn ook resensies Janssen & Redeker (1999) se *Cognitive Linguistics: Foundations, Scope and Methodology*, waarin 'n aantal leidende taalkundiges die kognitiewe linguistiek herevalueer en die pad vorentoe uitspel. Ook word 'n aantal inleidende bronne gepubliseer wat gerig is op studente, waarin die uitgangspunte van die kognitiewe linguistiek geëkspliseer word (vergelyk Dirven & Verspoor, 1998; Ungerer & Schmidt, 1996).

Die doel is nie om hier 'n gedetailleerde, kritiese analise van die uitgangspunte van die kognitiewe linguistiek te gee nie, maar eerder om 'n kort opsomming van die belangrikste teoretiese en metodologiese uitgangspunte wat nodig is vir die ontplooiing van hierdie navorsing aan te bied.

2.2.1 Taal is integraal deel van menslike kognisie

'n Algemene strategie van kognitiewe en funksionele linguistiek is om taalstruktuur sover moontlik af te lei van meer algemene psigologiese vermoëns (soos byvoorbeeld persepsie, geheue en kategorisering) (Geeraerts, 1995: 111-112). Aangebore

taalspesifieke strukture word as 'n laaste uitweg gepostuleer, aangesien enige sodanige strukture sal bestaan uit gespesialiseerde aanpassings van meer algemene vermoëns (Langacker, 1999a: 92). Voortspruitend hieruit volg die siening dat die enigste taaluniversalia wat geïdentifiseer kan word fenomene is wat direk af te lei is uit algemene, universele kognitiewe vermoëns - 'n standpunt wat steeds binne die kognitiewe linguistiek polemies is, en waarvan die antwoord buite die bestek van hierdie proefskrif val.

Die volgende kognitiewe vermoëns staan sentraal binne die kognitiewe grammatika (Langacker, 1995c):

- ❖ Die vorming van gestruktureerde konseptualiserings;
- ❖ Die produksie en persepsie van fonologiese reekse;
- ❖ Die daarstelling van simboliese assosiasies tussen konseptuele en fonologiese strukture;
- ❖ Die gebruik van een struktuur as basis vir die kategorisering van ander strukture;
- ❖ Die beskouing van 'n situasie op verskillende vlakke van abstrahering (skematisering);
- ❖ Die identifisering van ooreenkomste en verskille tussen verskillende strukture;
- ❖ Die daarstelling van ooreenkomste tussen fasette van verskillende strukture;
- ❖ Die kombinering van eenvoudige strukture in meer komplekse strukture;
- ❖ Die oplegging van 'n figurant/anker-organisering op 'n scène; en
- ❖ Die beskouing van 'n gegewe situasie op verskeie maniere (deur beelding).

Aangesien taal gesien word as deel van ons algemene kognitiewe vermoë, word daar ook sterk gesteun op die neurologiese basis van taal (vergelyk Lakoff, 1999). Soos wat betekenis in die neurale teorieë van taal as beliggaamd ("embodied") en dinamies beskou word, so word dit ook in die kognitiewe linguistiek beskou. Navorsers maak dan juis ook toenemend gebruik van die insigte uit die kognitiewe neurofisiologie om menslike taal en denke te simuleer met behulp van gestruktureerde konneksionistiese modelle (vergelyk onder andere Holmqvist, 1998 en Zlatev, 1998).

Hierdie uitgangspunt, naamlik dat taal integraal deel is van menslike kognisie, word ook vergestalt in die filosofiese situering van die kognitiewe linguistiek. Lakoff & Johnson (1980, 1999) het uitvoerig werk daarvan gemaak om 'n filosofiese paradigma te ontwikkel waarbinne die kognitiewe linguistiek gesetel word, naamlik die **eksperiënsialisme** ("experientialism"). Kortliks kom dit daarop neer dat ons taal en denke gesitueer is in ons liggaamlike ervarings in ons leëwêreld (met ander woorde dat taal nie suiwer aangebore is soos wat in die mentalistiese benaderings beweer word nie, maar ook nie suiwer aangeleer is soos wat behaviouristiese benaderings beweer nie). Onder kognitiewe linguiste is daar egter nog lank nie eenstemmigheid oor die detail van hierdie ervaringsgebaseerde uitgangspunt nie (vergelyk onder andere Sinha, 1999).

In hoofstuk 5 sal ek aantoon dat hierdie beskrywingsmodel gebaseer word op vyf basiese en maklik demonstreerbare kognitiewe vermoëns, naamlik simbolisering, komposisie, kategorisering, skematisering en verskansing.

2.2.2 Die mens gebruik taal as kategoriseringsmeganisme

As uitgangspunt word in hierdie beskrywingsmodel die aanname gemaak dat die mens, as rasionele wese, die natuurlike behoefte en vermoë het om sy/haar bestaan, wêreld en ervarings te begryp en beskryf (Wijdeveld, Jaanus & Van Hoom, 1990: 31). Sodanige begryp en beskryf geskied essensieel deur 'n kognitiewe proses van kategorisering - 'n standpunt wat beklemtoon word deur die belangrikheid wat kategorisering geniet binne die kognitiewe wetenskappe (vergelyk ook Lakoff, 1982: 143):

"Categorization is not a matter to be taken lightly. There is nothing more basic than categorization to our thought, perception, action, and speech." (Lakoff, 1987: 5)

Voortspruitend uit die vooronderstelling dat taal integraal deel is van menslike kognisie (vergelyk 2.2.1), word binne hierdie beskrywingsmodel van die metodologiese standpunt uitgegaan dat taal as bron kan dien vir die verstaan van die

menslike kategoriseringsisteem (Kövecses, 1986: 3; Lakoff, 1982: 142; Lakoff, 1987: 58). Swanepoel & Schreuder (1991: 11) stel dit soos volg:

“...taal...(kan) as bron dien om die inhoud en struktuur van die konsepte te ondersoek wat ons kennisdomeine konstitueer.” (Swanepoel & Schreuder, 1991: 11)

In plaas daarvan om taalstrukture te beskou as outonome strukture, word dit eerder bestudeer as refleksies van algemene konseptuele organisering, algemene kategoriseringsbeginsels, prosesseringsmeganismes en ervarings- en omgewingsinvloede (Geeraerts, 1995: 111). Dit beteken ook dat, in terme van die kognitiewe verbintenis van die kognitiewe linguistiek (vergelyk Lakoff, 1990: 40), die analisering van die konseptuele basis van taalkundige kategorieë van primêre belang is. In hoofstuk 4 (vergelyk 4.3) sal ’n meer gedetailleerde beskrywing gegee word van die beskouing met betrekking tot kategorisering wat binne hierdie beskrywingsmodel gevolg word.

2.2.3 Die Grammatika is inherent betekenisvol

In teenstelling met generatiewe benaderings word hier van die standpunt uitgegaan dat die grammatika inherent betekenisvol is. Waar daar in die generatiewe benaderings ’n duidelike onderskeid getref word tussen byvoorbeeld die sintaksis en die leksikon (vergelyk byvoorbeeld Chomsky, 1970), word hier veronderstel dat verskillende organiseringsvlakke van taal ’n kontinuum vorm, met verskillende vlakke van betekenisvolheid. Enige vorm van konstruering het dus konseptuele invoer tot gevolg, en word beskou as betekenisvol.

Die implikasie van hierdie uitgangspunt hou onder andere in dat grammatikale konstruksies (soos byvoorbeeld die reduplikasiekonstruksie, dubbele negatief-konstruksie, vraagsinkonstruksies, ensovoorts) opsig self ook betekenisdraend is, en dat betekenis dus nie bloot ’n resultaat is van die leksikale items wat die gleuwe in sodanige konstruksies vul nie. In teenstelling met byvoorbeeld die beskrywing van Botha (1988) van reduplikasies in Afrikaans, het ons binne hierdie beskrywingsmodel nie nodig om sowel vormingsreëls as konseptualiseringsreëls te formuleer nie, aangesien die vorming (komposisie) van ’n bepaalde konstruksie juis ook

betekenisvol is. Die noodsaaklikheid om dus van allerlei “eksotiese teoretiese hulpmiddele” (Botha, 1988: 5) gebruik te maak om ’n bepaalde konstruksie te verklaar, taan dus, aangesien die vorming van sodanige konstruksie as inherent betekenisvol beskou word (vergelyk Langacker, 1987a: 53 se bespreking van die **inhoudsvereiste**, oftewel “content requirement” van hierdie beskrywingsmodel).

Voortspruitend hieruit definieer Langacker (1987a: 57) die grammatika as **die gestruktureerde inventaris van konvensionele linguistiese eenhede**. Binne hierdie beskrywingsmodel word ’n linguistiese eenheid beskou as ’n simboliese eenheid, dit wil sê ’n bipolêre eenheid met ’n semantiese en fonologiese pool wat in ’n bepaalde verhouding tot mekaar staan. Sodanige eenhede is gekonvensionaliseer tot daardie mate dat dit weinig kognitiewe inspanning verg om die eenheid te gebruik of te aktiveer.

Maar wat presies word bedoel met ’n “semantiese pool” en ’n “fonologiese pool”? Langacker (1999c: 14) stel dit duidelik dat, volgens hom, taal ’n semiologiese funksie vervul:


“...language serves the semiological function of allowing conceptualizations to be symbolized by means of sounds and gestures...” (Langacker, 1999c: 14)

As uitvloeisel van hierdie uitgangspunt, word gesê dat elke linguistiese eenheid (wat hierdie semiologiese funksie vervul) dus bestaan uit ’n fonologiese sekvensie wat **simbolies** geskakel is aan bepaalde konseptuele inhoud. Die beskrywing van sodanige taalkundige eenheid bestaan nie net uit die beskrywing van of die semantiese of die fonologiese pool nie, maar juis uit ’n beskrywing waarin beide hierdie pole en die wyse waarop hierdie pole aan mekaar verbonde is, aan die orde kom.

In hierdie beskrywingsmodel word die inhoud op die semantiese pool weergegee in hoofletters (i.e. [KAT] verwys na die konsep KAT), terwyl inhoud op die fonologiese pool in fonetiese tekens weergegee word (i.e. [kat] verwys na die klank-/letterreeks³ *kat*). Sodra hierdie twee dele (die semantiese en die fonologiese dele) met mekaar in

³ **Fonologies** beteken hier nie net “klanklike” nie, maar sluit alle fisiese realiserings van die konsep in – dus sowel gespoke taal (klanke) as geskrewe taal (letters). Daarom ook dat Langacker meestal in sy beskrywings die fonologiese pool met gewone lackas ortografiese tekens aandui, en nie noodwendig van fonologiese tekens gebruik maak nie. Ek gebruik egter deurgaans fonologiese tekens.

verband gebring word (byvoorbeeld in [KAT/kat] waar die letterreeks *kat* die konsep KAT oproep), kan ons sê dat daar sprake is van 'n simboliese eenheid. Diagrammaties kan hierdie verhouding dus soos volg voorgestel word:



Figuur 1: Diagrammatiese voorstelling van [KAT/kat]

Die visuele voorstellings wat binne hierdie beskrywingsmodel gebruik word, is kwasi-pikturale diagramme met 'n suiwer heuristiese funksie. Soos wat die bioloog sketse maak van 'n sel om die relatiewe posisie van die selwand, nukleus, die mitochondria, ens. aan te dui, so dien hierdie diagramme as 'n skets van die verhoudings tussen entiteite binne 'n bepaalde domein (Langacker, 1987a: 184n1). Dit is met ander woorde nie formele representasies van die werklikheid nie, maar is as wetenskaplike hulpmiddels slegs mnemoniese "afkortings" van multifasettige konseptualiserings (Langacker, 1998: 15).

2.2.4 Die belangrikheid van taalgebruiksdata

Hierdie beskrywingsmodel roem daarop om 'n **gebruiksgebaseerde** ("usage-based") model te wees. Kortliks kom dit daarop neer dat die taalsisteem gebaseer is op **gebruiksepisodes** ("usage events"). Langacker (1999a: 99) definieer 'n gebruiksepisode as:

"...the pairing of a vocalization, in all its specificity, with a conceptualization representing its full contextual understanding." (Langacker, 1999a: 99)

’n Gebruiksepisode is dus ’n uiting wat in volle fonetiese en konseptuele detail gekarakteriseer word, soos wat ’n taalgebruiker in staat sou wees om die uiting te gebruik (hetsy in taalpersepsie of in taalproduksie). In beginsel kom dit daarop neer dat die taalkundige in sy/haar navorsing gebruik moet maak van werklike taalgebruiksdata (anders byvoorbeeld as in die generatiewe benaderings, waar die taalkundige alleen op sy/haar intuïsie hoef staat te maak. Dit impliseer uiteraard nie dat die taalkundige wat binne hierdie raamwerk werk nie van sy/haar intuïsie gebruik mag maak nie). In die praktyk is sodanige benadering egter soms problematies: aan die een kant beskik alle tale (soos byvoorbeeld Afrikaans) nie oor ’n omvattende gerekenariseerde korpus nie, wat die toegang tot sistematiese data dikwels bemoeilik en die navorsingsprogram aansienlik kan vertraag. Aan die ander kant kan die informele insameling van data lei tot vrae rondom die wetenskaplikheid van die studie.

’n Mens sou dus waarskynlik poog om ’n benadering te volg wat so sterk moontlik gerig is op werklike taalgebruiksdata, maar waar die kennis en intuïsie van die taalkundige (as taalgebruiker van die onderhawige taal) gebruik mag word om die navorsingsprogram op koers te hou. Anders as wat Botha (1988: 6) suggereer, kan ons egter nie toelaat dat die gebruik van “intuïtiewe taaldata” die “werklike taaldata” oorskadu nie: ons moet steeds poog om reële, en liefste ook groot hoeveelhede data met ons beskrywings te dek. Sodoende kom nie net prototipiese gebruiksepisodes aan die orde nie, maar juis ook die periferiese gevalle (wat dikwels die interessanter gevalle is wat ’n groter uitdaging aan die taalkundige bied). Dit is egter nie “foutief” as die taalkundige eie data gebruik om ’n bepaalde teoretiese punt te illustreer nie.

Anders as in die generatiewe tradisie waar die taalkundige se teorie dikwels die aard van die data bepaal (vergelyk Botha, 1988: 6-7), is die benadering wat hier gevolg word ’n meer induktiewe benadering. Synde gebruiksgesbaseerd, moet die data die taalkundige lei in die formulering van ’n teorie, en moet die teorie telkens aangepas word soos wat nuwe data gevind word.

2.3 METODOLOGIESE VOORONDERSTELLINGS

In die bespreking hierbo is enkele metodologiese vooronderstellings al indirek aangesny (soos byvoorbeeld die kwessie met betrekking tot taaldata). Benewens algemene metodologiese beginsels (soos feitlikheid, ekonomie, eksplisietheid, algemeenheid en voorspelbaarheid – vergelyk Langacker, 1987a) wat vir enige wetenskaplike ondersoek geld, is daar drie spesifieke punte ten opsigte waarvan die kognitiewe benadering verskil van die generatiewe tradisie. Vervolgens fokus ek spesifiek op hierdie drie metodologiese vooronderstellings van hierdie beskrywingsmodel, ten einde te illustreer hoe dit van die generatiewe tradisie verskil.

2.3.1 Maksimalisties

Die uitgangspunt in die kognitiewe linguistiek is dat, om 'n vloeiende spreker van 'n taal te word, daar aansienlike leer moet plaasvind. Dusdanig word die linguistiese sisteem gesien as 'n enorme, hoogs redundante inventaris van konvensionele eenhede. Hierdie inventaris dek die hele spektrum: vanaf volledige veralgemenings tot absolute idiosinkrasie. Hoewel daar gestreef word na veralgemenings (in die vorm van skematiese eenhede), word die belangrikheid van spesifieke instansiëerings en laevlaksubskemas telkens beklemtoon (vergelyk Langacker, 1991b: 264). Dit impliseer dus dat 'n taalkundige beskrywing uitgebreid en omvattend behoort te wees, wat weer 'n refleksie is van die psigologiese kompleksiteit van taal (Langacker, 1999a: 91-92).

Die maksimalistiese uitgangspunt hou ook in dat 'n groot hoeveelheid data gedek word in die taalkundige beskrywing – prototipiese data, sowel as data op die periferie (met ander woord uitsonderings). Hierdie uitgangspunt staan reëlreg teen die uitgangspunt van Botha (1988), wat glo dat indiepte-insig belangriker is as om 'n breë spektrum van data te dek. Aangesien alle gebruiksepisodes egter 'n refleksie is van taalgebruik, kan ons net soveel uit die periferiese gevalle leer as uit die prototipiese gevalle. Daarom is dit belangrik om 'n beskrywing te gee wat alle gebruik gevalle kan verreken.

2.3.2 Nie-beperkend

Binne die generatiewe tradisie word van die standpunt uitgegaan dat algemene, universele reëls gepostuleer moet word, waarmee alle moontlike instansiërings (met ander woorde uitdrukkings) ondervang kan word. Ter wille van ekonomie word sodanige spesifieke instansiërings dus nie in die grammatika gelys nie, aangesien dit afleibaar is uit die reëls. Langacker (1987a: 29) verwys na hierdie beginsel van die generatiewe tradisie as die **reël/lys-denkfout** ("rule/list-fallacy"), met ander woorde die metodologiese beginsel dat, ter wille van eenvoud, spesifieke stellings (**lyste**) uit die grammatika geweier word indien algemene stellings (**reëls**) gevorm kan word wat die spesifieke stellings genereer deur komputasie (Langacker, 1991b: 262). Op grond van die strewe na psigologies reële beskrywings, kan hierdie beginsel van die generatiewe tradisie nie aanvaar word nie.

As alternatief word gestel dat daar in die grammatika wel ruimte is vir sowel reëls (oftewel **konstruksieskemas**) as instansiëringsuitdrukkings (Langacker, 1999a: 92). Wyl alle veralgemenings ondervang word in die vorm van konstruksieskemas, word spesifieke uitdrukkings wat as **ingeoefende eenhede** ("well-rehearsed units") gevestig is, ter wille van psigologiese akkuraatheid, ook opgeneem in die beskrywing. Dusdanig is hierdie gebruiksgebaseerde model nie-beperkend, aangesien 'n beskrywing van die grammatika sowel konstruksieskemas as spesifieke uitdrukkings toelaat.

So byvoorbeeld sal, wanneer 'n netwerk van betekenismoontlikhede van 'n bepaalde konstruksie opgestel word, nie net die algemene skematiese betekenismodes in die netwerk opgeneem word nie, maar ook spesifieke, ingeefde eenhede. Dusdanig word 'n algemene, nie-beperkende beeld van die semantiese pool van daardie spesifieke konstruksie geskets.

2.3.3 "Bottom-up"

Die generatiewe tradisie se strewe na die postulering van algemene reëls en universele beginsels in die beskrywing van die grammatika, kan gekarakteriseer word as 'n "top-down"-benadering. In hierdie kognitiewe gebruiksgebaseerde model word egter eerder 'n "bottom-up"-benadering voorgestel. In stede daarvan om alleen maar

besorg te wees oor die postulering van algemene reëls en beginsels (vergelyk Botha, 1988), moet daar ook aansienlike aandag geskenk word aan die volle spektrum van konvensionele instansiërings van die algemener skemas – insluitende laevlaksuskemas en idiosinkrasieë in die taal (soos byvoorbeeld uitdrukkings wat weinig in die taal voorkom).

Die klem in 'n “bottom-up”-benadering val op die skematiseringproses, met ander woorde die proses waardeur skemas en subskemas gevorm word uit spesifieke uitdrukkings in werklike gebruiksepisodes. Volgens Langacker (1991b: 265) is laevlaksuskemas waarskynlik veel belangriker as abstrakte hoëvlaksuskemas, aangesien hoëvlaksuskemas slegs 'n organiserende funksie vervul, terwyl laevlaksuskemas waarskynlik die aktiewe skemas is tydens die vorming van ongekende uitdrukkings.

In die beskrywing van 'n bepaalde konstruksie moet die data dus die abstraherings bepaal, eerder as wat dit gerig word deur die teoretiese behoeftes van die taalkundige. Anders as wat Botha (1988: 6) dus doen (naamlik om “radikale abstraherings en idealiserings te maak”), moet ons hier abstraherings maak wat gebaseer is op inligting wat uit bepaalde gebruiksepisodes verkry word.

2.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het ek 'n bondige karakterisering van die teoretiese en metodologiese vooronderstellings van hierdie kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel gegee. Ek het aangetoon dat die beskrywingsmodel “kognitief” is in die sin dat taal beskou word as integraal deel van menslike kognisie, en dat taal as kategoriseringsmeganisme gebruik word. Dit is 'n “gebruiksgebaseerde” model in soverre daar 'n beskrywing gegee word van die taalsisteem wat voortspruit uit herhaalde taalgebruiksepisodes, sodat werklike taaldata die sentrale objek van beskrywing is. Op grond van die feit dat die grammatika as inherent betekenisvol en as simbolies beskou word, kan ons dus sê dat hierdie beskrywingsmodel daartoe in staat moet wees om 'n volledige beskrywing van die konseptuele invoer van grammatikale konstruksies te kan gee. Hierdie beskrywingsmodel kan op grond van die metodologiese uitgangspunte verder gekarakteriseer word as 'n maksimalistiese,

nie-beperkende, “bottom-up” beskrywingsmodel, waarmee grammatikale konstruksies van ’n bepaalde taal beskryf kan word.

In die bespreking hierbo het ek telkens gewys op die verskille tussen hierdie beskrywingsmodel en die model wat Botha (1988) gebruik om reduplikasies in Afrikaans te beskryf. Myns insiens kan hierdie verskille soos volg opgesom word:

Galileaanse metode	Kognitiewe metode
In-diepte studie van ’n beperkte terrein, eerder as groot hoeveelhede data	Groot hoeveelhede data moet gedek word
Radikale abstraherings en idealiserings	Skemas, subskemas en spesifieke instansiërings moet aandag geniet
Eenvormige teorie wat deduktief verwyderd is van die problematiese data	“Problematiese data” is net so belangrik soos onproblematiese data
Teorieë wat bedreig word deur onverklaarde of negatiewe data moet getolereer word	Onverklaarde of negatiewe data moet juis deur die teorie hanteer kan word

In die analyses van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans sal die praktiese implikasies van hierdie verskille duidelik blyk. Ek sal ook onder andere aantoon hoe probleemareas vir Botha (1988) juis te wyte is aan die beperkinge van sy beskrywingsraamwerk, en dat dit geensins problematies blyk te wees vanuit hierdie beskrywingsmodel nie.

In die volgende twee hoofstukke sal van die vooronderstellings wat in hierdie hoofstuk aan die bod gestel is verder uitgebrei word wanneer enkele basisbegrippe van hierdie beskrywingsmodel in groter detail bekendgestel word. Ek sal **spesifiek** fokus op die terme/konsepte **entiteite**, **domeine** en **kognitiewe vermoëns**.

BASISBEGRIPE: “ENTITEIT” EN “DOMEIN”

3.1 INLEIDING


In die lig van die perspektief dat die grammatika binne hierdie beskrywingsraamwerk gesien word as simbolies, beteken dit dat entiteite wat benoem word as byvoorbeeld naamwoorde of werkwoorde simboliese eenhede is, wat bestaan uit `n semantiese en fonologiese pool. Aangesien die semantiese pool die grammatikale kategorieliidmaatskap van entiteite bepaal, kan ons sê dat basiese grammatikale kategorieë soos **naamwoord**, **werkwoord**, **adjektief** en **adverbium** semanties definieerbaar is. `n Naamwoord byvoorbeeld is `n simboliese struktuur waarvan die semantiese pool die [AANSYN]-skema binne `n bepaalde domein instansieer, `n werkwoord die [PROSES]-skema en adjektiewe en adverbia die [ATEMPORELE VERHOUDING]-skema. Sodanige instansierings kan gesien word as van die belangrikste kognitiewe gebeurtenisse wat plaasvind tydens taalgebruik, naamlik dat `n entiteit binne `n bepaalde domein gekonseptualiseer word. Die twee konsepte **entiteit** en **domein** word dan ook beskou as twee van die belangrikste basisbegrippe binne hierdie gebruiksegebaseerde beskrywingsmodel.

In hierdie hoofstuk sal hierdie twee terme (**entiteit** en **domein**) omskryf word, ten einde `n duidelike beeld te kry van die proses van konseptualisering. Met betrekking tot entiteite (3.2) word drie basiese tipes entiteite onderskei, te wete **aansyne** (3.2.1), **prosesse** (3.2.2.1) en **atemporele verhoudings** (3.2.2.2). Elk van hierdie kategorieë sal in detail bespreek word, veral met betrekking tot grammatikale kategorieë. Ten opsigte van domeine (3.3) sal ek aandui dat ons kan onderskei tussen **basisdomeine** (3.3.2) en **abstrakte domeine** (3.3.3). Met die oog op die bespreking van reduplikasies word spesifiek ook aandag gegee aan **skemas** (3.3.3.1) en **konstruksieskemas** (3.3.3.2).

3.2 ENTITEITE

In lekerterme word entiteite gesien as dinge wat selfstandig bestaan; binne hierdie beskrywingsmodel moet die term **entiteit** egter so algemeen moontlik gebruik en verstaan word. Langacker (1987a: 489) definieer 'n entiteit naamlik as enigiets wat beskou kan word of na verwys kan word vir analitiese doeleindes, soos byvoorbeeld konkrete dinge, verhoudings, plekke, punte op 'n skaal, sensasies, interkonneksies, waardes, ensovoorts. Uit hierdie wye reeks voorbeelde van entiteite moet ons ook aflei dat entiteite nie noodwendig as onderskeibaar, afsonderlik herkenbaar of as kognitief markant beskou kan word nie. Die term **entiteit** word dus gebruik as 'n allesomvattende, generiese benoemer wat hoogs skematies en abstrak is.


Langacker (1987a: 249) argumenteer dat daar basies twee instansiërings van **entiteit** onderskei kan word, te wete **aansyne**⁴ en **verhoudings**. Onder verhoudings identifiseer hy **temporele verhoudings** (oftewel **prosesse**) en **atemporele verhoudings** (wat verder verdeel word in **komplekse** en **simplekse atemporele verhoudings**). Hierdie dichotomie kan soos volg voorgestel word:



Figuur 2: Dichotomie van ENTITEIT

⁴ Die vertaling **aansyn** vir "thing" word hier verkies bo ander moontlikhede soos *ding*, veral vanweë die seksuele konnotasie van laasgenoemde. Ook word **aansyn** verkies, juis vanweë die vaagheid en abstraktheid van die betekenis van die woord in Afrikaans.

In die kwasipikturale diagramme word elk van hierdie elemente soos volg voorgestel:



Figuur 3: Voorstellings van verskillende entiteite

Vervolgens lig ek elkeen van hierdie tipes entiteite in meer detail toe, met spesifieke fokus op aspekte wat relevant is vir die analyses in Afdeling C. Vir 'n volledige bespreking verwys ek na Langacker (1987a: hoofstukke 5, 6 en 7).

3.2.1 Aansyne

Die eerste tipe entiteit wat Langacker (1987a) onderskei, is **aansyn** ("things"). Die term **aansyn** verwys na 'n kognitiewe episode waardeur 'n area in die een of ander domein van die konseptuele ruimte aangedui ("designate") word. Wanneer 'n simboliese struktuur (byvoorbeeld 'n woord of uitdrukking) se semantiese pool 'n aansyn aandui, word daardie simboliese struktuur gekategoriseer as 'n **naamwoordelike eenheid** ("nominal" - Langacker, 1987a: 491). Die fout moet dus nie gemaak word om te dink dat 'n aansyn noodwendig verwysing maak na 'n fisiese voorwerp nie: massanaamwoorde (byvoorbeeld *goud* en *sand*) en abstrakte naamwoorde (byvoorbeeld *liefde* en *hulp*) kan ook 'n aansyn op die semantiese pool aandui, soos ook enige naamwoordgroep (byvoorbeeld *die man* of *alle helder sterre*).

Wat op die semantiese pool aangedui word deur 'n aansyn, hang hoofsaaklik van twee aspekte af, te wete die **profiel** ("profile") en die **gebondenheid** ("boundedness") van die aansyn. Ek bespreek elk van hierdie aspekte vervolgens kursories.

3.2.1.1 Profiel

Die konseptualisering van enige entiteit (hetsy 'n aansyn of verhouding) geskied binne 'n bepaalde **beskoude situasie** ("conceived situation"), oftewel **scène** ("scene" – vergelyk die bespreking in 3.3.3.1 hieronder). Deur middel van taalkundige uitdrukkings kan 'n scène op verskillende maniere gekonstrueer word, afhangende van bepaalde parameters van fokusverskuiwing (soos selektering, perspektivering en abstrahering – vergelyk Langacker, 1987a: 117). Die volgende twee uitdrukkings verteenwoordig byvoorbeeld verskillende maniere om na dieselfde scène te verwys, hoewel verskillende aspekte van die scène telkens in fokus geplaas word:

- (27) *Suid-Afrika is suid van die ewenaar geleë*
(28) *Suid-Afrika is noord van die Suidpool geleë*

In beide voorbeelde is [SUID-AFRIKA] die entiteit wat aangedui word deur die predikasie. Binne hierdie beskrywingsmodel word na sodanige gedeelte in die scène verwys as die **profiel** ("profile"), i.e. [SUID-AFRIKA] is die maksimaal prominente substruktuur wat aangedui word deur die predikasie en wat gesien kan word as die **fokuspunt** ("focal point") van die scène. In voorbeeld (27) dien [EWENAAR] as die **predikaatskopus** ("scope of predication"), oftewel as die **basis** ("base") van die scène, i.e. daardie gedeeltes van 'n scène wat spesifiek in die scène ingesluit word om die konteks wat nodig is vir die karakterisering van die profiel aan te dui.

Langacker (1993: 330) onderskei twee "dimensies" van die predikaatskopus, te wete die **maksimale skopus** ("maximal scope") en **onmiddellike skopus** ("immediate scope"). Die maksimale skopus kan gekarakteriseer word as die volledige omvang van inhoud van die uitdrukking (met ander woorde ook die konteks wat nodig is vir die karakterisering van die profiel – Langacker, 1987a: 118). Die onmiddellike skopus bevat slegs daardie aspekte van die maksimale skopus wat direk figureer in die karakterisering van die geprofileerde entiteit (oftewel dus daardie deel wat die profiel bevat). Die verskil tussen die maksimale en onmiddellike skopus kan vergelyk word met 'n spesifieke kameraskoot uit 'n film: al sien jy byvoorbeeld net die gesig van 'n karakter (die onmiddellike skopus), weet jy uit die konteks (byvoorbeeld van 'n voorafgaande toneel, byklanke, ensovoorts) dat die karakter in 'n restaurant sit (die maksimale skopus).

Dit is ook belangrik om te besef dat die semantiese waarde van 'n uitdrukking nie gesoek moet word in òf die profiel òf die basis nie, maar juis in die identifisering en karakterisering van 'n spesifieke entiteit (die profiel) binne 'n groter konfigurasie (die basis - Langacker, 1987a: 183). In konneksionistiese terme sou ons kon sê dat die netwerk (die basis) ewe belangrik is as die spesifieke toegangsnode (die profiel), aangesien die toegangsnode slegs geaktiveer kan word binne die bepaalde netwerk.

Met betrekking tot aansyne kan ons sê dat die profiel van 'n aansyn altyd 'n **area** ("region") in een of ander domein van die konseptuele ruimte is. Langacker (1987a: 198) definieer 'n **area** as 'n stel entiteite wat onderling verbind ("interconnected") is, waarmee bedoel word dat die kognitiewe episodes van die entiteite se voorstelling ("conception") gekoördineer word as komponente van 'n hoërvlakepisode. Die profilering van hierdie onderling verbonde entiteite geskied egter nie afsonderlik nie, maar juis kollektief, i.e. die area as geheel (met ander woorde die volledige stel entiteite) funksioneer as die designatum en omvat een instansiëring van die [AANSYN]-kategorie. Afhangende van die gebondenheid van die area word dus bepaal watter tipe aansyn deur 'n naamwoordelike eenheid geprofileer word, en dus tot watter subkategorie daardie naamwoordelike eenheid behoort.

3.2.1.2 Gebondenheid

Om te verstaan waarom ons sê dat die subkategorielidmaatskap (waarvan soortnaamwoord en massanaamwoord die belangrikste is) van 'n naamwoordelike eenheid bepaal word deur die mate van gebondenheid van die area wat deur die aansyn geprofileer word, is dit belangrik om in gedagte te hou dat 'n area gedefinieer word as 'n stel aaneengeskakelde entiteite. Ons kan sê dat 'n area **gebonde** is wanneer daar 'n beperking is op die stel van deelnemende entiteite in 'n betrokke area (met ander woorde die stel entiteite kan nie onbeperk uitbrei nie). Sodanige beperking word volgens Langacker (1991b: 68) deur interne of eksterne kognitief-funksionele (eerder as strukturele) oorwegings bepaal (vergelyk ook Langacker, 1987a: 201). In konneksionistiese terme sou 'n mens kon sê dat die gebondenheid van 'n area verhoog as die **digtheid** ("density") van die onderlinge konneksies verhoog, en as die **kognitiewe afstand** tussen die entiteite verklein (Langacker,

1987a: 200). Die onderskeid tussen soortnaamwoorde en massanaamwoorde dien ter illustrasie.

Die woord *sigaret* kan as 'n simboliese struktuur [SIGARET/sigaret] beskou word wat op die semantiese pool 'n aansyn aandui. Dit impliseer dat 'n area binne 'n domein in die konseptuele ruimte aangedui word. Die primêre basisdomein (vergelyk 3.3.2 hieronder) van [SIGARET] is die ruimtedomein, aangesien fisiese voorwerpe/stowwe in terme van ruimte (eerder as tyd) gekonseptualiseer word (Langacker, 1987a: 203). Die ruimtedomein is nie alleen die instansiëeringsdomein nie, maar ook die kwantifiseringsdomein, aangesien dit die domein is waarbinne verskillende instansiërings van die kategorie kan voorkom en geïdentifiseer word (Langacker, 1991b: 69).

Bepaalde parameters in die kwaliteitdomein is uiteraard ook deel van die domeinmatriks van [SIGARET]: 'n sigaret bestaan byvoorbeeld uit verskillende dele (soos 'n filter, filterpapier, sigaretpapier en tabak), het bepaalde dimensies (prototipies ongeveer 85 mm lank en 8 mm in deursnee) en het bepaalde kleureienskappe (prototipies wit met 'n gelerige filter). Ten opsigte van die primêre basisdomein kan ons dus sê dat [SIGARET] kontinu is, maar dat die kwalitatiewe parameters nie noodwendig eenvormig hoef te wees nie, aangesien die verskillende onderdele na verskillende areas in die kwaliteitdomein verwys (die filter is gelerig, terwyl die omhulsel van die tabak wit is en die tabak bruin is). Nietemin is die kognitiewe afstand tussen die onderskeie entiteite sodanig klein en die onderlinge konneksies tussen die onderskeie entiteite sodanig dig dat [SIGARET] as 'n eenheid gekonseptualiseer word (met ander woorde nie as byvoorbeeld "tabak met 'n omhulsel en 'n filter" nie). Ons kan dus konkludeer dat [SIGARET] 'n gebonde area binne die ruimtedomein profileer.

Die simboliese struktuur [TABAK/tabak], daarenteen, dui op die semantiese pool 'n ongebonde area in die ruimtedomein aan. Waar [SIGARET] nie eenvormig is ten opsigte van die kwaliteitdomein nie, kan ons wel beweer dat [TABAK] 'n groot mate van kwalitatiewe eenvormigheid aandui: die vele instansiërings van [TABAK] verwys almal na dieselfde area in die kwaliteitdomein (ons kan dus sê dat dit kwalitatief homogeen is). Hoewel 'n homogene area dus deur [TABAK] aangedui word, beteken

dit nie dat die onderlinge konneksies tussen verskillende instansiërings (entiteite) noodwendig 'n hoë digtheid het nie: vergelyk byvoorbeeld die verskil in tekstuur tussen tabak wat vir sigarette gebruik word en tabak wat vir sigare gebruik word. Ook is die kognitiewe afstand tussen die verskillende instansiërings redelik groot: 'n tabakplant sal byvoorbeeld tipies die onderskeidende kenmerk [+lewend] hê, terwyl die tabak as konsumeerbare stof [-lewend] is. Die area wat dus deur [TABAK] geprofileer word, is homogeen maar ongebonde binne die ruimtedomein.

Opsommend kan ons dus 'n soortnaamwoord karakteriseer as 'n simboliese struktuur wat 'n gebonde area binne die predikaatskopus in die primêre domein aandui, terwyl 'n massanaamwoord 'n simboliese struktuur is wat nie spesifiek 'n gebonde area binne die predikaatskopus in die primêre domein aandui nie (Langacker, 1991b: 69).


Uit die bespreking van [TABAK] het dit alreeds geblyk dat gebondenheid lank nie die enigste faktor is wat bepaal of 'n bepaalde simboliese struktuur as 'n soortnaam of massanaam gekategoriseer moet word nie. Ook die **homogeniteit** ("homogeneity") van die area speel 'n belangrike rol: die geprofileerde area wat deur massanaamwoorde aangedui word, is gewoonlik veel meer homogeen as die areas waarna soortnaamwoorde verwys. Langacker (1991b: 70) verwys verder ook na **uitsetbaarheid** ("expansibility") en **repliseerbaarheid** ("replicability") as eienskappe wat gebruik kan word om te onderskei tussen soortnaamwoorde en massanaamwoorde. Die area wat deur soortnaamwoorde geprofileer word is nie uitsetbaar nie, maar wel repliseerbaar, terwyl die omgekeerde geld vir massanaamwoorde. Aangesien al vier hierdie faktore interafhanklik is en gesien kan word as verskillende manifesterings van dieselfde fundamentele kontras (Langacker, 1991b: 70), volstaan ek met die bespreking van **gebondenheid**. In die bespreking van prosesse hieronder (3.2.2.1.2) sal weer verwys word na die verhouding tussen gebondenheid en die ander drie faktore.

3.2.2 Verhoudings: klassifisering op grond van wyse van skandering

Langacker (1987a: 249) toon aan dat die kategorie **verhoudings** basies in twee hoofkategorieë verdeel kan word, te wete **atemporele verhoudings** en **prosesse**. Die onderskeid tussen hierdie twee kategorieë word hoofsaaklik gebaseer op die manier van kognitiewe prosessering waarop 'n komplekse scène gestruktureer word, naamlik die wyse van **skandering**. Twee basiese skanderingswyses word deur Langacker (1987a: 144-146) onderskei: in die geval van **opsommende skandering** verloop die prosessering van die konseptuele komponente in parallel, terwyl daar by **opvolgende skandering** meer sprake is van serieskakeling van die konseptuele komponente. Vergelyk die volgende twee voorbeelde, waaruit die verskil tussen die twee wyses van skandering duidelik blyk:


- (29) *Ons het jou heeltemal verloor* (FS – 47/3:1)
 (30) *Ons was heeltemal verlore* (FS – 47/3:1)

In voorbeeld (29) is daar sprake van opvolgende skandering, aangesien daar sprake is van die verandering vanaf een konfigurasie na 'n ander, oftewel 'n deurlopende reeks van sodanige veranderinge. Die scènes word gesien as dat dit op mekaar volg, wat daartoe lei dat die verandering waarneembaar geprofileer word. Vergelyk Figuur 4, waar die verskillende fases van VERLOOR as 'n opeenvolgende aantal scènes uitgebeeld word. Let ook op die ooreenkomsslyne tussen die verskillende elemente in elke scène, waardeur die ontwikkelende scène as 'n koherente geheel beskou kan word. Die ingekleurde gedeelte stel die sogenaamde **soekdomein** ("search domain" – Langacker, 1983b: 334 e.v.) voor.



Figuur 4: Opvolgende skandering – [VERLOOR]

In teenstelling met opvolgende skandering, is daar in voorbeeld (30) sprake van opsommende skandering: die konfigurasie word in parallel ontvou, en alleen deur die gelyktydige aktivering van die geskandeerde episodes word dit as 'n koherente geheel gekonseptualiseer. Vergelyk Figuur 5, waar VERLORE voorgestel word as 'n komplekse atemporele verhouding wat tot stand kom deur middel van opsommende skandering.



Figuur 5: Opsommende skandering – [VERLORE]

Die belangrikste verskil tussen opsommende en opvolgende skandering lê opgesluit in die verloop van sogenaamde prosesseringstyd ("processing time"), en nie beskoude tyd ("conceived time") nie (Langacker, 1991c: 295). In die geval van opvolgende skandering word 'n episode geaktiveer as 'n opeenvolging van 'n aantal "toestande" in die tyddomein, terwyl by opsommende skandering die totaliteit van die betrokke episodes onmiddellik beskikbaar is. Dusdanig word voorbeeld (31) as aanvaarde taalgebruik gemerk, terwyl voorbeeld (32) as onwaarskynlik gemerk word:


- (31) *Ons was besig om jou heeltemal te verloor*
 (32) * *Ons was besig om heeltemal verlore te wees*

Hieruit konkludeer ons dus dat die belangrikste onderskeid tussen prosesse en atemporele verhoudings gesetel is in die wyse van skandering: in die geval van prosesse is daar sprake van opvolgende skandering, terwyl atemporele verhoudings

gekonseptualiseer word deur opsommende skandering. In die lig hiervan kan ons voorspel dat werkwoorde prototipies prosesse profileer, terwyl byvoeglike naamwoorde en adverbiala eerder atemporele verhoudings profileer. Ek bespreek vervolgens elkeen van hierdie soorte verhoudings.

3.2.2.1 Prosesse


Teen die agtergrond hierbo kan ons sê dat 'n proses 'n verhouding is met 'n positiewe temporele profiel, met ander woorde 'n situasie word as 'n proses gekonseptualiseer indien daar sprake is van temporele ontwikkeling (Langacker, 1987a: 244). Dusdanig maak 'n geprofileerde tydlyn altyd deel uit van die konseptualisering van 'n proses, en word dit in die kwasipikturale diagramme met behulp van 'n pyl (T) aangedui. In Figuur 6, wat 'n voorstelling is van die prosesskema (Langacker, 1991b: 128), word met behulp van die kolletjies tussen hakies op die tydlyn aangedui dat die temporele profiel gebonde of ongebonde kan wees. Die trajektor (tr - vergelyk 3.2.2.2.1.1) van 'n proses is prototipies 'n aansyn, terwyl die landmerk (lm - vergelyk 3.2.2.2.1.1) een of ander entiteit is (dus hetsy 'n aansyn of 'n verhouding – aangedui deur 'n vierkant). Let ook op die ooreenkomslyne in die figuur, wat aandui dat die trajektor en landmerk deurgaans dieselfde entiteit profileer. Die aard van die verhouding tussen die trajektor en die landmerk (met ander woorde of die verhouding konstant bly, en of daar sprake is van verandering) word as ongespesifiseerd aangedui deur middel van 'n dik stippellyn.



Figuur 6: Prosesskema


Op grond van die wyse waarop die tydsbelewenis geprofileer word deur 'n bepaalde werkwoord, kan ons twee primêre soorte prosesse identifiseer, te wete **perfektiewe** en **imperfektiewe** prosesse. Hierdie onderskeid is gebaseer op die **aspektuele spesifisering** van die geprofileerde proses (dit wil sê 'perfektief' en 'imperfektief' is aspektuele kategorieë), en hang van twee faktore af, naamlik die aard van die verhouding tussen die trajektor en landmerk (met ander woorde of daar sprake is van verandering), en die wyse van temporele gebondenheid.

Volgens Langacker (1987a: 261) profileer perfektiewe prosesse 'n verandering deur die loop van tyd (byvoorbeeld *Hy eet die koek op*), terwyl imperfektiewe prosesse 'n verhouding profileer wat konstant/homogeen bly (byvoorbeeld *Hy hou van koek*). Ook is perfektiewe prosesse gebonde ten opsigte van die temporele profiel (byvoorbeeld *Hy eet elke middag om 15:00 koek*), en is imperfektiewe daarenteen ongebonde (vergelyk die pragmatiese onversoenbaarheid⁵ van **Hy hou elke middag om 15:00 van koek*). In die kwasipikturale diagramme (vergelyk Figuur 7 hieronder) dui die ooreenkomslýne tussen die verbindingslýne van die trajektor en landmerk op die feit dat die aard van die verhouding deurgaans dieselfde is (met ander woorde dat daar nie sprake van verandering is nie). Wanneer verandering wel deel uitmaak van die konseptualisering, word geen ooreenkomste aangedui met betrekking tot die verhoudings tussen die trajektor en landmerk nie, aangesien dit op verskillende momente van die scène van mekaar verskil. Gebondenheid word aangedui met 'n lyn met 'n definitiewe begin- en eindpunt, terwyl puntjies aan weerskante van 'n lyn dui op die ongebondeheid van die temporele profiel.



Figuur 7: Imperfektiewe proses

⁵ Die begrip pragmatiese versoenbaarheid is ontleen uit Boogaart (1999: 16), waar 'n interpretasie gesien word as pragmatics onversoenbaar met 'n uitdrukking indien dit nie deur ons kennis van die wêreld of deur die algemene samewerkingsbeginsels van taalgebruik ondersteun word nie.



Figuur 8: Perfektiewe proses

Dat die klassifisering van 'n proses op grond van bogenoemde kriteria nie so 'n maklike en eenvoudige taak is nie, blyk al gou wanneer 'n mens taaldata onder oë neem. Vergelyk die volgende voorbeeld:

(33) *Ons brandstof raak min* (FS – 33/1:1)

Dit is duidelik dat [RAAK/rak] in hierdie voorbeeld verandering profileer: die hoeveelheid brandstof verander van voldoende na onvoldoende, oftewel 'min'. Ten opsigte van die gebondenheid van die temporele profiel, blyk die analise egter nie so maklik te wees nie: waar is die beginpunt van [RAAK]? Raak brandstof min wanneer 'n bepaalde punt op 'n brandstofmeter bereik word, of raak dit min vanaf die oomblik wat die enjin begin draai, of juis die oomblik wat die enjin ophou draai? En waar is insgelyks die eindpunt van [RAAK]? Op 'n brandstofmeter word nie 'n punt "min" aangedui nie, en kan ons dus nie sê dat die brandstof min is as dit 'n bepaalde punt bereik het nie. Die vraag ontstaan nou of [RAAK] ten opsigte van die kriterium van verandering gekategoriseer moet word as 'n perfektiewe proses, of moet ons dit in terme van die gebondenheidskriterium eerder sien as 'n imperfektiewe proses? Om tot die uiteindelijke gevolgtrekking te kom dat dit wel 'n imperfektiewe proses profileer, moet 'n behoorlike karakterisering van die twee kriteria gegee word.

3.2.2.1.1 Die verhouding tussen trajektor en landmerk


Die primêre en mees fundamentele onderskeid tussen perfektiewe en imperfektiewe prosesse hou verband met die konsep VERANDER. Hierdie konsep moet duidelik nie in die algemene sin van die woord (met ander woorde as 'wysig' of 'anders word')

geïnterpreteer word nie, maar moet uiteraard as 'n tegniese konsep gesien word. Om VERANDER na behore te karakteriseer, is die onderskeid tussen **prosesseringstyd** en **beskoude tyd** van kardinale belang. Sonder om in te veel detail te verval, kan prosesseringstyd op eenvoudige wyse gesien word as die dimensie waarin 'n bepaalde konseptualiseringsaktiwiteit plaasvind, oftewel die tyd wat dit neem om 'n bepaalde konseptualisering te deurloop. Beskoude tyd, daarenteen, verwys na tyd as die objek van konseptualisering, oftewel soos ons tyd ervaar en uitbeeld, byvoorbeeld in terme van deiktiese verwysings.

Dit is belangrik dat ons VERANDER moet interpreteer in terme van prosesseringstyd en nie in terme van beskoude tyd nie. Word die handeling om jou oog te knip in terme van beskoude tyd beskryf, is daar nie sprake van verandering nie, aangesien die ooglid terugkeer na die oorspronklike posisie en niks dus as 't ware verander het nie (die oog en ooglid lyk met ander woorde presies dieselfde as voor die handeling). Beskou ons 'n oogknip egter in terme van prosesseringstyd, is daar duidelik sprake van verandering, aangesien die handeling van oogknip konseptueel in verskillende fases opgedeel kan word (byvoorbeeld half-toe en toe). Daar is dus, in terme van die prosesseringstyd, duidelik sprake van verandering.

'n Ander belangrike aspek van VERANDER is dat dit as 'n **aktiwiteit** gesien word, met ander woorde dat daar sprake is van energieverbruik of -oordrag. Eweneens moet hierdie konsepte nie in leketerme gesien word nie, maar as gespesialiseerde konsepte, en dan wel in terme van 'n krag-dinamiese aksieketting (Langacker, 1991a: 283 e.v.; Talmy, 1985). Dusdanig moet energieverbruik nie alleen gesien word as fisiese energieverbruik (soos byvoorbeeld as iemand draf en daardeur 'n aantal kilojoules verbruik) nie, maar ook moontlik as 'n analogie van energieverbruik (soos byvoorbeeld as 'n koor sing, waar dit nie die koor is wat energie verbruik nie, maar wel die individuele lede van die koor). Sodanige interpretasie van energieverbruik maak dit moontlik dat ook byvoorbeeld nie-lewende voorwerpe verandering kan profileer (vergelyk byvoorbeeld *Die vlag wapper in die wind*, waar die vlag geen energie verbruik nie, maar [WAPPER] tog 'n bepaalde mate van energie-oordrag – tussen die vlag en die lug – suggereer).

Om hierdie konseptualisering diagrammaties voor te stel, kan ons gebruik maak van meer gespesialiseerde diagramme. In Figuur 9 word as't ware ingezoom op die opeenvolgende verhoudings tussen die trajektor en die landmerk (vergelyk 3.2.2.2.1.1): as daar sprake is van verandering, word dit aangedui met behulp van 'n geboë lyn, terwyl 'n reguit lyn aandui dat die verhouding tussen die trajektor en landmerk gewoon konstant bly.



Figuur 9: Ingezoemde voorstelling van verhouding tussen trajektor en landmerk


Om hierdie twee definiërende faktore (te wete prosesseringstyd en aktiwiteit) van die konsep VERANDER in maklik bruikbare terme uit te druk, kan ons dit parafraseer as “X is besig om (Z) te Y”, waar X vervang word deur die argument, Y deur die predikaat en die opsionele (Z) deur moontlike predikaatuitbreidings. As ons dus kan sê “Die vlag is besig om in die wind te wapper”, en die interpretasie is pragmaties versoenbaar met die interpretasie van die oorspronklike uitdrukking, kan ons tot die gevolgtrekking kom dat daar sprake is van verandering, en dat [WAPPER] dus 'n perfektiewe proses profileer.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die interpretasie van die parafrase pragmaties versoenbaar moet wees met die interpretasie van die oorspronklike uitdrukking. Om byvoorbeeld 'n uitdrukking soos *My neus loop nou al die hele winter* te interpreteer as dat die persoon se neus besig is om te loop (in die letterlike sin van die woord dus), sou nie strook met die pragmatiese interpretasie van die uitdrukking nie. Ook lewer die parafrasing soms interpretasies op wat nie versoenbaar is met die oorspronklike illokutiewe intensies van die uitdrukking nie. Vergelyk byvoorbeeld:

- (34) *Sulke geboue ontsier die stad* (Botha, 1985: 63)
- (35) *Sulke geboue is besig om die stad te ontsier*

In (34) is die illokutiewe intensie duidelik informatief van aard: 'n stelling word gemaak oor 'n toestand in die stad. Daarenteen het (35) 'n element van 'n waarskuwing – indien daar nie iets aan die geboue gedoen word nie, sal dit daartoe lei dat die stad daardeur ontsier word. Hoewel die sin dus suksesvol geparafraseer kan word aan die hand van die parafraseringsformule, is dit dus nie pragmaties versoenbaar met die interpretasie van die oorspronklike uitdrukking nie, en kan ons gevolglik nie sê dat [ONTSIER] 'n perfektiewe proses profileer nie.

Ten slotte moet 'n opmerking gemaak word oor 'n spesifieke geval, te wete werkwoorde wat 'n proses profileer waar daar sprake is van toestandverandering. In werkwoorde soos *berken*, *berinner*, *onthou* en *aanvaar* word nóg aktiwiteit nóg toestande geprofileer, maar wel 'n **eenmalige verandering van toestand**. Aangesien werkwoorde soos hierdie nie bevredigend aan die parafrasering vir perfektiwiteit ("X is besig om (Z) te Y") voldoen nie, word dit gesien as dat dit imperfektiewe prosesse profileer. Wat hierdie spesifieke prosesse onderskei van prototipiese imperfektiewe prosesse (soos byvoorbeeld geprofileer deur *is* en *blyk*), lê opgesluit in die feit dat die toestand nie konstant bly nie, maar dat die toestand op 'n gegewe moment verander in 'n ander toestand, sonder dat daar aktiwiteit by betrokke is. Dusdanig word hierdie soort prosesse in die ingezoomde diagramme soos volg uitgebeeld:



Figuur 10: Toestandsverandering

3.2.2.1.2 Gebondenheid

Die tweede (ewe belangrike) kriterium wat aangelê word om te bepaal of 'n werkwoord 'n perfektiewe of imperfektiewe proses profileer, het te make met die gebondenheid van die temporele profiel. In die bespreking van aansyne hierbo (vergelyk 3.2.1) is gebondenheid ook as kriterium aangelê vir die onderskeid tussen byvoorbeeld soortname en massaname. Dieselfde konseptualisering van


gebondenheid kan ook hier op prosesse van toepassing gemaak word: in die analogie kan gestel word dat perfekte prosesse ooreenkom met soortname, deurdat beide 'n element van gebondenheid profileer, terwyl imperfekte prosesse en massaname beide as ongebonde gekonseptualiseer word (vergelyk ook Mourelatos, 1981).

Waar die gebondenheid van aansyne in 'n verskeidenheid domeine gerealiseer kan word, het die gebondenheid van prosesse altyd betrekking op die temporele domein. Aangesien die temporele domein een van die primêre basisdomeine is, word dit alleen gekalibreer deur ekstrasie koördinate (daar is met ander woorde geen intrinsieke spesifisering van die dimensies van die temporele domein nie - vergelyk Langacker, 1987a: 153. Ook 3.3.2 hieronder). Teen hierdie agtergrond kan die predikaatskopus gesien word as ekstrasie koördinate wat gebruik word om die temporele domein te kalibreer.

Met betrekking tot prosesse kan ons nou sê dat 'n bepaalde werkwoord 'n proses profileer, waarvan die temporele profiel in terme van 'n maksimale en onmiddellike skopus (vergelyk 3.2.1.2 hierbo) beskryf kan word. Vergelyk die volgende voorbeelde:


- (36) *Pieter sing al die hele oggend*
- (37) *Pieter sing 'n aria van Verdi*
- (38) *Pieter sing gewoonlik mooi*
- (39) *Pieter herken die aria*

In (36) word duidelik 'n perfekte proses geprofileer, aangesien ons kan sê "Pieter is besig om die hele oggend al te sing". Dit beteken egter nie dat Pieter noodwendig die hele oggend niks anders gedoen het as sing nie. Hy kon byvoorbeeld tussendeur ontbyt geëet het, of met iemand oor die telefoon gepraat het. Die proses wat dus deur *sing* geprofileer word, is duidelik gebonde in die maksimale skopus (met ander woorde vandat Pieter byvoorbeeld opgestaan het tot en met die spreekmoment), maar ongebonde in die onmiddellike skopus (die proses profileer nie 'n spesifieke begin en eindpunt van die aktiwiteit nie). In die volgende ingezoomde diagram word hierdie situasie uitgebeeld: die geboë lyn dui daarop dat 'n aktiwiteit geprofileer word, die gebroke lyn van die binneste sirkel dui aan dat die onmiddellike skopus (OS) ongebonde is, en die buitenste sirkel illustreer die gebondenheid van die maksimale skopus (MS).



Figuur 11: Perfektiewe proses - gebonde in maksimale skopus, ongebonde in onmiddellike skopus

Dat *sing* in (37) gebonde is in sowel die onmiddellike skopus as die maksimale skopus, spreek vanself: 'n aria het gewoonlik 'n spesifieke begin- en eindpunt wat dikteer dat die handeling ook 'n spesifieke begin- en eindpunt het. Langacker (1987a: 260) dui ook aan dat sodanige geprofileerde prosesse onderwerp kan word aan die volgende parafrase: "X Y weer en weer (Z)" (waar X, Y, en (Z) weereens met die argument, predikaat en opsionele predikaatuitbreidings vervang moet word). Dusdanig kan ons sê "Piet sing weer en weer 'n aria van Verdi", maar nie "*Piet sing weer en weer die hele oggend al" nie⁶. In Figuur 12 word hierdie toedrag van sake diagrammaties voorgestel.




Figuur 12: Perfektiewe proses - gebonde in maksimale skopus en onmiddellike skopus

Algemene imperfektiewe prosesse, soos geprofileer deur *sing* in (38), is ongebonde in sowel die onmiddellike skopus as maksimale skopus: die toestand begin en duur met ander woorde voort buite die skopus van die predikaat (ons kan byvoorbeeld nie sê wanneer Piet begin het om mooi te sing nie, en ook nie voorspel wanneer hy nie meer mooi gaan sing nie). In die ingezoomde diagram in Figuur 13 word beide


⁶ Let wel: in hierdie geval hoef die parafrase ook nie noodwendig pragmaties versoenbaar te wees met die oorspronklike uitdrukking nie, maar daar moet wel 'n moontlike konteks gekonstrueer kan word waarin die parafrase moontlik sou wees. Indien die parafrase pragmaties versoenbaar is met die uitdrukking, is daar sprake van *iteratiewe* aspektuele spesifisering.

skopusse dus aangedui as ongebonde. Langacker (1987a) gebruik ook kolletjies aan weerskante van die toestandlyn om aan te toon dat die toestand geen grense binne die predikaatskopus het nie.



Figuur 13: Imperfektiewe proses - ongebonde in maksimale skopus en onmiddellike skopus

In 3.2.2.1.1 hierbo is aangedui dat werkwoorde soos *herken* in (39) 'n imperfektiewe proses profileer, aangesien daar geen sprake is van aktiwiteit nie. Ek het ook aangetoon dat hierdie spesifieke imperfektiewe prosesse van ander imperfektiewe prosesse onderskei kan word op grond van die feit dat 'n eenmalige toestandsverandering geprofileer word. Die suggestie hier is dat sodanige prosesse gebonde is in die onmiddellike skopus, maar ongebonde in die maksimale skopus (die veranderde toestand duur naamlik voort). 'n Moontlike toets vir die verskil tussen hierdie twee soorte imperfektiewe prosesse sou kon wees om die uitdrukking te parafraseer met "Om 13:00 Y X (Z)" (waar X, Y, en (Z) weereens met die argument, predikaat en opsionele predikaatuitbreidings vervang moet word). Ons kan dus wel sê "Om 13:00 herken Piet 'n aria van Verdi", maar nie "*Om 13:00 sing Piet gewoonlik mooi" (tensy laasgenoemde uitdrukking dui op 'n gewoonte van Piet). Vergelyk Figuur 14, waar aangedui word dat sodanige prosesse gebonde is in die onmiddellike skopus, maar nie in die maksimale skopus nie.



Figuur 14: Toestandsverandering – gebonde in onmiddellike skopus en ongebonde in maksimale skopus

Uit hierdie analises blyk dit duidelik dat 'n bepaalde werkwoord nie inherent perfektief of imperfektief is nie (ons kan dus nie in 'n woordeboek aandui of 'n werkwoord 'n perfektiewe of imperfektiewe proses profileer nie). Wat deur die werkwoord geprofileer word, hang af van die gekonstrueerde scène: die gehele konteks van 'n uitdrukking moet dus in ag geneem word. Ook is dit belangrik om in gedagte te hou dat perfektiwiteit en imperfektiwiteit haas nie die enigste aspektuele kategorieë is nie (hoewel waarskynlik die belangrikste kategorieë). So byvoorbeeld noem Trask (1999: 23-24) naas **perfektiwiteit** en **imperfektiwiteit** ook nog **voortdurende**⁷ ("continuous"), **gewoontelike** ("habitual"), **iteratiewe** ("iterative"), **beginnende** ("inchoative"), **eindigende** ("conclusive") en **punktuale** ("punctual") aspek. Soortgelyke analises as hierbo sou dus ook vir elk van hierdie aspektuele kategorieë gedoen kon word, maar ek volstaan op hierdie stadium eers met die basiese kategorieë soos hierbo bespreek⁸.

3.2.2.2 Atemporele verhoudings

Aan die begin van 3.2.2 is uitvoerig aangetoon dat die onderskeid tussen prosesse en atemporele verhoudings berus op die wyse van skandering: in die geval van prosesse is daar sprake van opvolgende skandering, terwyl atemporele verhoudings gekonseptualiseer word deur opsommende skandering. Wanneer die interne organisering van atemporele verhoudings egter in detail beskou word, blyk dit al gou dat binne die kategorie atemporele verhoudings nog 'n fyner onderskeid getref kan word, naamlik tussen komplekse en simplekse atemporele verhoudings⁹. Die wyse waarop byvoorbeeld adjektiewe en adverbiala atemporele verhoudings profileer, hang

⁷ In hierdie voorgestelde raamwerk word die term **voortdurendheid** bo **duratiwiteit** verkies. Die motivering hiervoor spruit voort uit die werk van Bartsch (1986) en Verkuyl (1993), waar geargumenteer word dat alle prosesse 'n mate van duratiwiteit insluit, en wat dit dus nie leen tot 'n onderskeidende eienskap nie.

⁸ Of hierdie aspektuele kategorieë van kardinale belang is vir 'n taal soos Afrikaans (wat nie grammatikalisiese aspektuele aanduiding het nie), val te betwyfel. Aangesien dit egter nie die primêre fokus van hierdie studie is om dit vas te stel nie, word hipoteties aanvaar dat dit wel van belang is. Verdere navorsing kan moontlike lig hierop werp.

⁹ Die vertaling "simplekse" vir "simple" word hier verkies bo "eenvoudige", ten einde 'n sterk kontras te stel tussen simplekse en komplekse atemporele verhoudings. Bowendien is simplekse atemporele verhoudings alles behalwe "eenvoudig".

ook verder af van die trajektor/landmerk-organisering en domein van instansiëring (wat beide aspekte is van die interne organisering van atemporele verhoudings).

Vervolgens word 'n beskrywing gegee van die interne organisering van atemporele verhoudings, waarna kortliks gekyk sal word na die verskillende tipes atemporele verhoudings wat geprofileer word deur adjektiewe, adverbiala en setsels (as eksemplariese woordsoortkategorieë wat atemporele verhoudings profileer).

3.2.2.2.1 *Interne organisering*

Om 'n behoorlike beskrywing te kan gee van atemporele verhoudings, is dit belangrik om na die drie belangrikste aspekte van die interne organisering van sodanige verhoudings te kyk, te wete die trajektor/landmerk-asimmetrie, die aard van die verhoudingsprofiel en die instansiëringdomeine.

3.2.2.2.1.1 *Trajektor/landmerk-asimmetrie*

Die belangrikste aspek van enige verhouding is dat dit konseptueel afhanklik is, in die sin dat 'n mens nie 'n onderlinge konneksie ("interconnection") kan konseptualiseer sonder om ook die entiteite wat verbind word te konseptualiseer nie (Langacker, 1987a: 215). Hieruit spruit voort dat daar in enige verhouding altyd ten minste twee entiteite is wat met mekaar verbind word. 'n Verhoudingsprofiel bestaan dus uit twee entiteite en 'n onderlinge konneksie tussen hierdie twee entiteite.

Binne die kognitiewe grammatika word na hierdie twee entiteite/substrukture verwys as die **trajektor** ("trajector") en **landmerk** ("landmark"). Die trajektor (*t*) word gesien as die figurant ("figure") in die verhoudingsprofiel, terwyl alle ander markante entiteite in die verhoudingspredikaat beskou word as landmerke (*l_m*) (Langacker, 1987a: 217). Prototipies word die trajektor geassosieer met beweging of beweegbaarheid, terwyl landmerke gesien word as verwysingspunte om die trajektor te lokaliseer. Hiermee word ook gesuggereer dat die trajektor die substruktuur is wat spesiale status geniet in 'n verhouding, en kan ons dus praat van 'n **trajektor/landmerk-asimmetrie** (die verhouding is asimmetries in die sin dat die

trajektor uitstaan as die entiteit wat geassesseer word, en die assessering gevorm word in terme van die verhouding met die landmerk(e) - Langacker, 1987a: 231).

’n Belangrike aspek van hierdie asimmetriese verhouding is dat dit gesien word as ’n voorbeeld van ’n linguistiese instansiëring van die meer algemene proses van figurant/anker-opstelling (“figure/ground alignment”). In die verhoudingspredikaat word een van die geprofileerde entiteite geselekteer om op te tree as figurant, en word dit in verhouding gestel met ander verankeringslemente. Hierdie selekteringsproses is meestal nie absoluut voorspelbaar nie en berus tot ’n groot mate op konvensionele beeldinge (“imagery”) (Langacker, 1987a: 231-232).

’n Voorbeeld behoort hierdie konseptualisering van die asimmetriese verhouding tussen die trajektor en landmerk op te helder. Die volgende twee voorbeelde verteenwoordig opeenvolgende uitinge van Uys en Buys (hulle probeer hulle hoede opsit, maar dit blyk nie te pas nie):

(40) *E:n nou? Dis eienaardig!...My hoed het gekrimp.* (HRS - 10/2:3)

(41) *Σηλκς! By my is dit net die teenoorgestelde: dis asof my kop geswel het...* (HRS 10/2:3)

Hoewel die twee uitdrukkings een en dieselfde scène beskryf, word [HOED] in (40) geassesseer as die trajektor van [KRIMP] – die hoed is die bewegende entiteit in die scène, en verkry spesiale status deurdat dit eksplisiete fonologiese inhoud daaraan toegeken word. In (41) is [KOP] die trajektor van [SWEL] en verkry sodoende ook spesiale status bo die implisiete [HOED]-landmerk¹⁰. Op hierdie wyse word subtiële verskille van die beelding in die scène geëkspliseer.

Langacker (1987a: 219) merk op dat dit belangrik is om in gedagte te hou dat trajektors en landmerke interne strukture van die verhoudingspredikasie is, wat nie ’n vereiste verhouding het met ander uitdrukkings waarmee dit sintagmaties verbind nie. Dit beteken uitersaad nie dat die valensie-eienskappe en die trajektor/landmerk-organisering van die predikaatprofiel nie verbandhoudend is nie; intendeel, hierdie twee aspekte is logieserwys nou met mekaar verbonde. Wanneer ons egter besig is met die trajektor/landmerk-asimmetrie moet ons nie vergeet dat ons dan fokus op

¹⁰ In die talige uitdrukking word die landmerk(e) nie eksplisiet vermeld nie, maar dit word wel duidelik in die tekeninge in die boek uitgebeeld.

die interkonneksies tussen beskoude entiteite, en nie noodwendig hoe verskillende entiteite sintagmaties verbind nie. Dusdanig is die trajektor/landmerk-onderskeid veel meer algemeen en omvattender as die onderwerp/voorwerp-onderskeid (Langacker, 1987a: 232). Waar die terme **onderwerp** en **voorwerp** meestal gereserveer word vir eksplisiete naamwoordelike eenhede met spesifiseerbare rolle op die sinsvlak, verwys die trajektor/landmerk-opstelling na die interne struktuur van verhoudingspredikasies op enige organiseringsvlak. Ook hoef trajektors en landmerke nie noodwendig geëkspliseer (onbedekt) te wees nie, en is dit meestal relasioneel eerder as naamwoordelik (Langacker, 1987a: 232).


’n Karakterisering van atemporele verhoudings moet ten doel hê om ’n trajektor as die figurant in ’n verhoudingsprofiel te identifiseer. Aangesien die konsepte **trajektor** en **figurant** veel meer geneties is as byvoorbeeld **onderwerp**, **agent** of **kontroleerder**, kan ons dus daarin slaag om ’n karakterisering te gee wat van toepassing is op ’n verskeidenheid predikasies en wat veel meer kognitief realities is (aangesien die figurant/anker-opstelling deel is van menslike kognisie – Langacker, 1987a: 233). Sodanige karakterisering van die trajektor as die figurant help ons om ’n hele aantal fenomene beter te verstaan, soos byvoorbeeld die onderwerp/voorwerp-onderskeid (ook in passiewe sinne), statiewe verhoudings en die kern/bepaler-onderskeid (vergelyk Langacker, 1987a: 233-236).

3.2.2.2.1.2 *Aard van die verhoudingsprofiel*

Soos hierbo aangetoon, bestaan ’n atemporele verhouding altyd uit ten minste twee entiteite en ’n interkonneksie tussen hierdie twee entiteite. Afhangende of hierdie verhouding gereduseer kan word tot ’n enkele, vaste konfigurasie of nie, kan ons onderskei tussen simplekse en komplekse atemporele verhoudings.

In ’n simplekse atemporele verhouding word ’n enkele toestand geprofileer, en word daar dus ook na sodanige atemporele verhoudings verwys as **statiewe verhoudings** (“stative relations”). Adjektiewe (byvoorbeeld *Sy het ’n rooi/mooi/oulike mond*), adverbial (byvoorbeeld *Hy werk vinnig/goed/deeglik*), setsels (byvoorbeeld *Hy is in die war*) en konjunkte (byvoorbeeld *Sy het gepraat nog voor ek kon begin*) profileer prototipies sodanige statiewe verhoudings, aangesien verhouding nie spesifiseer hoe

lank 'n bepaalde situasie voortduur nie. Vergelyk byvoorbeeld 'n kleurterm soos *rooi* (as adjektief in *Sy het 'n rooi mond*), waar 'n bepaalde gedeelte (die trajektor) op die kleurspektrum (die figurant) geprofileer word. Ook spesifiseer [ROOI] nie of die toestand momenteel of langdurig is nie, maar gee slegs 'n aanduiding van 'n bepaalde toestand. Diagrammaties kan ons dit soos volg voorstel:




Figuur 15: [ROOI] as adjektief

Komplekse atemporele verhoudings, daarenteen, kan nie gereduseer word tot 'n enkele konfigurasie nie, maar profileer 'n reeks toestande. Die verskil tussen prosesse en komplekse atemporele verhoudings lê opgesluit in die wyse van skandering: by prosesse vind opvolgende skandering plaas, terwyl opsommende skandering by komplekse atemporele verhoudings aangetref word. Hiermee saam kan ons 'n verdere onderskeid tref, naamlik dat die temporele domein by prosesse primêr is, terwyl dit slegs ondersteunend is in die geval van komplekse atemporele verhoudings.

Hierdie onderskeid kan waarskynlik die beste aan die hand van voorbeelde geïllustreer word. Vergelyk die volgende voorbeelde:


- (42) *O gaats, daar **breek** ek die koppie (HAT³)*
- (43) *'n Beenspalk is 'n stywe, plat voorwerp om 'n **gebreekte** been te spalk (HAT³)*

Dat [BREEK/brek] in voorbeeld (42) 'n proses profileer, spreek vanself. Die temporele domein word duidelik as instansiëeringsdomein geprofileer, en kan ons dit diagrammaties soos volg voorstel:



Figuur 16: [BREEK]

In die geval van komplekse atemporele verhoudings beteken dit nie dat die temporele domein nie steeds die instansiëeringsdomein kan wees nie, maar dan wel as ondersteunende domein. In voorbeeld (43) profileer die byvoeglike naamwoord *gebreekte* 'n komplekse atemporele verhouding binne die temporele domein. In stede van opvolgende skandering (soos in die geval van [BREEK]), is daar hier eerder sprake van opsommende skandering: slegs die finale toestand van die proses word geprofileer. Vergelyk die volgende diagrammatiese voorstelling:



Figuur 17: [GEBREEKTE]

3.2.2.2.1.3 Instansiëeringsdomeine

Eerder in hierdie hoofstuk is aangetoon dat die ruimtedomein die primêre instansiëeringsdomein vir aansyne is, en die temporele domein vir prosesse. Met

betrekking tot atemporele verhoudings is dit egter nie altyd so maklik om die instansiëringsdomein te identifiseer nie (of ten minste om 'n kortlys van moontlike instansiëringsdomeine te maak nie). So byvoorbeeld is nie een van die twee primêre basisdomeine (die ruimtedomein of temporele domein) noodwendig aanwesig nie, maar kan 'n sekondêre basisdomein optree as instansiëringsdomein (vergelyk byvoorbeeld kleurterme soos [ROOI/roɪ] of aanduidings van temperatuur soos [WARM/varəm], wat deur 'n punt op 'n bepaalde skaal verteenwoordig kan word). Met betrekking tot die onderskeid tussen hierdie verskillende instansiëringsdomeine, merk Langacker (1987a: 153) dan ook op dat die onderskeid “ontwykend” is, en dat dit moeilik is om veralgemenings te maak (vergelyk ook Clausner & Croft, 1999).

Aangesien die doel van hierdie gedeelte nie is om die aard van die verskillende instansiëringsdomeine te ondersoek nie, maar om eerder aan te toon watter domeine as instansiëringsdomeine kan optree vir atemporele domeine, volstaan ek met 'n kort bespreking van die belangrikste instansiëringsdomeine vir atemporele verhoudings. Die volgende lys van domeine gee nie voor om volledig te wees nie, maar is eerder 'n poging om 'n aanduiding te gee van die soort domeine wat deel kan wees van die matriks van instansiëringsdomeine vir atemporele verhoudings.

Uiteraard kan die ruimtedomein optree as instansiëringsdomein vir atemporele verhoudings. Anders egter as by aansyne, waar konsepte in terme van die kwantitatiewe dimensie van die ruimtedomein uitgedruk word, word die **kwalitatiewe dimensie** van die ruimtedomein geaktiveer by atemporele verhoudings. In hierdie verband kan ons byvoorbeeld verwys na konsepte soos [LANK] versus [KORT], of [GROOT] versus [KLEIN], waar die konfigurasie nie uitgedruk word in terme van liniêre, eendimensionele, kwantifiseerbare waardes nie, maar eerder as multi-dimensionele waardes op 'n glyskaal. Binne die ruimtedomein (as 'n primêre basisdomein) kan ons dus twee subdomeine onderskei wat nonkonfiguratief is, te wete die kwaliteitdomein en die kwantiteitdomein. Die aanname word hier gemaak dat die kwaliteitdomein eerder as die kwantiteitdomein binne die ruimtedomein die instansiëringsdomein van atemporele verhoudings sal wees, juis vanweë die feit dat daar in 'n atemporele verhouding twee entiteite is wat in

verband met mekaar gestel word. Die juistheid van hierdie aanname sal later blyk uit die analyses van reduplikasies.

’n Ander subdomein wat binne die ruimtedomein onderskei kan word, is wat Langacker (1987a: 223) noem die **georiënteerde ruimtedomein** (“oriented space”). Setsels soos [IN] of [BO] word meestal binne hierdie domein geïnstansieer, aangesien die trajektor en landmerk se posisie ten opsigte van mekaar vasgestel word in terme van ’n relatiewe vertikale lyn en vaste horisontale lyn (byvoorbeeld die middelpunt van die aarde of die aardoppervlak).

Die ander instansiëringsdomeine spreek vanself en word hier slegs kursories bespreek. So byvoorbeeld dien die domeine wat met die menslike sintuie geassosieer word dikwels as instansiëringsdomeine vir atemporele verhoudings. Dink byvoorbeeld aan die **visuele domein** (met sowel eendimensionele as tweedimensionele dimensies, asook die kleurdomein as belangrike subdomein), die **ouditiewe domein** (waarvan die toonhoogtedomein die belangrikste subdomein is), die **taktiele domein** (soos byvoorbeeld die temperatuurdomein, drukdomein en pyndomein) en die **olfaktoriese domein** (wat nou saam hang met die smaakdomein). Dis egter nie net die sintuiglike wat as instansiëringsdomeine kan dien nie – vergelyk ook byvoorbeeld die **emotiewe domein** (vir konsepte soos [HARTSEER] en [JALOERS]) en die **kinestetiese gevoelsdomein** (vir konsepte soos [DRONK] of [DUISELIG]).

Hoewel hierdie lys nie voorgee om volledig te wees nie (vergeelyk byvoorbeeld onder andere Sweetser, 1990 en Fauconnier, 1997), is dit waarskynlik die mees prototipiese instansiëringsdomeine. Wat wel belangrik is, is dat ons moet weet om die juiste instansiëringsdomein vir ’n bepaalde konsep te identifiseer, aangesien dit ’n wesenlike invloed uitoefen op die uiteindelijke linguistiese realisering van ’n bepaalde konsep.

3.2.2.2.2 *Tipes atemporele verhoudings*


In sy bespreking van basiese konseptuele verhoudings, identifiseer Langacker (1987a: 225-231) vier tipes verhoudings wat tekenend is van alle konseptuele verhoudings, te wete **insluiting** (“inclusion”), **skeiding** (“separation”), **identiteit** (“identity”), en **assosiasie** (“association”).

Die insluitingsverhouding impliseer dat die kognitiewe gebeure wat betrokke is by die konseptualisering van A ingesluit word in die kognitiewe gebeure wat betrokke is by die konseptualisering van B (met ander woorde $[A \text{ IN } B]$). Die skeidingverhouding, daarenteen, word gekenmerk deur die afwesigheid van sodanige insluiting: die interkonneksie tussen A en B is nie essensieel vir die konseptualisering van B nie (met ander woorde $[A \text{ UIT } B]$). In die geval van die identiteitverhouding is daar sprake van wedersydse insluiting: wanneer sowel $[A \text{ IN } B]$ as $[B \text{ IN } A]$ waar is, kan ons sê dat $[A \text{ ID } B]$. Met betrekking tot die assosiasieverhouding kan ons sê dat wanneer een entiteit in die omgewing van 'n ander een gesitueer is, daar sprake is van assosiasie (met ander woorde $[A \text{ ASSOS } B]$ wanneer $[A \text{ UIT } B]$, $[A \text{ IN } C]$ en $[B \text{ IN } C]$, waar C die omgewing verteenwoordig).

Die belangrikheid van hierdie basiese konseptuele verhoudings is veral duidelik in ons algemene konseptualisering van verhoudings tussen twee entiteite. Hierdie verhoudings word op verskillende wyses vergestalt in verskillende tipes atemporele verhoudings. Vir die doel van hierdie proefskrif is dit belangrik dat ons kortliks na drie basiese tipes woordsoorte kyk waarin hierdie verhoudings gerealiseer kan word, te wete adjektiewe, adverbial en setsels.

3.2.2.2.1 Adjektiewe en adverbial

Langacker (1987a: 242) beskou adjektiewe en adverbiale uitdrukkings as die prototipiese (en waarskynlik mees onproblemitiese) uitdrukkings wat atemporele verhoudings profileer. Die onderskeid tussen adjektiewe en adverbial berus op die aard van die trajektor: in die geval van adjektiewe is die trajektor 'n aansyn, terwyl die trajektor van 'n adverbium 'n verhouding is. Die prototipiese, skematiese adjektief en adverbium kan dus diagrammaties soos volg voorgestel word:



Figuur 18: Skematiese voorstelling van adjektief en adverbium

As adjektiewe en adverbia as behorende tot dieselfde kategorie (i.e. atemporele verhoudings) beskou word, verklaar dit waarom 'n bepaalde woord as sowel adjektief as adverbium kan funksioneer. Vergelyk die volgende twee voorbeelde:

- (44) *Ja, om die waarheid te sê, ek het baie **sleg** geslaap* (SRR – 20/2:2)
 (45) *Ek het **slegte** nuus vir u* (SRR – 38/4:3)

Die adverbium *sleg* in voorbeeld (44) en die adjektief *slegte* in voorbeeld (45) word as semanties ekwivalent beskou, aangesien beide dieselfde konseptuele inhoud het (te wete 'n punt op 'n sensasieskaal, wat benede die norm van aangenaam is) en dieselfde interkonneksies profileer (naamlik 'n verhouding van insluiting tussen die profiel en die gyskaal). Die subtile semantiese verskil tussen die twee vorme lê opgesluit in die feit dat die trajektor van die adverbium 'n proses is, terwyl die trajektor van die adjektief 'n abstrakte area (met ander woorde 'n aansyn) op die gyskaal is. In beide gevalle tree die trajektor as uitbreidingsterrein op: in die geval van die adverbium moet dit verpligtend uitgebrei word deur 'n proses (met ander woorde deur 'n werkwoord – in voorbeeld (44) deur *geslaap*), en by die adjektief deur 'n aansyn (met ander woorde deur een of ander naamwoord – in voorbeeld (45) deur *nuus*).

Langacker (1991a: 43) merk tereg op dat die onderskeid tussen adjektiewe en adverbia nie altyd onproblematis is nie. Bostaande karakterisering van hierdie twee

woordsoortkategorieë bied egter aan ons genoegsame meganismes om later 'n karakterisering van reduplikasies te gee, en volstaan ek dus hiermee.

3.2.2.2.2 *Setsels*

Dat die karakterisering van setsels interessante stof vir die kognitiewe taalkundige bied, blyk uit die groot aantal studies wat al oor die onderwerp gedoen is (vergelyk onder andere Casad, 1988; Cuyckens, 1995; Ekberg, 1997; Huumo, 1996; Schulze, 1993; Serra-Borneto, 1997 en Taylor, 1988). Eweneens is die bedoeling hier nie om 'n volledige bespreking te gee nie, maar om eerder 'n kursoriese karakterisering aan te bied met die oog op die analyses van reduplikasies.

Langacker (1991a: 153-155) se beskouing van setsels kom basies daarop neer dat 'n setssel 'n atemporele verhouding profileer, waarvan die landmerk verpligtend uitgebrei word deur 'n naamwoordelike uitdrukking. As die uitbreidingsvorm sintagmatis volg op die setssel, kategoriseer ons die setssel as 'n voorsetssel, terwyl die omgekeerde waar is vir agtersetsels (waar die uitbreidingsvorm die setssel vooraf gaan). Dusdanig sluit die karakterisering van setsels nie net die interne eienskappe van die setsels in nie, maar juis ook van die groter grammatikale konteks.

Om te illustreer dat die verhoudings tussen verskillende woordklasse vaag is, verwys Langacker (1987a: 243) na die feit dat 'n setssel 'n adjektief is wanneer die trajektor 'n aansyn is (byvoorbeeld in 'n meisie *soos Susan*), of 'n adverbium is wanneer die trajektor 'n verhouding is (byvoorbeeld *se met 'n glimlag*). Volgens hierdie argument is dit dus 'n oorvereenvoudiging om adjektiewe, adverbia en setsels te beskou as aparte woordklasse wat teenoor mekaar staan.

3.3 DOMEINE

In die voorafgaande gedeeltes is die terme **skema** en **domein** telkens gebruik. Met betrekking tot die gebruik van hierdie en ander verbandhoudende terme bestaan daar in die kognitiewe linguistiek heelwat verwarring (Holmqvist, 1999: 154). Die redes hiervoor is waarskynlik tweërlei van aard.

In die eerste plek het die terminologiese veelvoudigheid te make met die interdisiplinêre en wydreikende aard van die kognitiewe linguistiek. So toon Rubba (1996: 240) byvoorbeeld dat Lakoff (1987) se **Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle** (GKM's – "Idealized Cognitive Models", oftewel "ICM's") voortspruit uit verskillende linguistiese en kunsmatige intelligensie-bronne (vergelyk ook Lakoff, 1987: 68; Taylor, 1989: 87). Terme soos **skripte** ("scripts"), **scenario's** ("scenarios") en **semantiese rame** ("frames") het almal wortels in die wêreld van kunsmatige intelligensie of rekenaarwese, terwyl die konsep **skema** selfs verder in die geskiedenis teruggelei kan word na 1787, soos dit deur Kant as filosofiese konsep gebruik is (Turner, 1991: 266n15).

In die tweede plek kan die meerduidigheid van die terme toegeskryf word aan die vaagheid van die kader, te wete mentale betekenis, waarbinne die terme gebruik word. Palmer (1996: 62) beweer dat dit alreeds moeilik is om tussen van die begrippe te onderskei, wat nog te sê om die onderskeidings vol te hou. Ook Taylor (1989: 87) voorsien dat "it is not at all clear that it is possible to make clean conceptual distinctions in this area". Simptomaties hiervan is byvoorbeeld dat Langacker (1987a: 150n4) daarop wys dat sy term "**abstract domain**" ongeveer ekwivalent is aan **GKM's**, **semantiese rame**, **scènes**, **skemas** en **skripte** (vergelyk ook Swanepoel, 1995: 85). Ook Lakoff & Turner (1989: 66-67) gee eksplisiet aan dat hulle die term "**cognitive model**" op verskeie maniere inspan, afhangende van watter aspek van 'n kognitiewe model hulle wil aanspreek.

Dieselfde geld ook die meeste kognitiewe linguïste, wat die terme gebruik en definieer na gelang van die spesifieke aspek wat hulle wil toelig. Rubba (1996: 240-241) onderskei byvoorbeeld drie kognitiewe modelle, te wete **GKM's**, **kulturele kaarte** ("cultural maps") en **skripte/scenario's**¹¹. Soos hierbo aangetoon, hanteer Langacker (1987a) **domeine** en **GKM's** as sinonieme, terwyl Saeed (1997: 38) weer beweer dat **GKM's** en **semantiese rame** ekwivalent is. Volgens Lakoff (1987: 68) stem **semantiese rame**, **skripte** en **skemas** weer tot 'n groot mate ooreen, en Fillmore (1975: 127) definieer **skemas** weer as **konseptuele raamwerke** (wat deur

¹¹ Die terme *skript* en *scenario* word meestal in die literatuur as sinonieme hanteer. Vergelyk Goddard (1998: 70), Lakoff (1987: 284), Lutz (1988) en Palmer (1996: 75-76, 171).

Hanks (1993) gebruik word om te verwys na die onmiddellike disoersituasie). Taylor (1989: 85) wys daarop dat Lakoff en Langacker die term **skema** verskillend gebruik, terwyl hyself (Taylor, 1989: 86) die term **domein** gebruik om te verwys na wat Lakoff (1987: 74) 'n **model** noem. In kort: dit is duidelik dat terme dikwels verskillend deur verskillende outeurs gebruik word.

Om al hierdie terme eenduidig te probeer omskryf, val buite die sentrale doelwitte van hierdie studie. Aangesien ons doel hier is om 'n beskrywingsmodel daar te stel waarmee 'n bepaalde grammatikale konstruksie (in hierdie geval die reduplikasiekonstruksie) beskryf kan word, sou dit alleen nodig wees om die term **konstruksieskemas** ("construction schemas") duidelik te definieer. Aangesien 'n konstruksieskema 'n bepaalde soort **skema** ("schema") is, moet ons ook duidelik maak wat met hierdie term bedoel word. Die terme sal gedefinieer word binne 'n breë beskouing van die konsep **kognitiewe raamwerke** ("mental models").

3.3.1 Kognitiewe raamwerke

Die term **kognitiewe raamwerk** word binne hierdie voorgestelde beskrywingsraamwerk gereserveer as 'n generiese, oorkoepelende term en word soos volg gedefinieer:

Kognitiewe raamwerke is mentale strukture in kognitiewe representasiesisteme.

Uit die definisie blyk dit dat kognitiewe raamwerke gesien moet word as soorte strukture: uiteraard word hiermee nie fisiese strukture bedoel nie, maar juis mentale strukture waarin bepaalde representasies van die leef- en ervaringswêreld opgeslaan is. Ek sal aantoon dat 'n verskeidenheid strukture gebruik word om verskillende representasies weer te gee. Uit die besprekings van die verskillende strukture sal dit blyk wat die aard en funksie van die verskillende mentale representasies is.

Belangrik ook uit die definisie is die aanname dat kognitiewe raamwerke gesetel is in kognitiewe representasiesisteme. Hierdie uitgangspunt spruit uit die benadering dat die menslike kommunikasiesisteen verdeel kan word in twee breë subsysteme, te wete

die kognitiewe representasiesisteen en die kommunikatiewe kodesisteen (Givón, 1998: 43). Volgens Givón (1998: 43) word inligting in die kognitiewe representasiesisteen opgeslaan in drie inligtingverwerkingskomponente (oftewel geheuekomponente), naamlik die **semantiese geheue**, **episodiese geheue** en/of **werkgeheue**.

Die kwessies van geheue en geheueverskynsels is kompleks (waarvan die groot hoeveelheid literatuur en die bestaan van vakydskrifte soos byvoorbeeld *Memory and Cognition* en *Journal of Memory and Language* bewys is), en die verskaffing van klinkklare antwoorde op hierdie kwessies val buite die bestek van hierdie beskrywingsmodel. 'n Verantwoorde keuse vir 'n teoretiese geheuemodel wat versoenbaar is met die sentrale uitgangspunte van die kognitiewe linguistiek moet egter gemaak word.

In die tradisionele simboliese benaderinge tot geheue (vergelyk Broadbent, 1958; Collins & Quillian, 1969 en Miller, 1953) is die geheuesisteen gesien in terme van 'n rekenaarmetafoor: kennis¹² word in eenhede gestoor, wat via verskillende kanale vloei en uiteindelik iewers in die sisteem opgeberg word. Die korttermyngeheue kan vergelyk word met die ewetoeganklike geheue (RAM) en die langtermyngeheue met die skyfruimte op die hardeskyf (vergelyk ook Pinker, 1997: 124). Hierdie model is later aangepas deur Atkinson en Shiffrin (Atkinson & Shiffrin, 1968 en Shiffrin & Atkinson, 1969) in die sogenaamde **multistoomodel** ("Multistore Model"), deur Neisser (1967) in sy **fokale aandagsteorie** ("Focal Attention Theory") en deur Bobrow & Norman (1975) in hulle **geheueskemamodel** ("Memory Schema Model"). Meer onlangs het veral Baddeley (1986, 1992) belangrike aanpassings aan die simboliese modelle van geheue aangebring.

In teenstelling hiermee huldig aanhangers van die konneksionistiese benadering (meeste eksponente van die kognitiewe linguistiek ook) 'n ander standpunt. In modelle van sogenaamde **parallel-verspreide prosessering** (PVP – in Engels "parallel distributed processing", oftewel "PDP"), vind inligtingprosessering plaas deur die interaksies van 'n groot aantal prosesseringsselemente (**eenhede**) wat aktiverende of onderdrukkende seine aan ander eenhede stuur (McClelland,

¹² Let op die onderskeid tussen **kennis** en **inligting**. Inligting is sensoriese insette ("inputs"), terwyl kennis gestruktureerde inligting is, "the storage, integration, and organization of information in memory" (Solso, 1998: 248).

Rumelhart & Hinton, 1986: 10). PVP-modelle is geïnspireer deur 'n neurale metafoor: eenhede is soos neurone, wat deur middel van konneksies (sinapse) in modules en in groter sisteme verbind. Hierdie eenhede is parallel geskakel, wat tot gevolg het dat kennis inhoudstoeganklik ("content addressable") is: ons verkry dus toegang tot inligting in die geheue op grond van die eienskappe van die inligting. Aangesien die brein nie kennis in enige spesifieke neuron of deel van die brein opslaan nie, word geheue in PVP-modelle eerder gesien as die patroon van geaktiveerde en onderdrukte netwerke wat binne 'n bepaalde sisteem versprei is (Solso, 1998: 30).

Soos wat inligtingseine ontvang word en deur die sisteem geprosesseer word, word **spore** ("traces") agtergelaat. Hierdie geheuespore is oor vele konneksies heen versprei. Die sterkte (**gewig**) van die konneksies kan wissel, afhangende van die stadium van die leerproses. Ten einde makliker en vinniger toegang tot die inligting moontlik te maak, word die konneksiegewigte tussen die nodes aangepas deur gebruik te maak van herhalende terugvoer (Whitney, 1998: 106-107).

Aangesien daar in konneksionistiese modelle nie soos in simboliese modelle die onderskeid getref word tussen geheue en prosesse nie (McLeod, Plunkett & Rolls, 1998: 49), beteken dit dat die verskillende soorte geheue in simboliese modelle vertaal moet word as variasies in gewigte, patrone, netwerke en prosesse in konneksionistiese modelle.

Kennis wat gewoonlik met semantiese geheue geassosieer word (byvoorbeeld 'n konsep soos KAT) kan in konneksionistiese modelle prototipes weergegee word in patroon- en outo-assosiasienetwerke. Gewigte van konneksies word in sodanige netwerke in 'n gewigsmatriks vasgelê. Patroon-assosiasienetwerke kan 'n spesifieke patroon oproep wanneer 'n bepaalde patroon by die inset ingevoer word, maar kan ook op ongekende insette reageer om prototipes te ekstraheer van soortgelyke ervarings (McLeod, Plunkett & Rolls, 1998: 51). Outo-assosiasienetwerke, daarenteen, kan dieselfde patroon wat by die inset aangebied is, by die uitset reproduseer. Sodanige werking het die outomatiese vorming van prototipes en kategorieë tot gevolg (McLeod, Plunkett & Rolls, 1998: 72).

In beide bogenoemde netwerke berus die netwerk, deur middel van herhaaldelike terugvoer en intereenheid-interaksie, uiteindelik by die mees aanneemlike oorkoepelende interpretasie van die inset. Sodanige stel insette lei tot die vorming van **gebiede van aantrekking** (“basins of attraction”), met ’n spesifieke finale punt, die sogenaamde **aantrekker** (“attractor” - McLeod, Plunkett & Rolls, 1998: 169). Hierdie aantrekker word gesien as die prototipiese punt binne ’n bepaalde netwerk, terwyl die gebiede van aantrekking ook kennisvelde of skemas verteenwoordig.

Ook die sogenaamde **episodiese geheue** word gesien as patroon- of outo-assosiasienetwerke, en as sodanig nie verskillend van semantiese geheue nie. In konneksionistiese modelle behels episodiese geheue die opneem van inligting oor gebeure in dag-tot-dag ervarings. Dit vereis die vinnige vorming van assosiasies tussen die elemente van ’n spesifieke episode, sodat ’n enkele patroon gevorm word. ’n Tipiese episodiese geheue bevat byvoorbeeld inligting oor die plek waar die episode plaasgevind het, die persone wat daar was en wat gesê is. Uit neuropsigologiese navorsing het dit geblyk dat die hippocampus veral betrokke is by die vorming van episodiese geheue (en nie noodwendig die “opslagplek” van episodiese geheue is nie – vergelyk McLeod, Plunkett & Rolls, 1998: 280).

Die konsep **werkgeheue** verwys in simboliese modelle na die aktiewe of geaktiveerde geheue (Solso, 1998: 261). In konneksionistiese modelle word hierdie soort inligting gerepresenteer as ’n patroon van aktiwiteit. Waar kennis wat geassosieer word met semantiese of episodiese geheue weergegee word in ’n gewigsmatriks, word kennis wat tradisioneel met die werkgeheue geassosieer is, in konneksionistiese modelle weergegee as vektore (met ander woorde geordende stelle syfers) (McLeod, Plunkett & Rolls, 1998: 59).

’n Belangrike aspek van die aktiewe geheue (ook genoem die **dinamiese geheue**) is dat konneksies vanaf die verborge eenhede gemaak word na kontekseenhede. Konneksies vanaf die verborge eenhede na die kontekseenhede is gewoonlik vasgelegd, terwyl konneksies vanaf die kontekseenhede na die verborge eenhede aanpasbaar is (met ander woorde die konneksies kan verander tydens die leerproses). Dit beteken dus dat die konteks ’n belangrike invloed uitoefen op die aktivering van ’n bepaalde netwerk (McLeod, Plunkett & Rolls, 1998: 143).

In hierdie voorgestelde beskrywingsmodel word die konneksionistiese siening van inligtingverwerking aangehang. Dit beteken dat Givón (1998: 43) se indeling van drie inligtingverwerkingskomponente (naamlik die semantiese geheue, episodiese geheue en/of werkgeheue) vertaal moet word in konneksionistiese terme. Samevattend gaan ek van die standpunt uit dat inligting in die geheue op twee maniere vasgelê word:

- ❖ Kennis word gerepresenteer as konneksies tussen eenhede binne 'n bepaalde netwerk. Afhangende van die gewigte van die konneksies, is die kennis tot mindere of meerdere mate verskans binne die sisteem. Semantiese en episodiese geheue is gevalle van sodanige kennis.
- ❖ Die patroon van aktiwiteit in 'n netwerk verteenwoordig 'n dinamiese geheue wat sterk afhanklik is van die konteks. Die werkgeheue kan gesien word as so 'n patroon van aktiwiteit.

Om dus terug te keer na die definisie van kognitiewe raamwerke, naamlik dat kognitiewe raamwerke mentale strukture in kognitiewe representasiesisteme is: die kognitiewe representasiesisteme word gesien as konneksionistiese sisteme waar inligting as kennis gestruktureer word of as konneksiegewigte of as aktiwiteitspatrone. Hierdie kennisstrukture (wat mentale strukture is waarin bepaalde representasies van die leef- en ervaringswêreld geberg is) kan 'n veelheid vorme aanneem, soos byvoorbeeld instansiëeringsdomeine, skemas, modelle en mentale ruimtes ("mental spaces" – ook genoem **dinkruimtes** – vergelyk Spruyt, 1999).

In sy beskrywing van domeine onderskei (Langacker, 1987a) tussen **basisdomeine** en **abstrakte domeine**. Vir die doel van hierdie voorgestelde beskrywingsmodel gebruik ek hierdie uitgangspunt van Langacker (1987a), maar sal ook aantoon waar ek van hom verskil. Met die oog op die analises in hoofstukke 6 tot 8 is die bespreking hier gerig op die uiteindelijke definiëring van die term **konstruksieskema**, wat ek sien as 'n tipiese struktuur wat voorgestel kan word as 'n gebied van aantrekking in konneksionistiese modelle.

3.3.2 Basisdomeine

Basisdomeine is velde van representasie wat veranker is in geneties gedetermineerde fisiese eienskappe van die mens, en maak 'n intrinsieke deel uit van ons aangebore kognitiewe apparaat (Langacker, 1987a: 148). Aangesien basisdomeine die laagste vlak in hierargieë van konseptuele kompleksiteit beklee, kan dit nie verder gereduseer word nie. Dusdanig moet 'n hele aantal basisdomeine geïdentifiseer word. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie basisdomeine aan mekaar verbind is, en dus nie as losstaande, individuele velde van representasie gesien moet word nie. Sodanige multidimensionele kombinasies van domeine word deur Langacker (1987a: 147) die **domeinmatriks** van 'n bepaalde predikaat genoem.

Op grond van die idee dat 'n predikaat hetsy 'n konfigurasie of 'n area in 'n bepaalde domein of domeinmatriks spesifiseer, onderskei Langacker (1987a: 152) tussen **konfigurasiedomeine** ("configurational domains") en **lokaliseringsdomeine** ("locational domains"). Die ruimtedomein en temporele domein word gesien as prototipiese konfigurasiedomeine, aangesien beide domeine 'n oneindige aantal afsonderlike punte voorsien waar enige (of alle) ervarings kan voorkom (Langacker, 1987a: 153). Domeine soos die temperatuurdomein en kleurdomein, daarenteen, is prototipiese lokaliseringsdomeine, aangesien hierdie tipe domeine die een of ander verwysingsraamwerk (oftewel 'n area – byvoorbeeld die temperatuurskaal of die kleurwiel) vooronderstel waarteen 'n bepaalde punt gekonseptualiseer moet word.

Clausner & Croft (1999: 7) argumenteer egter dat Langacker se onderskeid tussen konfigurasie- en lokaliseringsdomeine nie betrekking het op die aard van domeine nie, maar eerder op die aard van konsepte of profiele. Hulle argument word gebaseer op die feit dat 'n groot verskeidenheid domeine sowel konfigurasie- as lokaliseringskonsepte kan akkommodeer, en dat dit dus nie inherente eienskappe van die domeine is nie, maar eerder van die geprofileerde konsepte.

In hierdie voorgestelde beskrywingsmodel word 'n versoening tussen die standpunte van Clausner & Croft (1999) en Langacker (1987a) voorgestel, naamlik dat daar nie onderskei moet word tussen lokaliserings- en konfigurasiedomeine nie (Clausner & Croft (1999) se perspektief), maar dat ons binne die kategorie basisdomeine wel moet onderskei tussen primêre en sekondêre basisdomeine. Sodanige onderskeid tussen

primêre en sekondêre basisdomeine word gebaseer op Langacker (1987a: 149) se oortuigende argument dat die ruimtedomein en temporele domein meer “primitief” is as ander domeine. Hoewel ek van die vooronderstelling uitgaan dat hierdie onderskeid wel psigologies reël is, is dit belangrik om daarop te let dat hierdie onderskeid grotendeels vir heuristiese doeleindes gebruik sal word. Verdere navorsing sal hierdie vooronderstelling moet ondersoek.

Om saam te vat kan ons dus sê dat konsepte binne bepaalde kennisstrukture (i.e. basisdomeine) geïnstansieer word. Die temporele domein en ruimtedomein is primêre basisdomeine, wat die primitiewe konfigurasie van die bepaalde konsep bevat. Die domeinmatriks van 'n konsep bestaan verder uit sekondêre basisdomeine (soos byvoorbeeld toonhoogte, kleur, temperatuur, ensovoorts), wat die kennisstrukture is wat as verwysingsraamwerke vir die instansiëring van die konsep dien.

3.3.3 Abstrakte domeine

Die onderskeid tussen basisdomeine en abstrakte domeine is eweneens nie 'n onderskeid met duidelike grense nie, maar eerder 'n kwessie van graadverskil. Die noodsaak van hierdie onderskeid spruit egter voort uit die feit dat sodra 'n konsep binne 'n bepaalde domein geïnstansieer is, dit die potensiaal het om te dien as domein vir die konseptualisering van ander konsepte of konseptuele komplekse (Langacker, 1987a: 150). So byvoorbeeld dien die ruimtedomein as primêre basisdomein vir die vormlike instansiëring van die konsep [HUIS], terwyl [HUIS] weer as abstrakte domein dien vir die karakterisering van [SITKAMER], en [SITKAMER] vir [SITKAMERSTOEL], ensovoorts. Enige konsep of konseptuele kompleks wat as 'n domein vir die karakterisering van 'n hoërordekonsep funksioneer, word dan 'n **abstrakte domein** genoem.

Ons kan verskillende tipes abstrakte domeine identifiseer, soos byvoorbeeld **Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle** (GKM's), **semantiese rame**, **scènes**, **skripte**, en **skemas**. Hoewel Langacker (1987a: 150n4) van mening is dat hierdie terme in hoofsaak ekwivalent is aan sy term **abstrakte domein**, gebruik ek hier die term **abstrakte domein** as generiese benoemer. Sodanig word 'n **GKM** beskou as 'n

abstrakte domein waar inligting oor ons verwagtinge vir die realisering van 'n bepaalde konsep of scenario op 'n vereenvoudigde wyse gestoor word (Rubba, 1996: 240). **Semantiese rame** funksioneer sterk op die linguistiese vlak deurdat dit beskou kan word as die kennisraamwerk wat verskillende domeine aan mekaar verbind wat met 'n bepaalde linguistiese vorm geassosieer word (Lakoff & Johnson, 1999: 116; Taylor, 1989: 87). Die fisiese en psigologiese plasing van 'n bepaalde beskoude situasie ("conceived situation" – Langacker, 1987a: 116; Palmer, 1996: 58) word gestruktureer in 'n **scène**, terwyl die betekenisveld van chronologiese gebeure of prosesse opgeslaan word as **skripte** (ook genoem **scenario's**) (Taylor, 1989: 87; Wijdeveld, Jaanus & Van Hoon, 1990: 39).

Skemas word insgelyks beskou as abstrakte domein. Vanweë die belangrikheid van skemas vir die analises in hoofstukke 6 tot 8, word dit vervolgens in meer detail bespreek.

3.3.3.1 Skemas

Turner (1991: 266n15) toon aan dat die konsep **skema** se ontstaan te danke is aan die filosoof Emmanuel Kant (alreeds in die laat agtiende eeu), terwyl Wijdeveld, Jaanus & Van Hoon (1990: 54) beweer dat sielkundiges soos Frederick Bartlett en Jean Piaget die term ontleen het van die vroeg-twintigste-eeuse neurofisioloog Henry Head. In 'n uitvoerige bespreking van die konsep **skema** wys Palmer (1996: 62-66) hoe hierdie term op verskillende maniere deur 'n verskeidenheid outeurs binne verskillende wetenskaplike dissiplines gebruik is. Samevattend kom hy (Palmer, 1996: 66) tot die konklusie dat **skemas** beskou kan word as:

"...organic...abstractions that subsume conceptualizations that are more specific and more readily imagined as projections into consciousness (whatever that ineffable entity may ultimately prove to be)" (Palmer, 1996: 66)

Hierdie definisie van **skema** (i.e. as 'n geïntegreerde abstrahering wat die konseptualisering van meer spesifieke kategorielede ondersteun – vergelyk ook Langacker, 1987a: 371), word binne hierdie voorgestelde beskrywingsmodel aangeneem. Die volgende fasette van skemas is verder relevant vir hierdie beskrywingsraamwerk:

- ❖ Na aanleiding van Piaget (1977, 1978) se opvatting oor skemas gaan ek van die standpunt uit dat skemas ontstaan deur **ervaring** - 'n standpunt wat volkome versoenbaar is met die eksperiensialistiese onderbou van hierdie gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel (vergelyk ook Bregman, 1990: 43; Strauss, 1992: 3).
- ❖ In aansluiting by Fillmore (1975: 127) word skemas gesien as deel van die globale proses van **kategorisering**, deurdat 'n skema 'n verskeidenheid instansiërings of uitbreidings kan hê (vergelyk ook Casson, 1983: 430). Ons kan ook sê dat skemas konseptuele kennisraamwerke is wat instansiërings van 'n bepaalde kategorie karakteriseer. In hoofstuk 4 (vergelyk 4.4) sal egter aangedui word dat skematisering 'n spesifieke geval van die proses van abstrahering is, waarmee die belangrikheid van skematisering in die kategoriseringsproses uiteraard nie ontken word nie.
- ❖ Die belangrikste **funksie** van skemas is dat dit outomaties, onbewustelik en sonder kognitiewe inspanning aangewend word, aangesien dit gesien word as gekonvensionalseerde kennisstrukture (Lakoff & Turner, 1989: 62). In hierdie verband sê Chafe (1990: 80-81) dat skemas “prepackaged expectations and ways of interpretation” is.
- ❖ Skemas dien as die **gemene deler** (“commonality”) wat ontstaan tussen verskillende strukture wanneer 'n mens die strukture met minder presiesheid en bepaaldheid (met ander woord meer abstrak) beskryf (Langacker, 1999a: 93).
- ❖ Skemas kan in konneksionistiese modelle voorgestel word as **gebiede van aantrekking**. Die lokaliseringpunte binne 'n bepaalde gebied van aantrekking kan gesien word as instansiërings of uitbreidings van die skema (Langacker, 1999a: 97).

Hierdie uitgangspunte kan aan die hand van 'n voorbeeld geïllustreer word. Wanneer 'n kind vir die eerste keer 'n stukkie sjokoladekoek eet, leer sy/haar ma vir hom/haar die woord *koek*. By 'n volgende geleentheid eet hy/sy klapperkoek, en hoor weer die woord *koek*. Uit sy/haar **ervaring** kan hy/sy dus prototipiese oondgebakte lekkernye **kategoriseer** as [KOEK]. As hy/sy dan in die toekoms weer met 'n soortgelyke lekkerny te doen kry, funksioneer die skema [KOEK] as gekonvensionalseerde

kennisstruktuur sodat ander instansiërings sonder veel **kognitiewe inspanning** benoem kan word as *koek*. Hoewel sjokoladekoek en klapperkoek van mekaar verskil, kan die **gemene deler** (naamlik [KOEK]) wel geïdentifiseer word, indien die kategorielede (i.e. sjokoladekoek en klapperkoek) nie in besonderheid gekategoriseer word nie. Binne 'n konneksionistiese model kan [KOEK] dus as gebied van aantrekking voorgestel word, terwyl [SJOKOLADEKOEK] en [KLAPPERKOEK] as aantrekkers binne hierdie gebied van aantrekking uitgebeeld kan word.

Met betrekking tot die grammatika vind dieselfde proses van skemavorming plaas. Sodanige skemas word **konstruksieskemas** genoem.

3.3.3.2 Konstruksieskemas

Die grammatika is gesetel in patrone wat dit moontlik maak vir eenvoudiger simboliese strukture om opeenvolgend te integreer om progressief meer komplekse simboliese strukture te vorm deur die sintagmatiese kombinerings van morfeme en/of groter uitdrukkings. Sodanige simboliese komplekse uitdrukkings word **grammatikale konstruksies** genoem. 'n Grammatikale konstruksie kan gekarakteriseer word as die montering van 'n stel komponentstrukture, die wyse van komposisie van hierdie komponentstrukture, en die komposisiestruktuur wat sodanig gevorm word (Langacker, 1987a: 82, 409-410, 489). Die simboliese strukture wat 'n montering vorm, word aan mekaar geskakel deur ooreenkomste en kategoriseringsverhoudings (Langacker, 1995c).

Patrone van komposisie word beskryf deur konstruksieskemas, i.e. skematiese simboliese monterings wat enige gemeenskaplikheid in 'n stel simboliese komplekse uitdrukkings verteenwoordig. Konstruksieskemas dien dus as template vir die konstruering en evaluering van ongekende¹³ uitdrukkings.

So byvoorbeeld kan die meervoudkonstruksie in Afrikaans gesien word as 'n prototipiese konstruksieskema. Aangesien meervoudigheid een van die eerste infleksiepatrone is wat 'n kind gewoonlik aanleer (vergelyk Yule, 1985: 143), kan ons van die standpunt uitgaan dat meervoudigheid 'n markante posisie beklee in 'n kind

¹³ Die woord "novel" (soos in *novel expressions*) word hier vertaal met *ongekende* in stede van byvoorbeeld *onbekende*.

se **ervaringswêreld**. 'n Afrikaanssprekende kind kan meervoudsvorming op twee maniere **kategoriseer**, naamlik as [X-MV/x-ə] (soos byvoorbeeld [KAT-MV/katə]) of as [X-MV/x-s] (soos byvoorbeeld [TAFEL-MV/tafəls]). Wanneer hy/sy dan in die toekoms meervoudigheid wil uitdruk, het hy/sy die twee konstruksieskemas [X-MV/x-ə] en [X-MV/x-s] beskikbaar as gekonvensionaliseerde konstruksieskemas waarmee ander instansiërings sonder veel **kognitiewe inspanning** gevorm kan word.

Konstruksieskemas speel 'n belangrike rol binne hierdie voorgestelde beskrywingsmodel. Aan die een kant dien dit as die veralgemenings wat gemaak kan word met betrekking tot 'n bepaalde grammatikale konstruksie (met ander woorde dit het 'n deskriptiewe funksie), en aan die ander kant “vervang” dit die reëls wat gepostuleer word binne generatiewe beskrywings (dit het met ander woorde ook 'n voorspellende funksie). Aangesien daar binne hierdie beskrywingsmodel geen wesensondersheid getref word tussen byvoorbeeld leksikale items en konstruksies nie (die leksikon en grammatika vorm 'n kontinuum), moet konstruksieskemas dus in dieselfde detail as geleksikaliseerde voorbeelde van 'n bepaalde taalverskynsel bespreek word (vergelyk Goldberg, 1999: 32-33).

3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die twee begrippe **entiteit** en **domein** beskryf. Met betrekking tot entiteite is aangetoon dat daar drie basiese tipes entiteite onderskei kan word, te wete aansyne, prosesse en atemporele verhoudings. Daar is aangetoon dat aansyne 'n kognitiewe episode profileer waardeur 'n area in die een of ander domein van die konseptuele ruimte aangedui word. Met betrekking tot aansyne is gewys op die **belangrikheid van gebondenheid** in die bepaling van die aard van die profiel van die aansyn. Daar is ook aangetoon dat wanneer 'n simboliese struktuur se semantiese pool 'n aansyn aandui, daardie simboliese struktuur gekategoriseer word as 'n naamwoordelike eenheid.

Binne die groter kategorie van verhoudings is 'n onderskeid getref tussen prosesse en atemporele verhoudings, hoofsaaklik op grond van die wyse van skandering. Daar is

aangetoon dat werkwoorde meestal 'n proses profileer wat ontstaan deur opvolgende skandering, terwyl adjektiewe, adverbiala en setsels meestal atemporele verhoudings profileer wat gekenmerk word deur opsommende skandering. Met betrekking tot prosesse is gewys op die onderskeid tussen perfektiewe en imperfektiewe prosesse en die verband van hierdie twee basiese prosesse met ander soorte prosesse waarmee aspektualiteit uitgedruk kan word. Ten opsigte van die interne organisering van atemporele verhoudings is ook 'n onderskeid binne die kategorie atemporele verhoudings gemaak tussen simplekse en komplekse atemporele verhoudings.

Met betrekking tot domeine is 'n onderskeid getref tussen basisdomeine en abstrakte domeine. Daar is aangetoon dat basisdomeine die instansiëeringsdomeine is van konsepte, deurdat matrikse van primêre en sekondêre basisdomeine geaktiveer word tydens die konseptualiseringsproses. Abstrakte domeine is gedefinieer as enige konsep of konseptuele kompleks wat as 'n domein vir die karakterisering van 'n hoërordekonsep funksioneer. As voorbeeld van sodanige abstrakte domein is skemas bespreek, met spesifieke verwysing na konstruksieskemas. Daar is geargumenteer dat konstruksieskemas 'n sentrale rol speel in die grammatika, aangesien dit dien as template vir die vorming van nuwe, ongekende uitdrukkings.

In die volgende hoofstuk word die algemene psigologiese vermoëns wat essensieel is vir taal (maar nie beperk is tot taal nie) bespreek, te wete **komposisie**, **kategorisering**, **skematisering** en **verskansing**. Hierdie vier vermoëns sal ook later dien as basis vir die beskrywing van die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie.

BASISBEGRIPE: “KOGNITIEWE VERMOËNS”

4.1 INLEIDING

Een van die sentrale uitgangspunt van die kognitiewe linguistiek is dat taal integraal deel is van menslike kennis (vergelyk 2.2.1). Dit impliseer nie alleen dat `n taalkundige beskrywing psigologies reël moet wees nie, maar ook juis dat taalkundige beskrywings gebaseer moet wees op mentale vermoëns en fenomene wat algemeen bekend en maklik demonstreerbaar is (Langacker, 1998: 2). Sodanige beskrywingsraamwerk (wat gestruktureer word op grond van enkele basiese kognitiewe meganismes wat werkbaar is in alle domeine van taal) bied aan die taalkundige die geleentheid om `n beskrywing te gee wat konseptueel eenvormig is (Langacker, 1999a: 93). Langacker (1999a: 95) som dit soos volg op:

“The vision that emerges is one of massive networks in which structures with varying degrees of entrenchment, and representing different levels of abstraction, are linked together in relationships of categorization, composition, and symbolization. I believe that all facets of linguistic structure can be reasonably described in these terms.” (Langacker, 1999a: 95)

Deur die loop van die artikel bespreek hy telkens **komposisie** (“composition”), **kategorisering** (“categorization”), **skematisering** (“schematization”), **verskansing** (“entrenchment”) en **simbolisering** (“symbolization”) as algemene kognitiewe prosesse in terme waarvan taal beskryf moet word:

“A usage event has many facets susceptible to categorization by conventional linguistic units, which in cognitive grammar are limited to semantic, phonological and symbolic structures. The potential categorizing units are entrenched to varying degrees and form a vast, structured inventory through relationships of symbolization, composition, and categorization.” (Langacker, 1999a: 106)

Wanneer ons `n beskrywing van `n gebruiksepisode wil doen, moet ons dus volgens Langacker (1999a) ten minste aan elk van hierdie vyf vermoëns aandag gee. Die

uitsondering van hierdie vyf kognitiewe vermoëns impliseer nie dat dit die enigste kognitiewe aktiwiteit is wat plaasvind tydens taalgebruik nie. Intendeel, die uitgangspunt is juis dat die volle kompleksiteit van menslike kennis aktief is in taalgebruik. Die vermoëns wat hier bespreek word, word egter gesien as die essensiële psigologiese fenomene wat betrokke is tydens taalgebruik. Enige beskrywingsmodel wat aanspraak maak om psigologies reël te wees, moet dus in staat wees om ten minste hierdie vyf vermoëns op een of ander manier te verreken.

Die beskrywingsmodel wat in hierdie proefskrif voorgestel word, word dan ook gebaseer (maar met bepaalde aanpassings) op hierdie vyf basiese kognitiewe vermoëns. Een van die vermoëns wat naamlik nie **eksplisiet** (maar beslis implisiet – vergelyk ook 2.2.3) figureer in hierdie beskrywingsmodel nie, is simbolisering. Die uitsluiting van simbolisering in die ontplooiing van die beskrywingsmodel word gemotiveer op grond van die tipe taalstrukture wat ons wil beskryf. Ons wil binne hierdie gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel poog om simboliese strukture te beskryf, i.e. strukture wat die semiologiese funksie van taal vervul deurdat dit 'n bepaalde semantiese en fonologiese waarde het (vergelyk 2.2.3). Die simboliese strukture wat volgens Langacker (1999c: 13-14) toegelaat word vir beskrywing is:

- ❖ strukture wat direk in die data figureer (met ander woorde werklike uitdrukkings en hulle onderdele, soos byvoorbeeld leksikale items); en
- ❖ strukture wat te voorskyn kom uit die data via die basiese kognitiewe prosesse van skematisering en kategorisering (met ander woorde die skematiese simboliese monerings waaruit die grammatika van 'n taal bestaan, soos byvoorbeeld grammatikale konstruksies).

Oor die algemeen is taalkundiges minder geïnteresseerd in linguistiese uitdrukkings *per se* as in die patrone en reëlmatighede wat die uitdrukkings instansieer (Langacker, 1998: 13). Daarom ook dat die fokus in hierdie proefskrif suiwer gerig is op die tweede tipe struktuur, naamlik die beskrywing van 'n bepaalde grammatikale konstruksie in Afrikaans (die reduplikasiekonstruksie). Klem word dus nie geplaas op die proses van simbolisering nie (aangesien die data wat bestudeer word per definisie simboliese strukture is), maar eerder op:

- ❖ die verhoudings van komposisie;
- ❖ die verhoudings van kategorisering;
- ❖ die verskillende vlakke van abstrahering (skematisering en prototipisering); en
- ❖ die verskillende grade van verskansing.

In hierdie hoofstuk word hierdie vier kognitiewe vermoëns (wat noodsaaklik is vir die beskrywing van konstruksieskemas) kortliks uiteengesit. Elk van hierdie vermoëns sal bespreek word in terme van algemene psigologiese verskynsels (ten einde te illustreer dat dit nie vermoëns is wat spesifiek/alleen tot die taaldomein beperk is nie) en taalkundige verskynsels (ten einde aan te toon hoe dit spesifiek betrekking het op die taaldomein). Hoewel die verskillende vermoëns onder verskillende subparagrafe bespreek word, moet die afleiding nie gemaak word dat dit losstaande en isoleerbare vermoëns is nie.

4.2 KOMPOSISIE

Die vermoë om eenvoudige strukture saam te voeg om meer komplekse strukture te vorm, is een van die mees basiese kognitiewe vermoëns van die mens. So byvoorbeeld het navorsing aangetoon dat komposisie sentraal is in probleemoplossing (Holyoak, 1995), teksproduksie (Bereiter & Scardamalia, 1987), konsepvorming (Franks & Bransford, 1971), geheue (Solso & McCarthy, 1981) en ander vorme van kognitiewe aktiwiteit (vergelyk onder andere Anderson, 1983 en Murphy, 1988). Pinker (1997: 564) is selfs van mening dat:

*“...the mind owes its power to its syntactic, **compositional**, combinatorial abilities” (Pinker, 1997: 564)*

Hierdie komposisionele vermoë van ons verstand kan maklik geïllustreer word aan die hand van alledaagse aktiwiteit. Die vermoë om 'n komplekse handeling soos motorbestuur uit te voer, verg die kombinerende van 'n hele aantal prosedures (byvoorbeeld hande wat stuurwiel beheer, oë wat die roete volg/skandeer, regtervoet wat die snelheid bepaal, of die regtervoet wat die rempedaal intrap wanneer die

linkervoet die koppelaar intrap, vingers wat die flikkerligte aan en af skakel, ensovoorts). Hierdie kombinerings van prosedures vind egter nie lukraak en na willekeur plaas nie, maar word gestruktureer deur middel van 'n bepaalde **skript** ("script"). Sodanige skript kom tot stand deur die **komposisie** (en nie alleen kombinerings nie) van bepaalde prosedures. As jy byvoorbeeld spoed wil verminder, lig jy eers jou voet van die petrolpedaal, trap dan die koppelaar in en terwyl die koppelaar ingetrap is, verwissel jy na 'n laer rat, alvorens jy die koppelaar laat los. Die komposisie van hierdie prosedures (openvolgend en gelyktydig) het dan 'n vermindering van spoed tot gevolg.

Met betrekking tot die komposisie van musiek, toon Pinker (1997: 88) aan dat 'n byna oneindige aantal musiekstukke moontlik is, juis vanweë die kombinatoriese aard van musiek (vergelik Solso, 1998: hoofstuk 4, vir voorbeelde met betrekking tot skaakspel, liggaamsreaksies en visuele take). Ons kan dus met redelike sekerheid van die veronderstelling uitgaan dat komposisie 'n basiese en algemene kognitiewe vermoë is.

Langacker (1999a) plaas desgevolglik 'n hoë premie op die belangrikheid van komposisie in taalgebruik. Hy definieer komposisie as die integrering van twee of meer eenvoudige **komponentstrukture** ("component structures") om 'n komplekse **komposisiestruktuur** ("composite structure") te vorm. Hierdie integrasie van komponentstrukture in komposisiestrukture kan voorgestel word as ([A] [B])C, waar [A] en [B] gekonvensionaliseerde eenhede is wat nog nie voorheen verbind het nie, en (C) die ongekende komposisiestruktuur is wat gevorm word wanneer die twee komponentstrukture integreer¹⁴. In voorbeeld (46) kan ons dus sê dat [BASAAR] en [BABELAAR] verbind om (BASAAR-BABELAAR) te vorm:

(46) *Kan jy nie in 'n ordentlike, verstaanbare taal praat nie, jou basaar-babbelaar?! (HRS – 26/1:1)*

¹⁴ In Langackeriaanse notasie word gekonvensionaliseerde eenhede aangedui met blokhakies, terwyl ongekende eenhede aangedui word met ronde hakies.

Langacker (1999a: 94) stel dit egter duidelik dat bogenoemde “formule” nie geïnterpreteer moet word as dat (C) gewoon die vereniging van [A] en [B] is nie, of dat [A] en [B] onveranderd voorkom in (C) nie. Wanneer twee of meer eenhede verbind in `n komplekse eenheid beteken dit dat hierdie komponente nie meer dieselfde is as wat hulle sou wees in isolasie nie: `n komposisiestruktuur is `n eenheid in eie reg wat nie gewoon gereduseer kan word tot die som van die komponente nie. Hieruit spruit dus die siening dat taal nie volledig komposisioneel is nie, maar dat ons eerder moet praat van **gedeeltelike komposisionaliteit** (“partial compositionality” - Langacker, 1997c: 247-248; 1999a: 94).

Die skep van die term **komposisionaliteit** word teruggelei na die logikus, Gottlob Frege, wat probeer aantoon het dat die betekenis van `n komplekse geheel (byvoorbeeld `n sin) `n funksie is van die betekenis van die gedeeltes waaruit die geheel opgebou is en die struktuur van die verbinding (Malmkjær, 1991: 72). Dieselfde basiese idees betreffende volledige komposisionaliteit word later teruggevind in die werk van Richard Montague, as hy argumenteer dat daar `n een-tot-een-ooreenkoms is tussen sintaktiese reëls en semantiese reëls wat bepaal hoe die betekenis van `n sin opgebou is uit die betekenis van die komponente van die sin (Hookway, 1991: 312). Hierdie benadering word onderlê deur `n boublok-metafoor (Langacker, 1987a: 452-453), deurdat komponente gesien word as boublokke wat opeengestapel word om `n nuwe komplekse eenheid te vorm.

Binne die generatiewe benadering was/is daar egter geen eenstemmigheid oor die kwessie van komposisionaliteit nie (vergelyk Saeed, 1997: 11). Terwyl sommige outeurs van mening is dat daar geen motivering is vir die gebruik van semantiese reëls nie (byvoorbeeld Carter, 1988: 171), huldig ander weer die standpunt dat semantiese of konseptuele reëls juis nodig is om die betekenis van komplekse eenhede te verantwoord (Botha, 1988; Shieber, 1986).

Vanuit meer funksionele benaderings word `n ander blik op komposisionaliteit gewerp. In haar boek *Constructions*, meen Adele Goldberg (1995: 16) dat die betekenis van `n komplekse uitdrukking die resultaat is van die integrering van die betekenis van die leksikale items in die betekenis van konstruksies. Dit sluit volkome aan by Langacker (1987a: 277) se opinie dat die term **grammatikale konstruksie** nie net

verwys na die komponentstrukture en die komposisiestrukture nie, maar juis ook na die manier waarop die komponentstrukture integreer om die komposisiestruktuur te vorm en die besondere verhouding tussen die verskillende strukture.

Dit is 'n algemeen aanvaarde beginsel dat die interne struktuur van komponentstrukture tot 'n groot mate die potensiële kombinasies bepaal, asook die waarskynlikheid van kombinerings van twee of meer komponentstrukture in 'n komposisiestruktuur (Taylor, 1990: 525). So byvoorbeeld kan voorspel word dat in Afrikaans twee elemente uit dieselfde woordsoortelike kategorie waarskynlik makliker en meer produktief met mekaar sal verbind as twee elemente uit verskillende woordsoortelike kategorieë. Om egter te argumenteer dat slegs die woordsoortelike kategorie van elemente 'n invloed uitoefen op potensiële kombinerings (soos tradisioneel dikwels gebeur in beskrywings van die Afrikaanse grammatika – vergelyk byvoorbeeld Carstens, 1994: 131-132 en Van Schoor, 1983: 360-361), sou nie water hou nie: daarvoor is die verskeidenheid kombinasies en moontlike kombinasie te groot. Boonop bied sodanige benadering tot samestellings geen verklarende krag nie.

Langacker (1987a: 277) stel in die alternatief dat die potensiaal van 'n bepaalde komponentstruktuur om met ander komponentstrukture te verbind en die wyse waarop sodanige komponentstruktuur sal verbind, afhang van die **valensiepotensiaal** van die komponentstruktuur (vergelyk ook Langacker, 1988c). Die valensiepotensiaal van 'n komponentstruktuur word bepaal deur die semantiese struktuur van die komponentstruktuur, terwyl die wyse waarop die struktuur in valensieverhouding verbind (indien enigsins) deur taalkundige konvensie gedikteer word (Langacker, 1991b: 167).

Volgens Langacker (1987: 277) word die **valensieverhouding** tussen die verskillende gekombineerde elemente bepaal deur vier valensiefaktore, te wete:

- ❖ ooreenkoms;
- ❖ konstruksieprofilering;
- ❖ konseptuele en fonologiese afhanklikheid en onafhanklikheid; en
- ❖ konstituering.

Ek bespreek elkeen van hierdie valensiefaktore vervolgens kortliks. In hoofstuk 6 sal aan die hand van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans uitvoerig aandag gegee word aan elk van hierdie faktore.

4.2.1 Ooreenkoms

Binne hierdie beskrywingsmodel word van die veronderstelling uitgegaan dat die valensieverhouding wat die kombinerings van linguistiese uitdrukkings bepaal, afhanklik is van die mate waartoe elemente deur die komponentstrukture gedeel word. Met ander woorde, die waarskynlikheid van kombinasie hang af van die ooreenkomste tussen die substrukture van die onderskeie komponentstrukture, waar die ooreenkomste dien as instruksies vir die superimponering van die spesifikasies van ooreenstemmende substrukture om saam te smelt in 'n komposisiestruktuur. Hierdie ooreenkomste kan op sowel die fonologiese as semantiese pool gevind word. Vergelyk die volgende skelwoorde (nuutskeppings) van Kaptein Sardijn:

(47) *Masjiengeweer-skurk* (HRS – 35/3:2)


(48) *Driehonderdduisend dansende duiwels* (HRS – 55/5:2)

In (47) lê die ooreenkomste tussen die twee komponentstrukture [MASJIENGWEER/*məʃɪnxəvər*] en [SKURK/*skœrk*] op die semantiese pool. Deel van ons ensiklopediese kennis van MISDADIGERS (*skurk*) stel dat misdadigers gevaarlik is, aangesien hulle dikwels wapens gebruik. Ons sou dus kon sê dat WAPEN deel vorm van die betekenisstruktuur van *skurk*. Des te meer word hierdie aspek van *skurk* in (47) geprofileer, aangesien Sardijn, pas nadat hulle skip deur 'n vliegtuig gebombardeer is, die vlieënier van daardie vliegtuig uitskel as *masjiengeweer-skurk*. Om hierdie geprofileerde betekenisaspek van *skurk* aan te toon, word daardie gedeelte van [SKURK] in Figuur 19 met 'n dik lyn van ander betekenisaspekte onderskei. (Hierdie aspek is binne hierdie konteks trouens ook die uitbreidingsterrein – waarop ek later sal uitbrei – van die konsep SKURK, en word dus gearseerd uitgebeeld).

Over geset synde weet ons ook van wapens (in hierdie geval *masjiengeweer*) dat dit dikwels deur misdadigers gebruik kan word. Aangesien *masjiengeweer* hier gebruik word

as uitbreiding van die konsep SKURK, word dus juis daardie aspek van [MASJIENGEWEER] geprofileer, soos eweneens in Figuur 19 uit die dik lyn blyk.

Dit is dus relatief maklik vir die twee komponentstrukture [MASJIENGEWEER/məʃɪnxəvɛr] en [SKURK/skœrk] om te kombineer, as gevolg van die ooreenkomste in hulle substrukture. Aangesien die komposisie-struktuur [MASJIENGEWEER-SKURK/məʃɪnxəvɛrskœrk] tydens kombinerings van die eienskappe van die komponentstrukture erf (Langacker, 1987a: 281), lewer die kombinasie dus 'n meer gespesifiseerde struktuur op as enige van die komponentstrukture, soos blyk uit Figuur 19.



Figuur 19: *masjiengeweer-skurk*

In voorbeeld (48) lê die ooreenkomste nie op die semantiese pool nie (die konsep DANS maak allermens deel uit van die konsep DUIWEL, of van enige verbandhoudende konsep), maar moet die ooreenkoms eerder op die fonologiese pool gesoek word. Aangesien rym dikwels 'n belangrike motivering is vir die skep van vloek- en skelwoorde (vergelyk onder andere Feinauer, 1981), is dit duidelik dat die ooreenkoms tussen *drie*, *bonderd*, *duisend*, *dansende* en *duiwels* te vinde is in die /d/ op die fonologiese pool. Hierdie selfde valensieverhouding word ook in ander rym-gebaseerde skelwoorde van Sardijn aangetref, soos byvoorbeeld:

- (49) *Twintigduisend temerige trolle* (GW – 5/2:1)
- (50) *Sesduisend smadelike smerighede* (GW – 16/1:2)
- (51) *Megalomaniese meesmuilers* (GW – 28/4:3)
- (52) *Grote griet se gierende geie en galeie* (GW – 37/3:4)

Ons kan dus konkludeer dat die mate van ooreenkoms op hetsy die semantiese of fonologiese pool 'n sterk valensiefaktor is wat die kombinerings van twee of meer komponentstrukture in 'n komposisiestruktuur bepaal.

4.2.2 Konstruksieprofilerings

In die vorming van konstruksies deur 'n proses van komposisie, dra die komponentstrukture by tot die betekenis van die komposisie-uitdrukking, deurdat die profiele van die komponentstrukture tot 'n mindere of meerdere mate oorgeërf word deur die komposisiestruktuur. In 'n beskrywing van 'n komposisionele uitdrukking is dit dus belangrik om aandag te gee aan die konstruksieprofilerings (die proses waardeur die komposisiestruktuur se profiel bepaal word).

Langacker (1987a: 288) meen dat konstruksieprofilerings beskryf kan word aan die hand van twee aspekte, naamlik **profielbepaaldheid** ("profile determinacy") en **ontleedbaarheid** ("analyzability").

4.2.2.1 Profielbepaaldheid

Profielbepaaldheid kan omskryf word as die mate waartoe die profiel van 'n komponentstruktuur aangeneem word as die profiel van die komposisiestruktuur (Langacker, 1987a: 288). Normaal gesien erf die komposisiestruktuur tot 'n mindere of meerdere mate die profiel van een van die komponentstrukture. Vergelyk weer voorbeeld (47): in die komposisie van *masjiengeweer-skurk*, word die profiel van die komponentstruktuur [SKURK] die sterkste oorgedra in die komposisiestruktuur (MASJIENGeweER-SKURK). In dié voorbeeld staan [SKURK] dan bekend as die **profiel-determinant**, synde daardie komponentstruktuur waarvan die profiel die sterkste terug te vind is in die komposisiestruktuur. In Figuur 19 word die profiel-determinant dan ook aangedui in 'n blokkie met 'n dik lyn.

Prototipes is die profieldeterminant ook die **kern** ("head") van 'n bepaalde komposisiekonstruksie: in *masjiengeweer-skurk* is [SKURK] die kern (dui met ander woorde die hiperoniem aan), terwyl [MASJIENGeweER] die **bepaler** ("modifier") is (aangesien dit as hiponiem van SKURK aandui watter tipe skurk die karakter is). Soos wat dit algemeen aanvaar word dat dit byna onmoontlik is om absoluut te voorspel watter komponentstruktuur van die komposisiestruktuur die kern en watter een die bepaler sal wees, is daar volgens Langacker (1987a: 288) eweneens geen manier om absoluut te voorspel watter komponentstruktuur as profieldeterminant sal figureer nie. Aan die hand van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans sal hierdie punt verder en in groter detail geïllustreer word.

4.2.2.2 Ontleedbaarheid

Een van die belangrike fasette van betekenis is **ontleedbaarheid** ("analyzability"), i.e. die identifisering van die bydrae wat elke komponent maak in die saamgestelde konseptualisering (Langacker, 1987a: 292). Aangesien die betekenis van 'n saamgestelde uitdrukking meestal nie bloot die som is van die betekenis van die komponente van die komposisiestruktuur nie, is dit nodig om 'n benadering tot betekenis te volg waarin sowel die komponentstrukture as die komposisiestruktuur in ag geneem word. Op hierdie manier kan die semantiese invoer van die ontleedbaarheid van 'n uitdrukking dus op die mees effektiewe manier beskryf word (Langacker, 1987a: 293).

Hoewel sommige linguistiese eenhede minder ontleedbaar is as ander (vergelyk byvoorbeeld *sout* vs. *Natriumchloried*, of *seekoei* vs. *Jerseykoei*), is dit belangrik om in ag te neem dat alle linguistiese eenhede via die een of ander komposisionele pad tot stand kom, hetsy deur direkte simbolisering (soos in *sout*), of deur die integrering van verskillende komponentstrukture (soos in *natriumchloried*). Die uiteindelijke komposisiestrukture van twee verskillende uitdrukkings mag dieselfde wees, maar die relatiewe markantheid van verskillende fasette van die beskoude situasie word toegelig afhangende van watter komposisionele pad gevolg word (Langacker, 1987a: 294; 1991b: 127, 171). Die implikasies van hierdie benadering met betrekking tot grammatikale konstruksies is belangrik: die grammatikale konstruksie wat 'n spreker

kies om hom-/haarself uit te druk, lei tot genuanseerde betekenisverskille. Hierdie uitgangspunt sal ook in Afdeling C aan die hand van reduplikasies meer gedetailleerd toegelig word.

4.2.3 Konseptuele en fonologiese afhanklikheid en onafhanklikheid

Die derde valensiefaktor het betrekking op die onderskeid tussen afhanklike en onafhanklike elemente. Volgens Langacker (1987a: 300) is 'n **afhanklike struktuur** 'n struktuur wat tot 'n groot mate in verhouding tot 'n ander struktuur gekarakteriseer word en gevolglik markante interne verwysing maak na die vooronderstelde struktuur (ten minste op 'n skematiese vlak). 'n **Onafhanklike struktuur**, daarenteen, is 'n semantiese of fonologiese struktuur wat op sigself bestaan en dus nie 'n ander struktuur vooronderstel nie. Die verskil tussen 'n aansyn en 'n verhouding illustreer die onderskeid duidelik: vir volle konseptuele manifestering is 'n aansyn (byvoorbeeld [STOEL]) normaalweg nie afhanklik van 'n ander element nie, terwyl 'n verhouding (soos byvoorbeeld [ONDER] of [GEE]) 'n trajektor en 'n landmerk vooronderstel (minstens op skematiese vlak). Hierdie onderskeid geld nie net semantiese elemente nie, maar eweneens fonologiese elemente (so byvoorbeeld is vokale onafhanklike elemente, terwyl konsonante afhanklik is – vergelyk Langacker, 1987a: 298-299).

Die mate waartoe twee strukture van mekaar afhanklik is wanneer hulle kombineer in 'n valensieverhouding kan volgens die volgende beginsel geformuleer word:

- (53) *Struktuur A is afhanklik van struktuur O tot die mate waartoe O 'n uitbreiding van 'n markante substruktuur van A bevat.*

Twee aspekte van hierdie beginsel is veral van belang, naamlik **markantheid** en **uitbreiding**. Dit is belangrik om te bepaal watter substruktuur van struktuur A markant is, en of hierdie markante substruktuur deur struktuur O uitgebrei word.

Die markantheid (met ander woorde graad van prominensie) van 'n substruktuur word hoofsaaklik gebaseer op twee faktore, te wete die graad van sentraliteit en die

waarskynlikheid van aktivering. Ek bespreek elkeen van hierdie twee faktore vervolgens kortliks.

1. **Graad van sentraliteit:** Alle fasette van ons kennis van 'n konsep is nie ewe belangrik nie en daarom kan ons sê dat die verskeidenheid spesifikasies van 'n konsep 'n gradering in terme van sentraliteit vorm. Volgens Langacker (1987a: 159) hang die sentraliteit van 'n spesifikasie daarvan af of die spesifikasie **gekonvensionaliseerd** is, **generies** is, **intrinsiek** aan, en **karakteriserend** van die konsep is.

❖ Soos al bogenoemde faktore, is **gekonvensionaliseerdheid** 'n gradeerbare faktor, aangesien die mate van gekonvensionaliseerdheid afhang van die mate waartoe sprekers dieselfde betekenis aan 'n bepaalde kognitiewe roetine (byvoorbeeld 'n konsep of skema) heg. Sodra sodanige kognitiewe roetine genoegsaam verskans is, verkry dit dus eenheidstatus en verg dit weinig konstruksie-inspanning. Die vlak van **verskansdheid** (ook genoem "routinization", "automatization", "habit formation" en "augmentation" – Langacker, 1999a: 93; 1999b. Vergelyk ook 4.5) hang saam met die herhaaldelike gebruik van die eenheid, wat inhou dat geen non-arbitrêre punt geïdentifiseer kan word vir wanneer 'n entiteit eenheidstatus verkry nie. So byvoorbeeld kan die struktuur [BLOU/blœu] as 'n eenheid beskou word, terwyl 'n non-eenheid soos byvoorbeeld (BLOU_p/blœublœu) eers na herhaaldelike gebruik eenheidstatus sou kon verkry. Die onderskeid tussen eenhede en non-eenhede is dus eweneens skalêr¹⁵.

❖ As 'n substruktuur meer **generies** (ongespesifiseerd) as gespesifiseerd is, sal dit waarskynlik 'n groter mate van sentraliteit geniet, aangesien meer sprekers kennis op generiese vlak as op 'n gedetailleerde, ervaringspesifieke vlak deel. Met betrekking tot [BLOU], is 'primêre kleur in kleurspektrum' 'n meer generiese eienskap as byvoorbeeld die

¹⁵ Of 'n struktuur in 'n handwoordeboek as lemma/sublemma opgeneem is, sou as algemene riglyn kon dien om te beoordeel of 'n struktuur eenheidstatus het, aangesien 'n belangrike opnamekriterium vir standaardwoordeboeke juis gebruiksfrekwensie (en dus gekonvensionaliseerdheid) is.

spesifieke kleurnommer (byvoorbeeld “18-4039”) in die Pantone-sisteem¹⁶.

- ❖ `n Eienskap is **intrinsiek** aan `n entiteit tot daardie mate wat die eienskap nie noodwendigerwys verwys na eksterne entiteite nie. So byvoorbeeld is die eienskap ‘verhouding’ intrinsiek deel van die konsep [BLOU], aangesien [BLOU] as verhouding binne die kleurspektrum gekonseptualiseer word. Konnotasies en assosiasies soos ‘vryheid’ of ‘adellikheid’ of “rykdom” is egter nie intrinsieke eienskappe nie, aangesien dit kontekstueel en kultureel afhanklik is.
- ❖ Of `n eienskap **karakteriserend** van `n entiteit is, hang af van die mate waartoe die eienskap uniek aan die entiteit is en desgevolglik genoegsaam is om `n kategorieelid te identifiseer. In die geval van [BLOU] sal die kategorie-etiket “Pantone 18-4039” byvoorbeeld vir die ekspert tegniese-karakteriserend van die prototipiese konsep wees.

2. **Waarskynlikheid van aktivering:** Dit is voor die hand liggend dat `n substruktuur wat meer waarskynlik geaktiveer word binne `n bepaalde struktuur, groter prominensie sal geniet. Langacker (1991b: 189-201) verwys na sodanige substrukture as die **aktiewe area** (“active zone”) van die struktuur. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die aktiewe area nie noodwendig die profiel van die struktuur verteenwoordig nie. In die uitdrukking *die blou pen* is [PEN] die profiel van die komposisiestruktuur. Indien [PEN] byvoorbeeld `n tipiese Parker-pen as referent het, is die aktiewe area in die komposisiestruktuur waarskynlik nie die hele pen nie, maar òf slegs byvoorbeeld die voorste gekleurde gedeelte van die pen (aangesien die agterste gedeelte byvoorbeeld silwerkleurig kan wees), òf andersyds die kleur van die ink van die hervulling.

Deur hierdie faktore in ag te neem, kan die markantheid van `n substruktuur dus bepaal word. Enkele ander algemene kognitiewe beginsels speel egter ook `n rol, soos byvoorbeeld dat `n geheel dikwels meer markant is as die individuele dele van die geheel, of dat fisiese voorwerpe meer markant is as abstrakte entiteite, of dat lewende entiteite dikwels meer markant is as lewelose entiteite (Langacker, 1991b: 193).

¹⁶ Die “Pantone Professional Color System” is die mees algemene, universele kleurstandaard vir kleurreproduksie.

Aangesien so 'n groot aantal gradeerbare faktore 'n rol speel in die bepaling van die markantheid van 'n struktuur, is dit byna onmoontlik om markantheid absoluut te voorspel. Die rol van konteks moet dus altyd in ag geneem word by die bepaling van die markante struktuur.

Volgens die algemene beginsel in (53) hierbo geformuleer, moet ook bepaal word watter struktuur as uitbreiding dien vir 'n ander struktuur. **Uitbreiding** word beskou as die instansiëring van 'n skema, deurdat 'n spesifieke geval van die skema met meer presisie en volledigheid voorgestel word. Sodanige uitbreiding geskied in ooreenstemming met die spesifikasies van die skema en toon gevolglik nie afwyking van die skema nie. So byvoorbeeld is [BLOU] 'n uitbreiding van die skema [PEN] in die uitdrukking *die blou pen*, deurdat die skema met meer detail uitgebrei word. Hierdie verhouding word in hierdie beskrywingsmodel as $[A] \rightarrow [O]$ uitgedruk (oftewel $[PEN] \rightarrow [BLOU]$), waar [A] die meer skematiese, afhanklike struktuur is wat uitgebrei word (aangedui met 'n lynpyltjie) deur die meer gespesifiseerde, onafhanklike struktuur [O].

Wanneer die twee komponente [A] en [O] in 'n valensieverhouding te staan kom, is daar 'n substruktuur van [A] wat ooreenkom met die profiel van [O]. Hierdie substruktuur word die **uitbreidingsterrein** ("elaboration site" of "e-site") genoem, aangesien dit in 'n verhouding van skematisiteit staan met [O] as geheel en dus deur [O] uitgebrei word. In die kognitiewe grammatika se notasiesisteen verteenwoordig a_e die uitbreidingsterrein¹⁷, en word dit in die kwasipikturale diagramme as 'n gearseerde gedeelte uitgebeeld.

Daar is geen beperkinge op die tipe substruktuur wat as uitbreidingsterrein kan funksioneer nie, wat dus impliseer dat dit eweneens byna onmoontlik is om te voorspel watter substruktuur as uitbreidingsterrein sal funksioneer. Boonop speel faktore soos selektering, perspektiefstelling en abstrahering 'n belangrike rol in die wyse waarop die komponentpredikate die scène organiseer, wat lei tot verskille in hoe die vernaamste gedeelte substruktuur voorgestel word. Dit is dus belangrik dat al

¹⁷ Sover moontlik word die notasiesisteen soos deur veral Langacker gebruik, nie in Afrikaans vertaal nie. Die motivering hiervoor is dat die sisteem van Langacker al sodanig gekonvensionaliseer is, dat die vertaling daarvan tot verwarring kan lei vir lesers wat sowel Afrikaanse as Engelse tekste lees. Daarom word a_e bo byvoorbeeld a_u verkies.

hierdie faktore in ag geneem word om te bepaal watter substruktuur as uitbreidingsterrein funksioneer.

Om terug te keer tot die onderhawige kwessie van afhanklikheid en onafhanklikheid. Dit is voor die hand liggend dat daar dus 'n mate van ongelykheid/asimmetrie bestaan tussen die onafhanklike struktuur [O] en die afhanklike struktuur [A], aangesien 'n markante substruktuur van [A] uitgebrei moet word deur [O]. Hierdie ongelykheid word **A/O-asimmetrie** ("A/D-asymmetry") genoem en word algemeen in grammatikale strukture aangetref. So byvoorbeeld is 'n affiks 'n afhanklike element, aangesien dit gekarakteriseer word as 'n element wat aan/in 'n stam gevoeg word en nie onafhanklik in die grammatika voorkom nie¹⁸. Ook in oorganklike konstruksies is die A/O-asimmetrie duidelik: in 'n uitdrukking soos *Die man pos 'n brief* is [POS] 'n afhanklik relasionele predikaat, waarvan die skematiese landmerk uitbreiding deur 'n direkte voorwerp vereis.

Hoewel A/O-asimmetrie prototipies voorkom in grammatikale konstruksies is dit uiteraard nie altyd die geval nie. Die beginsel in (53) sluit geensins die moontlikheid uit dat twee komponentstrukture wedersyds afhanklik kan wees of dat daar nie 'n noodwendige afhanklikheidsverhouding tussen die twee strukture hoef te bestaan nie (Langacker, 1987a: 300). Reduplikasiekonstruksies dien hier as goeie voorbeeld en sal in hoofstuk 6 uitgebreid bespreek word.


4.2.4 Konstituering

Die laaste valensiefaktor wat hier aan die bod kom, is die volgorde waarin komponentstrukture met mekaar verbind om progressief meer uitgebreide komposisietrukture te vorm. Aangesien hiërargieë fundamenteel is aan kennis (Langacker, 1987a: 310), kan verwag word dat taal ook sekere hiërargiese vlakke sal weerspieël. Sodanige hiërargieë is die duidelikste te merk in die opeenvolgende integrering van simboliese strukture in valensieverhouding. So byvoorbeeld verbind [MASJIEN/məʃin] en [GEWEER/xəvɐ] om [MASJIEN-GEWEER/məʃinxəvɐ]

¹⁸ Dit geld natuurlik nie in gevalle waar die affiks genominaliseer word in 'n uitdrukking soos *Die prefiks ge- kom algemeen voor in Afrikaans*. In ooreenstemming met die algemene praktyk in die taalkunde, word sodanige selfnoemfunksies uitgesluit uit veralgemenings, tensy eksplisiet daarmee gehandel word.

te vorm, en [MASJIEN-GEWEER/məʃɪnxəvɐ] (as eenheid) verbind op 'n hoër vlak van konstituering met [SKURK/skœrk] om die komplekse samestelling (MASJIEN-GEWEER-SKURK/məʃɪnxəvɐrskœrk) te vorm.

Om hierdie verskillende vlakke van konstituering te ekspliseer, maak Langacker (1987a: 313) gebruik van konstitueringsboomdiagramme. Vergelyk byvoorbeeld die diagram in Figuur 20, wat die konstitueringsvlakke van (MASJIEN-GEWEER-SKURK-E) op die semantiese pool uitbeeld¹⁹. Elke node in die diagram verteenwoordig 'n **konstituent**, i.e. 'n komplekse bipolêre struktuur bestaande uit 'n geïntegreerde konseptuele struktuur wat in 'n simboliese verhouding staan met 'n geïntegreerde fonologiese struktuur (Langacker, 1991b: 295). Die nodes moet nie verwar word met kategorie-etikette soos in die boomdiagramme wat in die generatiewe grammatika gebruik word nie, maar moet eerder gesien word as aanduidings van die oorgangstrukture op die komposisionele pad. In die konstitueringsboomdiagramme dui die blokhakies op konstituentte met eenheidstatus, terwyl gewone hakies gebruik word om konstituentte sonder eenheidstatus aan te dui. Dubbele hakies word gebruik om die profieldeterminant te identifiseer, terwyl die pyltjies 'n aanduiding gee van die A/O-organisering (die pyltjie lei vanaf die afhanklike komponent na die onafhanklike komponent).



Figuur 20: *masjiengeweer-skurke*

¹⁹ Hierdie diagram toon slegs die semantiese pool, maar die analise is inderdaad bipolêr. Dieselfde soort diagram kan dus ook opgestel word om die konstituering op die fonologiese pool uit te beeld, en stem meestal ooreen met die konstituering op die semantiese vlak.

In sy bespreking van konstituering wys Langacker (1987a: 313) daarop dat konstituente sowel ongekeerde strukture as strukture met eenheidstatus kan wees. Dusdanig kan 'n ongekeerde struktuur soos (MASJIEN-GEWEER-SKURK) gemaklik as konstituent optree in die konstituering van die meer uitgebreide (MASJIEN-GEWEER-SKURK-E). Let daarop dat alle eenhede dus as konstituente kan optree, maar dat alle konstituente nie noodwendig eenhede is nie.

Langacker (1987a: 317) wys daarop dat konstituering, soos profielbepaling en A/O-asimmetrie, 'n sekondêre valensiefaktor is (ooreenkoms is die enigste primêre valensiefaktor). Dit beteken dat konstituering relatief non-essensieel is vir die realisering van grammatikale verhoudings, en dat dit dikwels buigsaam en veranderlik is (Langacker, 1987a: 318). Dit sal in hoofstuk 6 duidelik geïllustreer word aan die hand van reduplikasies in Afrikaans.

4.2.5 Samevatting

Samevattend kan ons sê dat die algemene kognitiewe vermoë van die mens om eenvoudige strukture saam te voeg om meer komplekse strukture te vorm, ook vergestalt word in taalgebruik. Die integrering van twee of meer eenvoudige komponentstrukture om 'n komplekse komposisiestruktuur te vorm, lei tot 'n komposisiestruktuur wat nie gewoon gereduseer kan word tot die som van die komponente nie. 'n Standpunt van gedeeltelike komposisionaalseit word dus binne hierdie beskrywingsmodel gehandhaaf. Dit beteken dat grammatikale konstruksies nie net in terme van die komponentstrukture en die komposisiestrukture beskryf moet word nie, maar juis ook in terme van die manier waarop die komponentstrukture integreer om die komposisiestruktuur te vorm en die besondere verhouding tussen die verskillende strukture.

In konneksionistiese terme sou ons kon sê dat ons die **patroon van aktiwiteit** ("set of activities") moet beskryf. Ons doen dit deur daardie strukture (sowel komponentstrukture as komposisiestrukture) wat teenwoordig is in die vorming van 'n bepaalde patroon van aktiwiteit te beskryf. Let wel: dit is nie die aktiveringstel of die eenhede van die aktiveringstel wat beskryf moet word nie, maar slegs die patrone van aktiwiteit wat daartoe sou kon lei dat daar bepaalde konneksies tussen eenhede

sou kon vorm. In die beskrywing van komposisie is ons dus eintlik besig om die “grense” van ’n potensiële aktiveringstel te definieer, deurdat die algemene patrone van aktiwiteit of konneksiepatrone beskryf word.

Uit die bespreking hierbo het dit geblyk dat die interne struktuur van komponentstrukture nie alleen die potensiële kombinasies van komponentstrukture bepaal nie, maar ook die waarskynlikheid van kombinerings van twee of meer komponentstrukture in ’n komposisiestruktuur. Die potensiaal van ’n bepaalde komponentstruktuur om met ander komponentstrukture te verbind en die wyse waarop sodanige komponentstruktuur sal verbind, hang van die valensiepotensiaal van die komponentstruktuur af. Die valensieverhouding tussen die verskillende gekombineerde elemente word bepaal deur vier valensiefaktore, te wete ooreenkoms (die enigste primêre valensiefaktor), konstruksieprofilering, konseptuele en fonologiese afhanklikheid en onafhanklikheid en konstituering.

4.3 KATEGORISERING

In hoofstuk 2 (vergelyk 2.2.2) is daarop gewys dat daar binne hierdie beskrywingsmodel van die standpunt uitgegaan word dat taal as bron kan dien vir die verstaan van die menslike kategoriseringsstelsel, aangesien taalstrukture beskou word as refleksies van algemene konseptuele organisering. Dusdanig word verwag dat dieselfde eienskappe aan taalkundige kategorieë toegedig kan word as wat by ander kognitiewe kategorieë bespeur word (Janda, 1990: 270).

Binne hierdie beskrywingsmodel word die uitgangspunte en bevindinge van die Prototipe Teorie onderskryf (vergelyk onder andere Rosch & Lloyd, 1978; Rosch & Mervis, 1975). Die invloed wat Eleanor Rosch en haar kollegas vanaf die sewentigerjare op die kognitiewe wetenskap gehad het, kan nie gering geskat word nie (Lakoff, 1982: 143). Ook binne die taalkunde vind die Prototipe Teorie vergestaltung, en wel in die kognitiewe linguistiek:

“...cognitive linguistics was inspired by the psycholinguistic research on prototype-based forms of categorization carried out by Eleanor Rosch.” (Geeraerts, 1995: 112)

Prototipes en die realisering van prototipes in taal geniet gevolglik uitvoerige aandag in die kognitiewe linguistiek (vergelyk onder andere Aitchison, 1994; Geeraerts, 1985, 1988a, 1988b, 1992; Lakoff, 1982, 1987; Lipka, 1987; Taylor, 1989; Tsohatzidis, 1990; Wierzbicka, 1985 – om maar enkeles te noem). Om hetsy die detail van die Prototipe Teorie of die bevindings van bogenoemde outeurs hier op te som, sou **redundant** wees, aangesien goeie samevattinge gevind kan word in inleidende boeke tot die kognitiewe linguistiek (vergelyk veral Dirven & Verspoor, 1998; Ungerer & Schmid, 1996). Ek volstaan daarom met 'n kort en tersaaklike opsomming van die beskouing van kategorisering met betrekking tot taal wat in hierdie beskrywingsmodel gevolg word (vergelyk ook Langacker, 1987a: hoofstuk 10 vir 'n uitgebreide bespreking).

Die belangrikste uitgangspunt hier is dat kategorisering beskou word as 'n spesifieke geval van die meer algemene kognitiewe vermoë van **vergelyking** ("comparison"), i.e. die vermoë om twee strukture (die **standaard** en die **teiken**) met mekaar te vergelyk met die doel om enige ooreenkomste en verskille te identifiseer (Langacker, 1999: 2). Binne sodanige beskouing word kategorisering gesien as 'n proses van vergelyking, aangesien die standaard 'n bestaande eenheid verteenwoordig en die teiken 'n ongekende eenheid wat gekategoriseer moet word.

Indien daar geen verskille is tussen die standaard en die teiken nie, kan ons sê dat die teiken alle spesifikasies van die standaard bevredig. Wanneer twee strukture in sodanige verhouding staan, verwys ons daarna as 'n **uitbreidingsverhouding** ("elaborative relationship"). Ons kan dus sê dat die ongekende teikeneenheid (B) 'n uitbreiding (ook soms genoem **instansiëring** – "instantiation") is van die standaardeenheid [A], en kan die verhouding voorgestel word as $[A] \rightarrow (B)$. Die blokhakies om A dui daarop dat dit 'n bekende eenheid is, terwyl die geronde hakies om B aandui dat dit 'n ongekende eenheid is. Die lynpyltjie word gebruik om 'n uitbreidingsverhouding aan te dui.

Dit kan egter ook gebeur dat daar aansienlike verskille bestaan tussen die standaard en die teiken. In sodanige geval is daar sprake van 'n **verlengingsverhouding** ("extensive relationship") tussen [A] en (B), deurdat (B) nie alle spesifikasies van [A] bevredig nie. Die verhouding word dan voorgestel as $[A] \rightarrow (B)$, waar die stippelpyl die verlengingsverhouding tussen die twee eenhede aandui.


byvoorbeeld anders as 'n lessenaarrekenaar ten opsigte van grootte, kragtigheid, mobiliteit, onderdele, ensovoorts).

Op grond van hierdie twee soorte kategoriseringsverhoudings kan ons na 'n bepaalde netwerk op twee maniere gaan kyk, naamlik na kategorisering via 'n prototipe of na kategorisering via 'n skema. Let wel dat hiermee nie geïmpliseer word dat daar twee soorte netwerke bestaan nie; dit is slegs twee verskillende perspektiewe op dieselfde netwerk (Taylor, 1990: 533).

4.3.1 Kategorisering via prototipes

Wanneer daar sprake is van 'n verlengingsverhouding tussen twee strukture in 'n netwerk, geskied kategorisering via 'n prototipe (Langacker, 1995c). In sodanige gevalle word die netwerk as 'n **radiale netwerk** beskou (Lakoff, 1987: hoofstuk 6; Langacker, 1999a: 101) – met ander woorde kategorieë word metafoeries gesien as dat dit konsentreer rondom 'n bepaalde prototipe gerangskik word, waar die prototipe die kern van die radiale netwerk vorm.

As ons die REKENAAR-kategorie as 'n radiale netwerk sou beskou, sou ons dit diagrammaties soos volg kon voorstel :



Figuur 22: Radiale netwerk van REKENAAR

Die volgende aspekte met betrekking tot hierdie radiale netwerk is belangrik:

verbonde wees sonder dat alle lede van die kategorie dieselfde eienskappe gemeen het (Lakoff, 1987: 12). Met betrekking tot die REKENAAR-kategorie kan ons sê dat ABAKUS ook deel is van die kategorie, maar dan wel via die skema BEREKENINGSMECHANISME. Hoewel ABAKUS dus heel weinig gemeen het met LESSENAARREKENAAR, is dit op grond van familieverbande verbonde aan LESSENAARREKENAAR.

- ❖ Lakoff (1987: 95) wys daarop dat komplekse kategorieë gestruktureer word deur aaneenskakeling (“chaining”): sentrale lede word geskakel aan ander lede, wat weer geskakel word aan ander lede, ensovoorts. Langacker (1999a: 103) sluit hierby aan as hy in sy diagrammatiese voorstellings die kognitiewe afstand tussen kategorielede aandui deur sommige lede nader aan die prototipe te rangskik as ander lede. As ons sê dat LESSENAARREKENAAR die prototipiese lid is van die REKENAAR-kategorie, sal SKOOTREKENAAR waarskynlik nader aan die prototipe lê as SAKREKENAAR.
- ❖ Kategoriegrense is vaag (“fuzzy”), in die sin dat daar ’n groot mate van variasie kan voorkom op die periferie van ’n kategorie. Met betrekking tot die onderskeid tussen die kategorieë SKOOTREKENAAR en PALMREKENAAR, sou ons kon sê dat die twee kategorieë van mekaar onderskei word hoofsaaklik op grond van grootte (palmrekenaars is veel kleiner as skootrekenaars) en die wyse waarop data ingevoer word (by skootrekenaars word gebruik gemaak van ’n toetsbord, terwyl by palmrekenaars ’n digitale pen gebruik word). Daar is egter ook rekenaars wat byna so groot is soos ’n palmrekenaar, maar wat ’n toetsbord gebruik om data in te sleutel. Die grens tussen PALMREKENAAR en SKOOTREKENAAR is dus redelik vaag, aangesien daar kategorielede is wat eweveel eienskappe van albei kategorieë deel.
- ❖ In teenstelling met onder andere Regier (1994), gaan ek van die standpunt uit dat radiale netwerke nie aanspraak maak op universaliteit nie. Hierdie standpunt word gebaseer op die uitgangspunt dat radiale netwerke dinamies is met betrekking tot die ervaring van die konseptualiseerder. Ook sluit ek aan by die standpunt dat radiale netwerke kultuur- en konteks-gevoelig is (Langacker, 1987: 401; Verhagen, 1997), en dat kategorieelidmaatskap van individu tot individu kan wissel.

uitbreidings is van die basisvlakkategorie. Die superordinaatkategorie van REKENAAR is BEREKENINGSMEGANISME, aangesien dit 'n skematiese term is wat generies gebruik word. In teenstelling met die superordinaatterm, vertoon kategorielede op die subordinaatvlak (LESSENAARREKENAAR, PALMREKENAAR, ensovoorts) veel meer detail en spesifisiteit as die term op die basisvlak.

- ❖ Aangesien kategorieelidmaatskap gebaseer word op uitbreiding van 'n skema, beteken dit dat kategorielede aan al die spesifikasies van die skema moet voldoen. So byvoorbeeld sal ons nie 'n sellulêre telefoon wat 'n ingeboude sakrekenaarfunksie het as uitbreiding van die kategorie REKENAAR voorstel nie. Dit sou egter wel deel van die kategorie REKENAAR kon wees op grond van die verlengingsverhouding met SAKREKENAAR.

4.3.3 Taalkundige kategorieë

Nie alleen alledaagse kategorieë is in komplekse netwerke gestruktureer nie – ook taalkundige kategorieë kan as netwerke beskou word. Om aan te toon dat taalkundige kategorieë op alle vlakke van organisering as komplekse netwerke gestruktureer word, verwys ek na enkele eksemplare (vir uitgebreide besprekings vergelyk veral Taylor, 1989 en Tsohatzidis, 1990):

- ❖ **Foneties-fonologiese vlak:** In aansluiting by Langacker (1987a: 388-394) stel Seiler (1993) dat SPRAAKKLANK die superordinaatkategorie is van die twee basisvlakkategorieë VOKALE en KONSONANTE, met die verskillende variante as subordinaatkategorieë. Palmer (1996: hoofstuk 10) brei hierop uit met verwysings na 'n groot aantal tale. Ook Nathan (onder andere 1989, 1994) toon uitvoerig aan dat fonologiese sisteme gesien kan word as komplekse netwerke. Met betrekking tot Afrikaans gebruik Van Rooy (1999) skematiese netwerke tesame met Optimaliteitsteoriebeperkings om stemverskynsels in Afrikaans te beskryf.
- ❖ **Morfo-sintaktiese vlak:** In navorsing met betrekking tot die intonasiepatrone van vraagsinne in Afrikaans (Van Huyssteen & Wissing, 1996) is aangetoon dat *wh*-vraagsinne die mees prototipiese vraagsinne in Afrikaans is, terwyl intonasie- en eggovraagsinne periferiese lede van die VRAAGSIN-kategorie is. Verhagen (1998, 1999) demonstreer dat die *doen*- en *weg*-konstruksies in Nederlands gesien

sistematiek in die ooreenkomste tussen die fonologiese en semantiese pole vir reduplikasies in Nawatl.

Wanneer ons dus 'n netwerk vir 'n bepaalde konstruksie/fenomeen postuleer, moet ons nie net die konseptuele invoer van die bepaalde konstruksie beskryf nie, maar ook enige sistematiek op die fonologiese pool. Ook moet nie alleen aandag aan semanties-gemotiveerde strukture gegee word nie, maar moet daardie aspekte van die netwerk wat meer arbitrêr is ook aandag geniet.


Uiteraard impliseer dit 'n enorme taak vir die taalkundige, en moet beperkings (in terme van afbakening) op die beskrywings gelê word (wat in elk geval algemene wetenskaplike praktyk is). So byvoorbeeld kies ek in hierdie proefskrif vir slegs 'n enkele konstruksie in Afrikaans, en dan ook spesifiek om slegs 'n karakterisering van die semantiese pool van hierdie konstruksie te gee. In sodanige afgebakende beskrywing moet die taalkundige egter voortdurend bewus wees van die aspekte wat buite die bepaalde beskrywing val en dit so ver moontlik in berekening bring tydens die beskrywing.

4.4 ABSTRAHERING: SKEMATISERING EN PROTOTIPISERING

Soos ons in die gedeelte oor kategorisering gesien het (vergelyk 4.3), word skematiese en prototipiese representasies van kategorieë gesien as aspekte van dieselfde algemene fenomeen (Taylor, 1990: 533). Die prosesse van **skematisering** (Langacker, 1999a: 93) en **prototipisering** ("prototypization" – Seiler, 1993: 126) kan dus beide beskou word as gevalle van die meer algemene kognitiewe proses van **abstrahering** ("abstraction"), wat die proses is waardeur 'n struktuur ontstaan as gevolg van die versterking van die gemeenskaplikheid inherent aan veelvuldige ervarings (Langacker, 1999a: 93). Om dit eenvoudig te stel: skemas en prototipes ontstaan wanneer 'n bepaalde ervaring genoeg herhaal word om geïdentifiseer te word as 'n patroon.

Die proses van abstrahering is wyd bestudeer binne die sielkunde. Reeds so vroeg as 1932 het Bartlett (1932) die term **abstrakte geheue** gebruik om aan te toon dat skemas in die abstrakte geheue gestoor word om later te dien as basis vir die aanleer en transformering van nuwe inligting. Hierdie idee is verder ontwikkel deur onder

noem. Vergelyk die diagrammatiese voorstelling in Figuur 24 (gebaseer op die voorstellings van Hinton & Shallice, 1991):



Figuur 24: Skema vir VLAKBRAAI

Die grys area stel die gebied van aantrekking voor wat ons die VLAKBRAAI-skema noem. Binne hierdie gebied van aantrekking is daar lokaliseringspunte wat met die spesifieke instansiërings korrespondeer (i.e. EIERS BRAAI, TAMATIES BRAAI en SAMPIOENE BRAAI). Hierdie lokaliseringspunte is **aantrekkers** (“attractors”) wat gesien kan word as prototipiese punte binne die bepaalde netwerk (daarom ook dat die kolletjie van EIERS BRAAI groter is as die ander kolletjies, aangesien EIERS BRAAI veronderstel word om meer prototipies te wees as TAMATIES BRAAI en SAMPIOENE BRAAI). Die verwagting is dus dat enige inset in hierdie gebied van aantrekking (soos byvoorbeeld ’n opdrag om iets te vlakbraai), uiteindelik die toestand sal bereik wat deur een van die aantrekkers voorgestel word.

Om saam te vat: deur ’n proses van abstrahering word skemas geëkstraheer (“extracted”), wat dien as kennisvelde om toegang tot inligting makliker en vinniger te maak. Hierdie proses van skemavorming (oftewel **skematisering**) kan beskryf word as die sistematiese selektering van daardie gemeenskaplike aspekte wat die geheel verteenwoordig, terwyl enige ander (“afwykende”) aspekte geïgnoreer word (Kreitzer, 1997; Talmy, 1983: 225). Gelyktydig met hierdie proses van skematisering word binne ’n bepaalde kennisveld ook meer markante instansiërings geïdentifiseer, wat toegang

spesifisiteit gekarakteriseer word, selfs as 'n spesifieke leksikale item. Die potensiële reikwydte van 'n konstruksieskema word egter wel bepaal deur algemeenheid, en die taalkundige moet poog om 'n skema te formuleer wat sodanig algemeen is dat dit voorsiening maak vir soveel uitdrukkings moontlik, sonder dat dit te algemeen is (en dus voorsiening maak vir alle uitdrukkings).

- ❖ **Produktiwiteit.** Die mate waartoe 'n konstruksieskema beskikbaar is vir die sanksionering van ongekennde uitdrukkings, het betrekking op die produktiwiteit van die konstruksieskema. Hoe groter die waarskynlikheid dat 'n bepaalde konstruksieskema gebruik sal word as die aktiewe struktuur binne die aktiveringstel, hoe hoër die vlak van produktiwiteit van die konstruksieskema. Die konstruksieskema $[X-MV/x-\theta]$ is byvoorbeeld meer produktief as die konstruksieskema $[X-MV/x-isi]$, aangesien die meervoud van 'n ongekennde uitdrukking waarskynlik eerder deur eersgenoemde as deur laasgenoemde konstruksieskema gevorm sal word. Hoewel die konstruksieskema $[X-MV/x-isi]$ wel 'n bestaande skema is, kan dit hoogs waarskynlik nie binne die aktiveringstel suksesvol kompeteer vir selektering nie, aangesien dit nie eintlik toegepas kan word op ander data as die data waaruit dit geëkstraheer is nie.

Algemeenheid en produktiwiteit is wel nou verbonde aan mekaar, maar is nie presies dieselfde nie. 'n Konstruksieskema wat byvoorbeeld nie 'n hoë vlak van algemeenheid het nie (wat byvoorbeeld net van toepassing is op 'n beperkte kategorie woorde), kan wel hoogs produktief wees (van toepassing op alle lede van daardie bepaalde kategorie).

As ons dus in 'n stel data bepaalde reëlmatighede kan identifiseer wat omskryf kan word in 'n algemene skema en daardie skema verteenwoordig 'n produktiewe patroon, kan ons sê dat daar sprake is van 'n konstruksieskema. Sodanige konstruksieskema (en subkonstruksieskemas, wat spesiale gevalle van die algemene patroon instansieer – Langacker, 1998c: 14) dien dan ook as basis vir oordele oor die **welgevormdheid** ("well-formedness") of **niewelgevormdheid** ("ill-formedness") van ongekennde uitdrukkings. Indien 'n ongekennde uitdrukking gekategoriseer kan word as 'n uitbreiding van die konstruksieskema (met ander woorde dat dit 'n instansiëring van die skema is wat aan al die eienskappe van die skema voldoen),

Posner & Snyder (1974) het belangrike werk in dié verband gedoen deur aan te toon dat outomatiseringsprosesse sonder intensie geskied, onbewustelik plaasvind en weinig (indien enige) kognitiewe energie verg. Een van die mees ingewikkelde kognitiewe prosesse, naamlik om te kan lees, verg byvoorbeeld weinig bewustelike kognitiewe energie, aangesien dit gedurende die kinderjare as 'n geoutomatiseerde roetine vasgelê word (Solso, 1998: 147).

In konneksionistiese terme kan ons sê dat die herhaling van 'n komplekse episode (soos byvoorbeeld valskermspring) gefasiliteer word deur spore/konneksies wat agtergelaat word ~~soos~~ wat inligtingseine ontvang en deur die sisteem geprosesseer word. Afhangende van die gewigte van die konneksies is die beskikbare kennis tot mindere of meerdere mate toeganklik vir heraktivering. Hoe sterker die konneksiegewigte is (i.e. hoe meer verskans die konneksies is), hoe minder bewustelike aandag is nodig vir die dele of organisering van die dele, en kan dit dus maklik as eenheid geaktiveer en uitgevoer word.

'n Struktuur (hetse gebied van aantrekking of aantrekker) wat **eenheidstatus** het (Langacker, 1987a: 100), sal meer waarskynlik as aktiewe struktuur gekies word as 'n struktuur wat ~~nie~~ eenheidstatus het nie, juis omdat dit minder kognitiewe energie verg om 'n **eenheid** te aktiveer as om al die dele en die organisering van die dele te aktiveer. Die proses waardeur 'n non-eenheidstruktuur eenheidstatus verkry (i.e. die proses van verskansing), kan soos volg voorgestel word: $(X) > [X]$ (Langacker, 1995c). Die ~~ronde hakies~~ dui op 'n non-eenheid, terwyl die blokhakies aandui dat X eenheidstatus het.

Let wel dat verskansing 'n kwessie van graad is, en dat daar dus geen klinkklare onderskeid is tussen ongekenende strukture en strukture met eenheidstatus nie (Langacker, 1999a: 100). Voorgestelde grense tussen ongekenende strukture en strukture met eenheidstatus kan voortdurend verwissel, aangesien die herhaaldelike gebruik van 'n struktuur die eenheidstatus van daardie struktuur versterk, terwyl 'n struktuur wat in onbruik verval die teenoorgestelde effek het.

Selfs wanneer 'n struktuur vir die eerste keer gebruik word, beweeg dit in 'n rigting van verskansing en konvensionalisering, aangesien 'n spoor by ten minste een lid van die bepaalde taalgemeenskap gelaat word. Wanneer sodanige ongekenende struktuur 'n

produktiwiteit van betekenisonderskeidings in **morfologiese afleidings** en die **etimologies** mees prominente betekenisonderskeidings (Swanepoel, 1991: 259).²⁴

Hierdie twee kriteria (i.e. sentraliteit en linguistiese belangrikheid) gee ook met betrekking tot grammatikale konstruksies 'n aanduiding van die mate van verskansing van 'n spesifieke konstruksie (en dus 'n aanduiding van die waarskynlikheid van aktivering van die betrokke konstruksie). Ter afsluiting illustreer ek hierdie twee kriteria aan die hand van vraagsinkonstruksies in Afrikaans.

In navorsing wat ons (Van Huyssteen & Wissing, 1996) gedoen het oor die prototipisiteit van Afrikaanse vraagsinne, is bevind dat die *wh*-vraagsinkonstruksie (byvoorbeeld *Wat is jou naam?*) die mees prototipiese vraagsinkonstruksie in Afrikaans is. Daarnaas is inversievrae (byvoorbeeld *Is jou naam Pieter?*) meer prototipies as ander tipes vraagsinne (soos byvoorbeeld eindgroep-, einddeel- en intonasievrae). Ons het ook bevind dat *Wat?* die mees prototipiese *wh*-vraagwoord is, en dat *Waar?* weer meer prototipies is as die res van die *wh*-vraagwoorde. Ons kan dus beweer dat vraagsinkonstruksies met *Wat?* (met ander woorde 'n subkonstruksieskema) sterker gekonvensionaliseer is as vraagsinkonstruksies met *Waar?*, ensovoorts.

Na aanleiding van ons bevindinge sou ook byvoorbeeld voorspel kon word dat *wh*-vraagsinne meer waarskynlik gebruik sal word om 'n antwoord met toeliggende informasie te kry as byvoorbeeld intonasievraagsinne, terwyl inversievrae die meeste gebruik sal word om *ja*- of *nee*-antwoorde te kry. Vanweë die sentraliteit van die *wh*-vraagsinkonstruksie sou ons egter kon voorspel dat 'n spreker meer waarskynlik sal kies vir 'n *wh*-vraagsinkonstruksie wanneer hy/sy 'n vraag wil stel

Ons sou dus kon sê dat die *wh*-vraagsinkonstruksie in Afrikaans sterker verskans is as ander vraagsinkonstruksies, en dus meer waarskynlik as die **aktiewe struktuur** sal optree binne die aktiveringstel (i.e. die vraagstellingsraamwerk).

²⁴ In die karakterisering van grammatikale konstruksies is die gebruik van woordeboeke nie altyd ewe bruikbaar nie, aangesien woordeboeke meestal gerig is op eenvoudiger strukture (woorde), en nie op komplekse konstruksies (sinne) nie. Vir hierdie doel benodig die taalkundige eintlik 'n omvattende korpus. By gebrek aan 'n korpus (soos in die geval van Afrikaans) kan ander inligtingstrukture in woordeboeke wel gebruik word, soos byvoorbeeld definisies, sitate, poëme, ensovoorts. Ander vorme van dataversameling (soos byvoorbeeld empiriese toetse, steekproewe, ensovoorts) is uiteraard ook nog tot die navorser se beskikking.

INTEGRASIE: 'N KOGNITIEWE GEBRUIKSGBASEERDE
BESKRYWINGSMODEL

5.1 INLEIDING

In die voorafgaande drie hoofstukke is die grondslag gelê vir die uitgangspunte en struktuur van hierdie kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel. Ek het in hoofstuk 2 die uitgangspunte en teoretiese vooronderstellings van die model geëkspliseer, en daarna in hoofstukke 3 en 4 die basiese “toerusting” wat nodig is vir 'n taalkundige beskrywing binne hierdie model bekend gestel en verduidelik. In hierdie hoofstuk sal die voorafgaande drie hoofstukke dus geïntegreer word om die werkstrategie van hierdie beskrywingsmodel uiteen te sit.

Dit is belangrik om twee sake in ag te neem:

- ❖ Binne die omvang van hierdie proefskrif word slegs aandag gegee aan enkele **aspekte** van hierdie beskrywingsmodel. Om aandag te gee aan alle aspekte sou veels te omvattend wees om binne die bestek van 'n proefskrif te verdiskonteer; vergelyk byvoorbeeld die twee omvangryke bundels van Langacker se *Foundations of Cognitive Grammar Volume I* (1987a) en *Volume II* (1991a) wat gesamentlik meer as 1100 bladsye beslaan. Hoewel gepoog word om 'n geïntegreerde en “werkbare” beskrywingsmodel voor te stel, moet daar tog 'n seleksie uit die totale bestek van metodes, meganismes en beskrywingskonstrukte van die kognitiewe grammatika gemaak word. Die seleksiekriteria vir aspekte wat in hierdie proefskrif aan die bod kom, is gerig op die beskrywing van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans.
- ❖ Die term **beskrywingsmodel** skep moontlik 'n verwagting van 'n “stap-vir-stap”-raamwerk waarmee enige linguistiese fenomeen beskryf kan word. Hoewel hierdie gebruiksgebaseerde model deel is van die algemene kognitief-grammatiese strewende, word geen programmatiese pretensies voorgehou nie. Dit is eerder 'n beskrywingsmodel wat aan die taalkundige die struktuur en meganismes bied

word as ([A] [B])C, waar [A] en [B] gekonvensionaliseerde eenhede is wat nog nie voorheen verbind het nie, en (C) die ongekennde komposisiestruktuur is wat gevorm word wanneer die twee komponentstrukture integreer. So byvoorbeeld verbind die komponente [REKENAAR] en [MUIS] om die ongekennde uitdrukking (REKENAARMUIS) te vorm, waarvan die funksie/betekenis nie af te lei is uit die afsonderlike komponente nie. Sodanige komposisie kan dan voorgestel word as ([REKENAAR][MUIS]).

Wanneer 'n bepaalde konstruksie beskryf word, moet die volgende vraag met betrekking tot komposisie dus beantwoord word:

HOE WORD 'N BEPAALDE KONSTRUKSIE GEVORM?

Om hierdie vraag na bevrediging te beantwoord, moet die potensiaal van 'n bepaalde komponentstruktuur om met ander komponentstrukture te verbind en die wyse waarop sodanige komponentstruktuur sal verbind, ondersoek word. Hierdie potensiaal van komponentstrukture om te verbind in 'n komplekse komposisiestruktuur, word bepaal deur die valensiepotensiaal van die onderskeie komponentstrukture. Ons kan dus aan die hand van vier valensiefaktore (naamlik ooreenkoms, konstruksieprofilering, konseptuele en fonologiese afhanklikheid en onafhanklikheid, en konstituering) bepaal wat die valensieverhouding tussen die verskillende gekombineerde elemente sal wees.

Met betrekking tot **ooreenkoms** moet die ooreenkomste tussen die substrukture van die onderskeie komponentstrukture geïdentifiseer word, aangesien die ooreenkomste dien as instruksies vir die superimponering van die spesifikasies van ooreenstemmende substrukture om saam te smelt in 'n komposisiestruktuur. Hierdie ooreenkomste kan op sowel die fonologiese as semantiese pool gevind word. In die kwasipikturale diagramme word die ooreenkomste tussen die verskillende substrukture aangedui met behulp van ooreenkomslyne.

In die tweede plek moet met betrekking tot **konstruksieprofilering** gekyk word na die proses waardeur die komposisiestruktuur se profiel bepaal word wanneer twee komponentstrukture verbind. Ons kan sodanige konstruksieprofilering beskryf aan die hand van twee aspekte, naamlik **profielbepaaldheid** en **ontleedbaarheid**. Aangesien die komposisiestruktuur gewoonlik tot 'n mindere of meerdere mate die

uiteraard ook binne die konteks waar die bepaalde struktuur gebruik word, in berekening gebring word.

Wanneer ons die markante struktuur/substruktuur geïdentifiseer het, moet ons ook bepaal of hierdie struktuur deur 'n ander struktuur uitgebrei word (i.e. die uitbreidingsterrein wat met meer presisie en volledigheid voorgestel word). Ek het in hoofstuk 4 geargumenteer dat sodanige uitbreiding in ooreenstemming met die spesifikasies van die skema geskied en gevolglik nie afwyking van die skema toon nie.

In die laaste instansie moet die **konstituering** van 'n bepaalde komposisie beskryf word (i.e. die volgorde waarin komponentstrukture met mekaar verbind om progressief meer uitgebreide komposisietrukture te vorm). Konstituente in 'n komplekse komposisie kan sowel ongekende strukture as strukture met eenheidstatus wees, en dit is slegs belangrik om aan te dui in watter volgorde konstituering plaasvind.

Wanneer ons beskryf hoe 'n bepaalde grammatikale konstruksie (byvoorbeeld die reduplikasiekonstruksie) gevorm word, moet ons dus die strukture en substrukture van die komposisiestrukture in terme van hierdie vier valensiefaktore bespreek en analiseer. Dusdanig verkry ons dan 'n duidelike beeld van hoe twee of meer komponentstrukture integreer om 'n komplekse komposisiestrukture te vorm.

5.3 KATEGORISERING

Aangesien taalkundige kategorieë komplekse netwerke vorm, moet sodanige netwerke ook binne hierdie beskrywingsmodel omvattende aandag geniet. Die essensiële vraag wat beantwoord moet word, kan soos volg gestel word:

HOE LYK DIE KATEGORISERINGSNETWERK VAN DIE KONSTRUKSIE?

'n Netwerk van 'n bepaalde grammatikale konstruksie bestaan uit taalkundige strukture van enige soort, grootte of spesifisiteit, wat meestal semanties/konseptueel gemotiveerd is. Binne so 'n netwerk kan 'n bepaalde aktiveringstel geïdentifiseer

Sodanige netwerke dien dan ook as kategoriseringstruktuur waarteen die wel- of niewelgevormdheid van ongekennde uitdrukkings bepaal kan word. Indien die betrokke netwerk gekies word as die aktiveringstel waarbinne 'n bepaalde ongekennde uitdrukking gekategoriseer moet word, moet die betrokke uitdrukking aan alle spesifikasies van die aktiveringstel voldoen om as welgevormd beskou te word. Die betrokke uitdrukking word dus gesien as 'n uitbreiding van die skema van die betrokke konstruksie. Indien daar nie aan alle spesifikasies voldoen word nie, kan die uitdrukking gesien word as 'n verlenging van die kategoriseringsnetwerk, en sal dit waarskynlik as minder welgevormd (of selfs as niewelgevormd) beoordeel word.

Ook is dit myns insiens nodig om die domeine van instansiëring in die netwerk weer te gee (of ten minste in ag te neem). In Engels het die suffiks [s] byvoorbeeld 'n effek in die ruimtedomein wanneer dit verbind met 'n aansyn, terwyl dit effek het in die kwaliteitdomein wanneer dit verbind met 'n proses. Wanneer die komplekse netwerk van die Engelse [s]-suffiks dus beskryf word, moet daar ook rekenskap gegee word van die bepaalde domein waarin die konstruksie effek het.

Om sodanige komplekse netwerke van konstruksies op te stel, is uiteraard nie 'n maklike en eenvoudige taak nie, juis aangesien 'n mens 'n maksimalistiese benadering volg. Dit gebeur daarom meestal dat slegs die semantiese pool van 'n bepaalde konstruksie beskryf word, terwyl die fonologiese pool minder aandag geniet. Sodanige uitsluiting van die fonologiese pool impliseer egter nie dat dit minder belangrik is nie, maar reflekteer slegs die besondere belangstelling of fokus van die bepaalde navorsing. In hierdie proefskrif word byvoorbeeld omvattend aandag gegee aan die semantiese pool van reduplikasies, en word 'n beskrywing van die fonologiese pool gelaat vir verdere navorsing (vergelyk Van Huyssteen, Van Rooy & Wissing, in voorbereiding). Daarmee word die belangrikheid van die fonologiese pool nie genegeer nie, maar weens beperkinge op die omvang van hierdie proefskrif, word nie verdere aandag daaraan gegee nie.

konstruksieskema. Sodanige konstruksieskema en subkonstruksieskemas dien as basis vir oordele oor die welgevormdheid van ongekende uitdrukkings (vergelyk ook die bespreking hierbo by 5.3). Indien 'n ongekende uitdrukking gekategoriseer kan word as 'n uitbreiding van die konstruksieskema, word sodanige uitdrukking as welgevormd beskou. As die uitdrukking 'n verlenging is van die konstruksieskema deurdat daar 'n bepaalde diskrepansie tussen die uitdrukking en die skema bestaan, word die uitdrukking as niefelgevormd beoordeel.

Om saam te vat: nadat 'n bepaalde kategoriseringsnetwerk vir 'n bepaalde stel data beskryf is, moet ons bepaal of daar 'n konstruksieskema of subkonstruksieskemas uit hierdie netwerk gepostuleer kan word. Dit word gedoen deur te bepaal tot watter mate 'n bepaalde konstruksieskema 'n reeks uitdrukkings karakteriseer en tot watter mate 'n konstruksieskema beskikbaar is vir die sanksionering van ongekende uitdrukkings. Indien ons kan aantoon dat 'n bepaalde hipotetiese konstruksieskema genoegsaam algemeen en produktief is, kan ons sê dat dit inderdaad 'n konstruksieskema is.

5.5 VERSKANSING

In die laaste instansie moet ons die volgende vraag beantwoord:

TOT WATTER MATE IS DIE KONSTRUKSIESKEMA VERSKANS?

Die mate van **verskansing** van 'n konstruksie kan beskryf word as die vermoë van die konstruksie om maklik geaktiveer en uitgevoer te word in die vorming en karakterisering van gekonvensionaliseerde en ongekende uitdrukkings. Om die graad van verskansing van 'n bepaalde konstruksie te beskryf, moet ons dus bepaal of die konstruksieskema eenheidstatus het. Indien 'n bepaalde konstruksieskema outomaties en sonder konstruksie-inspanning as 'n geïntegreerde geheel geaktiveer kan word, kan ons sê dat die konstruksieskema **eenheidstatus** het.

Ons kan die eenheidstatus van 'n bepaalde struktuur meet aan die hand van twee kriteria, te wete sentraliteit en linguistiese belangrikheid. Met betrekking tot

5.6 SAMEVATTING

In hoofstuk 4 het ek dit duidelik gestel dat hierdie onderskeie kognitiewe vermoëns nie as afsonderlik gesien moet word nie, maar juis as geïntegreerd deel van die mens se algemene kognitiewe vermoë. Die fout moet dus nie gemaak word om hierdie vermoëns en prosesse kompartementalisties te benader nie, maar juis om dit as 'n geheel te beskou waaruit ons vermoë tot taalgebruik spruit.


Deur hierdie vermoëns egter apart te bespreek, bied dit 'n struktuur waarbinne 'n taalkundige beskrywing van 'n bepaalde konstruksie gemaak kan word. Die werkstrategie in hierdie gebruiksegebaseerde beskrywingsmodel kan soos volg opgesom word

1. Die taalkundige merk uit 'n aantal gebruiksepisodes (data) dat daar moontlik sprake kan wees van 'n konstruksie, aangesien hy/sy bepaalde algemene patrone of frekwente uitdrukkings identifiseer. Dit dien as stimulus vir die voorgename taalkundige ondersoek.
2. Hy/sy moet dan sodanige algemene/frekwente patrone analiseer om te bepaal wat die wyse van komposisie van die konstruksie sou kon wees.
3. Daarna beskryf hy/sy die kategoriseringsnetwerk wat verantwoordelik sou kon wees vir die kategorisering van die konstruksie. 'n Komplekse netwerk van uitbreidings- en verlengingsverhoudings tussen verskillende nodes op die semantiese en/of fonologiese pool moet dus gepostuleer word.
4. Uit genoemde kategoriseringsnetwerk probeer hy/sy vervolgens om algemene en produktiewe konstruksieskemas en subkonstruksieskemas te identifiseer, wat kan dien as norm vir 'n oordeel oor die welgevormdheid van ongekende uitdrukkings.
5. In die laaste instansie moet hy/sy dan bepaal tot watter mate die onderhawige konstruksie verskans is deur 'n beskrywing te gee van die sentraliteit en linguistiese belangrikheid van die bepaalde konstruksie.

Indien hierdie werkstrategie gevolg word, kan ons daarop aanspraak maak dat 'n psigologies-reële en konseptueel eenvormige strukturele beskrywing van 'n konstruksie gegee is (vergelyk 4.1). Weens die omvattendheid van sodanige

gebruiksgebaseerde karakterisering van die fonologiese pool van die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie. Die navorsingsuitsette van sodanige projek, tesame met die beskrywing in hierdie proefskrif, sou dus in terme van die veronderstellinge van hierdie beskrywingsmodel aanspraak kon maak op 'n volledige strukturele beskrywing van die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie.

Afdeling C: Die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans



Vanuit 'n enkele struktuur [A] kan dus 'n uitgebreide netwerk van ander strukture en verhoudings tussen die verskillende strukture ontstaan. Volgens Langacker (1999a: 101) se beskouing kan 'n **komplekse kategorie** ("complex category") gedefinieer word as sodanige skematiese, konseptuele netwerk van strukture en onderlinge verhoudings van uitbreiding en verlenging (vergelyk ook Langacker, 1987a: 369).

Ek lig hierdie beskouing toe met 'n eenvoudige voorbeeld. Indien 'n persoon vir die eerste keer gekonfronteer word met die konsep PALMREKENAAR (die teikenstruktuur), sal hy/sy waarskynlik poog om dit te kategoriseer. Aangesien die konsep PALMREKENAAR aan alle spesifikasies van die kategorie REKENAAR (die standaardstruktuur) voldoen, kan ons sê dat die kategorie PALMREKENAAR 'n uitbreiding is van REKENAAR, oftewel [REKENAAR] → (PALMREKENAAR). Anders gesien kan ons egter ook sê dat 'n palmrekenaar 'n ontwikkeling is vanuit die prototipiese lessenaarrekenaar, en kan die kategorie PALMREKENAAR beskou word as 'n verlenging van die kategorie LESSENAARREKENAAR²⁰, met ander woorde [LESSENAARREKENAAR] → (PALMREKENAAR). Diagrammaties sou hierdie verhoudings soos volg voorgestel word (gebaseer op Tuggy, 1992: 241):



Figuur 21: REKENAAR: Uitbreidings- en verlengingsverhoudings

In die (B)-gedeelte van Figuur 21 word hierdie twee tipes kategoriseringsverhoudings meer skematies voorgestel (vergelyk Langacker, 1987a: 373; Palmer, 1996: 97). Dit blyk daaruit dat beide die prototipe en die variant in 'n uitbreidingsverhouding met die skema staan, aangesien beide instansiërings van die skema is. Die verhouding tussen die prototipe en variant, daarenteen, is 'n verlengingsverhouding, aangesien die variant nie alle spesifikasies van die prototipe bevredig nie ('n palmrekenaar is


²⁰ Die term *lessenaarrekenaar* kom word myns insiens nie algemeen in Afrikaans gebruik nie, maar ek gebruik dit hier as kategorie-etiket ter onderskeiding van ander kategorieëde.

- ❖ Sommige lede van 'n kategorie is meer sentraal (i.e. prototipes) as ander lede van die kategorie (Lakoff, 1987: 95, Vandeloise, 1990). Ons kan dus 'n kontinuum van sentraliteit postuleer, waar sommige kategorielede sentraal en ander periferies is. In die REKENAAR-kategorie is LESSENAARREKENAAR meer sentraal as byvoorbeeld SKOOTREKENAAR, terwyl SAKREKENAAR op die periferie van die kategorie is.
- ❖ Aansluitend hierby kan ons aanneem dat 'n radiale kategorie nie staties is nie, maar dat die posisie van 'n kategorieliid op die kontinuum dinamies is. Die rede hiervoor is die uitgangspunt dat kategorieliidmaatskap ervaringsgebaseerd is (Lakoff, 1987: 95). In 1980 was SAKREKENAAR waarskynlik die mees prototipiese lid van die REKENAAR-kategorie, aangesien lessenaarrekenaars toe nog nie algemene huishoudelike artikels was nie (min mense het ervaring gehad van lessenaarrekenaars). Dit sou dus ook kan gebeur dat byvoorbeeld PALMREKENAAR in die jaar 2010 die mees prototipiese kategorieliid is van die REKENAAR-kategorie, indien palmrekenaars verder ontwikkel as populêre berekeningsmeganismes.
- ❖ Die mees sentrale kategorieliid is die prototipe, i.e. daardie lid wat beskou word as die mees verteenwoordigende en markante lid van die kategorie (aangedui met 'n dikker lyn om die blokkie in Figuur 22). Sodanige kategorieliid het ook 'n hoë vlak van verskansing en word maklik geaktiveer (Langacker, 1999a: 103). As respondente gevra sou word om 'n voorbeeld te noem van 'n rekenaar, sou die meeste respondente waarskynlik eerste dink aan LESSENAARREKENAARS, voordat hulle aan SKOOTREKENAARS, PALMREKENAARS of SAKREKENAARS dink.
- ❖ Kategorieliidmaatskap word nie op noodsaaklike en genoegsame eienskappe gebaseer nie, maar eerder op klusters van eienskappe wat die prototipiese lid karakteriseer. So byvoorbeeld kan ons nie 'n stel noodsaaklike en genoegsame eienskappe vir die kategorie REKENAAR identifiseer nie, maar kan ons eerder aantoon tot watter mate 'n sakrekenaar byvoorbeeld afwyk van die prototipiese kategorie LESSENAARREKENAAR.
- ❖ Kategorielede word aan mekaar verbind op grond van familieverbande ("family resemblances") tussen die lede. Lede van 'n kategorie kan aan mekaar

4.3.2 Kategorisering via skemas

Indien kategorisering via 'n skema geskied, kan ons sê dat daar sprake is van 'n uitbreidingsverhouding tussen twee strukture in 'n netwerk (Langacker, 1995c). In sodanige gevalle word die netwerk as 'n **taksonomie** beskou (Lakoff, 1987: 46). Palmer (1996: 97) wys daarop dat kategorisering via 'n skema nie presies dieselfde is as die Chomskiaanse begrip van taksonomiese kategorisering nie. Aangesien ek dit duidelik gestel het dat die onderskeid tussen kategorisering via 'n prototipe of via 'n skema slegs 'n kwessie van fokus is (en dus nie aparte tipes netwerke veronderstel nie), gebruik ek hier die term **taksonomie** om na liniêre hiërargieë binne 'n netwerk te verwys (in teenstelling met die konsentriese aard van radiale netwerke).

Die REKENAAR kategorie sou soos volg as 'n taksonomie voorgestel kon word (gebaseer op Tuggy, 1992: 239):



Figuur 23: Taksonomiese voorstelling van REKENAAR

Met betrekking tot hierdie **taksonomie** kan die volgende belangrike aspekte genoem word:

- ❖ Bepaalde kategorieë is psigologies meer “basies” as ander, in die sin dat hulle makliker herken word, eerste aangeleer word, meer frekwent gebruik word, korter name het, ensovoorts (Lakoff, 1982: 146, 1987: 46). Sodanige kategorieë word **basisvlakategorieë** genoem. Die kategorie REKENAAR kan in hierdie lig gesien word as 'n **basisvlakategorie** (dit is waarskynlik die term wat die meeste gebruik word om na berekeningsmeganismes te verwys, word eerste deur kinders aangeleer, is meestal die kortste lekseem om na berekeningsmeganismes te verwys, ensovoorts).

- ❖ Basisvlakategorieë word beskou as uitbreidings van 'n meer generiese **superordinaatkategorie**, terwyl kategorieë op die **subordinaatvlak** weer

kan word as komplekse netwerke, terwyl Janda (1990) die Tsjeggiese datief as 'n radiale netwerk beskryf.

- ❖ **Semantiese vlak:** Regier (1994) illustreer aan die hand van 'n verskeidenheid tale dat die betekenis van reduplikasies gesien kan word as 'n radiale kategorie. Ten opsigte van taalhandelinge het Vanparys (1993) belangrike werk gedoen in die kategorisering van taalhandelinge in 'n komplekse netwerk. Met verwysing na die leksikon kan verwys word na Aitchison (1994), wat vele voorbeelde gebruik om aan te toon dat die leksikon 'n komplekse web van konsepte is.

Binne hierdie beskrywingsmodel word van die standpunt uitgegaan dat taalkundige kategorieë komplekse netwerke vorm. Die nodes van die netwerk bestaan uit taalkundige strukture van enige soort, grootte of spesifisiteit (Langacker, 1995c), wat meestal semanties/konseptueel gemotiveerd is (Langacker, 1998: 17-18). So byvoorbeeld word die kategorie NAAMWOORD (insluitend subkategorieë soos massanaamwoorde en abstrakte naamwoorde) gekenmerk deurdat dit 'n aansyn profileer. Of dit nou die enkel lekseem *bond* of die meer komplekse naamwoordelike eenheid *die mooi bond* is, 'n aansyn (te wete [HOND]) word deur beide geprofileer. Langacker (1998: 23) wys egter daarop dat nie alle kategorieë semanties gemotiveerd is nie, maar dat die presiese inventaris van 'n bepaalde konstruksie dikwels deur konvensie bepaal word en dus nie ten volle voorspelbaar is nie. Dit kan selfs gebeur dat sommige kategorieë totaal arbitrêr is (soos byvoorbeeld die onreëlmatige werkwoorde in Engels – Langacker, 1998: 23). Dit is daarom nodig om 'n omvattende netwerk te postuleer, waarin alle uitbreidings- en verlengingsverhoudings verreken kan word. Sodanige omvattendheid van die netwerk hoef nie ten koste van veralgemenings te geskied nie, aangesien veralgemenings opgesluit is in die hoërvlakschemas (Langacker, 1998: 24).

Ons moet ook nie vergeet nie dat hierdie komplekse netwerke van linguistiese kategorieë bipolêre netwerke is. Aangesien linguistiese eenhede beskryf word in terme van 'n semantiese en fonologiese pool en die simboliese verhouding tussen die twee pole, moet beide pole dus in 'n netwerk verreken word. Langacker (1987a: 399-400) illustreer byvoorbeeld hoe klanksimboliese konsonantwisseling in Yuman-tale sistematiese effek het op die semantiese pool. Ook Tuggy (1999) demonstreer die

andere Bransford & Franks (1971, 1972), Thorndyke (1977) en Kintsch (1988), en het veral aanklank gevind in die transformasioneel-generatiewe taalkundige benaderings (naamlik dat onder die oppervlakstruktuur van taal daar 'n abstrakte dieptestruktuur is wat die sistematiese reëls van transformasie volg).

In hoofstuk 3 (vergelyk 3.3.1) het ek egter aangetoon waarom sodanige simboliese benadering tot geheue nie houdbaar is nie, en waarom ons geheue eerder in konneksionistiese terme moet beskryf. In plaas daarvan om skemas te beskou as kennis wat in 'n abstrakte geheue gestoor word, sien ons skemas eerder as **gebiede van aantrekking** ("basin of attraction") wat 'n aantal lokaliseringspunte omvat wat korrespondeer met die instansiëerings van die bepaalde gebied van aantrekking (Langacker, 1999a: 97). Deurdat spore ("traces") agtergelaat word wat lei tot die ontstaan van 'n patroon van aktiwiteit, word gebiede van aantrekking in die toestandruimte ("state space") gefasiliteer deur die herhaaldelike gebruik van ooreenstemmende strukture (lokaliseringspunte). Enige patroon in die omgewing van daardie toestandruimte beïnvloed die konneksiegewigte sodanig dat 'n gebied van aantrekking (wat ook 'n kennisveld is) gevorm kan word wat die makliker en vinniger toegang tot inligting moontlik maak (Whitney, 1998: 106-107). Hierdie spesifieke abstraheringsproses word dan skematisering genoem.

Ek illustreer aan die hand van 'n alledaagse (non-linguistiese) voorbeeld. Wanneer Pieter-Willem geleer word om 'n eier te braai, word 'n aantal bestanddele (eiers, olie, sout, ensovoorts), instrumente (pan, eierspaan, stoof, ensovoorts) en roetines (plaas die pan op die stoof, skakel die stoof aan, ensovoorts) aan hom bekendgestel en gedemonstreer. Kom ons noem al hierdie elemente **strukture**. Die blootstelling aan hierdie strukture word geprosesseer as inligtingseine, en spore hiervan word agtergelaat. Wanneer hy die volgende dag sonder enige hulp 'n eier moet braai, fasiliteer hierdie spore die maklike toegang tot die strukture waarmee kennis gemaak is, en kan Pieter-Willem dus redelik maklik 'n eier braai. By herhaaldelike aktivering van hierdie strukture word 'n patroon dus gevorm wat vasgelê word in konneksiegewigte. As Pieter-Willem later ook leer hoe om sampioene te braai en nog later hoe om tamaties te braai, word die ooreenkomste tussen die patrone geabstraheer in 'n gebied van aantrekking, wat ons dan die **VLAKBRAAI**-skema kan

tot die kennisveld optimaliseer (Seiler, 1993: 116). Laasgenoemde proses word **prototipisering** genoem²¹.

Wanneer die doel van 'n bepaalde beskrywing die karakterisering van grammatikale konstruksies is (soos in hierdie proefskrif), staan prototipisering egter nie sentraal nie. Die klem val dan veral en spesifiek op die proses van **skematisering**, aangesien grammatikale konstruksies beskou word as konstruksieskemas (vergelyk 4.3.3).

Konstruksieskemas word gevorm deur die ekstrahering ("extraction") van reëlmatighede wat aangetref word in 'n stel uitdrukkings. Langacker (1999a: 114) identifiseer twee parameters wat 'n aanduiding is van die graad van reëlmatigheid vir die vorming van konstruksieskemas²², te wete:

- ❖ **Algemeenheid.** Algemeenheid het betrekking op die vlak van spesifisiteit van die karakterisering van die skema. 'n Bepaalde konstruksieskema is meer of minder algemeen afhangende van die reeks uitdrukkings wat potensieel daardeur gekarakteriseer kan word (i.e. hoe meer uitdrukkings, hoe meer algemeen die konstruksieskema). So byvoorbeeld is die skema [ENTITEIT-SUFFIKS] meer algemeen (minder spesifiek) as die skema [AANSYN-MV], aangesien eersgenoemde skema veel meer uitdrukkings kan karakteriseer as laasgenoemde skema. Hiermee word egter nie geïmpliseer dat algemeenheid 'n vereiste is vir konstruksieskemas nie. Om die waarheid te sê: in terme van die "bottom-up"-benadering (vergelyk 2.3.3) wat in hierdie beskrywingsmodel gevolg word, is skemas wat minder algemeen geformuleer is meer onmisbaar vir taalstruktuur as hoëvlakskemas wat wye veralgemenings verteenwoordig (Langacker, 1999a: 92-93). Die komponente in 'n konstruksieskema kan dus op enige vlak van

²¹ Hoewel Langacker (1999a) die proses van prototipisering beskryf wanneer hy kategorisering bespreek, benoem hy nie die proses as **prototipisering** nie. Ek dink dat die eksplisiete teenwoordigheid van die proses moontlik 'n waardevolle toevoeging tot die sistematisering van sy dinamiese gebruikgebaseerde model kan wees. Dit bied aan die taalkundige die geleentheid om eers 'n kategoriseringsnetwerk en/of aktiveringstel op te stel (waar die lokaliseringspunte en die konneksies tussen die lokaliseringspunte in die aktiveringstel beskryf word), sonder om aandag te gee aan gebiede van aantrekking, spesifieke aantrekkers of konneksiegewigte binne die aktiveringstel. Wanneer sodanige netwerk klaar opgetrek is, kan vervolgens meer spesifiek gekyk word na skematisering (i.e. identifisering van gebiede van aantrekking) prototipisering (i.e. identifisering van aantrekkers) en verskansing (i.e. konneksiegewigte tussen nodes in die netwerk).

²² Langacker (1999a: 113-114) noem ook 'n derde parameter, te wete komposisionaleiteit. Hy wys egter daarop dat komposisionaleiteit nie 'n inherente eienskap van konstruksies is nie, maar eerder van die spesifieke uitdrukkings wat deur 'n bepaalde konstruksieskema gekategoriseer word.

word sodanige uitdrukking as welgevormd beskou (of hoogstens as konvensioneel met betrekking tot die skema). Is die uitdrukking egter 'n verlenging van die konstruksieskema deurdat daar 'n bepaalde diskrepansie tussen die uitdrukking en die skema bestaan, word die uitdrukking as niefelgevormd (of hoogstens onkonvensioneel) beoordeel.

Teen hierdie agtergrond kan konstruksieskemas gesien word as kennisvelde (gebiede van aantrekking) wat die reëlmatigheid in 'n stel simbolies komplekse uitdrukkings (lokaliseringspunte) verteenwoordig. Sodanige gebied van aantrekking (konstruksieskema) kan gevolglik met ander gebiede van aantrekking kompeteer om gekies te word as aktiewe struktuur vir die konstruering en evaluering van ongekende uitdrukkings.

Of 'n bepaalde struktuur (hetsy gebied van aantrekking of aantrekker) wel gekies sal word as aktiewe struktuur, hang van 'n aantal faktore af, waaronder kontekstuele begroning, die mate van sameval tussen die teiken en 'n potensiële kategoriseringstruktuur, en die vlak van verskansing van die struktuur (Langacker, 1999a: 105-106). Slegs laasgenoemde faktor is inherent deel van die kategoriseringstruktuur (Langacker, 1999a: 106) en moet dus beskryf word in die karakterisering van sodanige struktuur.

4.5 VERSKANSING

Die proses waardeur 'n komplekse episode deur herhaling kan verenig in 'n inge oefende prosedure wat maklik geaktiveer en uitgevoer kan word, word deur Langacker (1999a: 93) **verskansing** ("entrenchment") genoem. In die kognitiewe sielkunde staan hierdie proses meestal bekend onder die terme "routinization", "automatization" en "habit formation", en word veral gebruik wanneer gepraat word oor aandag ("attention"). Navorsing deur Norman (1976: 66) het getoon dat die herhaaldelike inoefening van bepaalde prosedures (soos byvoorbeeld hoe om jou noodvalskerm te ontplooi as jy valskermspringlesse neem) daartoe lei dat die prosedure later sonder enige bewustelike inspanning uitgevoer kan word (soos byvoorbeeld as jy in 'n noodsituasie sou beland tydens 'n valskermsprong). Ook

tweede keer gebruik word, word dit dus makliker geaktiveer as die eerste keer en geniet dit alreeds 'n hoër mate van verskansing. Sou die struktuur herhaaldelik gebruik word totdat dit outomaties en sonder bewustelike oorweging geaktiveer kan word, kan ons sê dat dit eenheidstatus het (en dus 'n hoë graad van verskansing het).

Maar hoe bepaal ons of 'n bepaalde struktuur eenheidstatus het of nie? Soos reeds genoem, beweer Langacker (1999a: 100, vergelyk ook 1987a: 59-60) dat daar geen linguistiese gronde is waarop 'n "afsnypunt" vir eenheidstatus gestel kan word nie.²³ Hy beweer wel dat sentraliteit en linguistiese belangrikheid ("linguistic significance") geïmpliseer word deur die graad van verskansing: hoe sterker verskans 'n grammatikale struktuur is, hoe meer sentraal en belangriker in die grammatika sal sodanige struktuur wees. Ons sou dus hierdie twee parameters kon gebruik om 'n aanduiding te gee van die moontlike eenheidstatus van 'n bepaalde struktuur.

Met betrekking tot **sentraliteit** het ek in 4.2.3 aangetoon dat gekonvensionaliseerdheid 'n belangrike faktor is wat die sentraliteit van 'n struktuur bepaal. Ek het aldaar ook geargumenteer dat 'n bepaalde struktuur se lemmastatus in 'n handwoordeboek as algemene riglyn sou kon dien om te beoordeel of 'n struktuur eenheidstatus het, aangesien 'n belangrike opnamekriterium vir handwoordeboeke juis gebruiksfrekwensie (en dus gekonvensionaliseerdheid) is.

Die **linguistiese belangrikheid** van 'n struktuur kan bepaal word deur te kyk na watter struktuur 'n spreker die waarskynlikste sal kies om 'n sekere betekenis te aktiveer. Over geset synde moet ons bepaal watter konsep/betekenis die waarskynlikste geaktiveer sal word deur 'n bepaalde fonologiese struktuur. Weereens sou woordeboeke hiervoor ingespan kon word. Aan die een kant word veronderstel dat 'n handwoordeboek 'n refleksie sal gee van die bestaande betekenis van 'n bepaalde struktuur. Aan die ander kant behoort die ordening van betekenisonderskeidings in handwoordeboeke ook gewoonlik 'n aanduiding te gee van die dominansie van betekenisonderskeidings in terme van die **frekwensie** van betekenisonderskeidings, die aantal en aard van die **betekenisverbreidings**, die

²³ Harris (1998) verskaf oortuigende psigolinguistiese bewyse vir Langacker se standpunte oor verskansing.

4.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het ek aangetoon dat taalkundige beskrywings gebaseer moet wees op mentale vermoëns en fenomene wat algemeen bekend of maklik demonstreerbaar is. In navolging van Langacker (1999a) het ek van die standpunt uitgegaan dat die herhaalde toepassings van enkele basiese kognitiewe prosesse, wat voorkom in verskillende kombinasies op vele organiseringsvlakke, kognitiewe monterings van enorme kompleksiteit tot gevolg het. Op hierdie manier ontstaan grootse netwerke waarin strukture met wisselende vlakke van verskansing en skematisering aan mekaar verbind word in verhoudings van kategorisering, komposisie en simbolisering.

Ek het geargumenteer dat dit noodsaaklik is om grammatikale konstruksies aan die hand van hierdie algemene kognitiewe vermoëns van komposisie, kategorisering, skematisering en verskansing te beskryf, aangesien grammatikale konstruksies gesien word as strukture wat te voorskyn kom uit die data via die basiese kognitiewe prosesse van skematisering en kategorisering.

In die inleiding (vergeelyk 4.1) het ek dit eksplisiet gestel dat hierdie vermoëns nie as afsonderlik gesien moet word nie, maar juis as geïntegreerd deel van die mens se algemene kognitiewe vermoë. Uit die bespreking het dit byvoorbeeld duidelik geblyk dat skematisering eintlik gesien kan word as onderdeel van die proses van kategorisering, en dat die ekstrahering van 'n skema afhanklik is van die graad van verskansing van 'n bepaalde konstruksie. Die fout moet dus nie gemaak word om hierdie vermoëns en prosesse kompartementalisties te benader nie, maar juis om dit as 'n geheel te beskou waaruit ons vermoë tot taalgebruik spruit.

In die volgende hoofstuk sal ek aantoon hoe hierdie basiese kognitiewe vermoëns as basis dien vir hierdie gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel, deurdat 'n bepaalde grammatikale konstruksie aan die hand daarvan beskryf kan word. Aangesien sodanige beskrywing gebaseer word op algemene kognitiewe vermoëns, bly dit nie net op die vlak van beskrywing nie, maar verkry dit daardeur juis groter verklarende krag. In die analises in Afdeling C sal ek hierdie uitgangspunt illustreer aan die hand van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans.

waarmee bepaalde linguistiese fenomene beskryf en verklaar kan word, sonder om voorskriftelik te wees in byvoorbeeld die volgorde waarin aspekte van die onderhawige fenomeen aan bod moet kom.

Ten hierdie agtergrond moet hierdie kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel eerder gesien word as 'n werkstrategie vir taalkundige beskrywing. Volgens Langacker (1998: 2; 1993) hou sodanige strategie in dat die taalstruktuur gekarakteriseer moet word deur slegs te steun op mentale vermoëns en fenomene wat of algemeen bekend of maklik demonstreerbaar is. Indien hierdie strategie gevolg word, word nie net 'n adekwate **beskrywing** van taaldata gegee nie, maar verkry sodanige beskrywing outomaties (per definisie) **verklarende** krag.

In hierdie beskrywingsmodel word die algemene kognitiewe vermoëns (soos bespreek in hoofstuk 4) gebruik as die organisasiestruktuur vir die beskrywing van grammatikale konstruksies. Hierdie hoofstuk sal aantoon hoe hierdie kognitiewe vermoëns in verband gebring moet word met grammatikale konstruksies, ten einde sodanige konstruksies na behore te beskryf.

5.2 KOMPOSISIE

In hoofstuk 4 is aangetoon dat die vermoë om eenvoudige strukture saam te voeg om meer komplekse strukture te vorm, een van die mees basiese kognitiewe vermoëns van die mens is. **Komposisie** is gedefinieer as die integrering van twee of meer eenvoudige komponentstrukture om 'n komplekse komposisiestruktuur te vorm. 'n Siening van gedeeltelike komposisionaleiteit word binne hierdie beskrywingsmodel gehandhaaf, aangesien 'n komposisiestruktuur 'n eenheid in eie reg is wat nie gewoon gereduseer kan word tot die som van die komponente nie.

Wanneer 'n bepaalde grammatikale konstruksie beskryf word, moet dus nie net na die komponentstrukture en die komposisiestrukture gekyk word nie, maar juis ook na die manier waarop die komponentstrukture integreer om die komposisiestruktuur te vorm, asook na die besondere verhouding tussen die verskillende strukture. Dit impliseer 'n holistiese beskouing van grammatikale konstruksies as gestalt-strukture. Sodanige integrasie van komponentstrukture in komposisiestrukture sal voorgestel

profiel van een van die komponentstrukture erf, moet ons rekenskap gee van die mate waartoe die profiel van 'n komponentstruktuur aangeneem word as die profiel van die komposisiestruktuur. As 'n algemene riglyn kan ons sê dat die profieldeterminant prototipies ook die **kern** van 'n bepaalde komposisiekonstruksie is. Ook moet ons die bydrae wat elke komponent maak in die saamgestelde konseptualisering identifiseer, aangesien die betekenis van 'n saamgestelde uitdrukking meestal nie bloot die som is van die betekenisse van die komponente van die komposisiestruktuur nie. Dit is dus belangrik om aan die hand van die ontleedbaarheid van 'n bepaalde komposisiestruktuur die komposisionele pad te beskryf wat tot stand kom. Hierdie komposisionele pad kan geskied hetsy deur direkte simbolisering, of deur die integrering van verskillende komponentstrukture. Die grammatikale konstruksie wat 'n spreker kies om hom-/haarself uit te druk, kan dus lei tot genuanseerde betekenisverskille.

In die derde plek moet 'n onderskeid getref word tussen **afhanklike en onafhanklike elemente**. Binne 'n bepaalde struktuur kan 'n substruktuur intern verwys na 'n ander struktuur, wat beteken dat die betrokke struktuur as 'n afhanklike element beskou word (of as geen interne verwysing na 'n ander vooronderstelde struktuur gemaak word nie, word dit beskou as 'n onafhanklike element). Sodanige ongelykheid van strukture word **A/O-asimmetrie** genoem. In die karakterisering van 'n bepaalde komposisie moet ons dus die mate van semantiese en/of fonologiese afhanklikheid van die onderskeie komponentstrukture bepaal. Ons moet bepaal watter substruktuur van die een struktuur markant is, en of hierdie markante substruktuur deur 'n ander struktuur uitgebrei word.

Die markantheid van 'n gegewe substruktuur word gebaseer op twee faktore, te wete die graad van sentraliteit en die waarskynlikheid van aktivering. Die sentraliteit van 'n substruktuur word beskryf in terme van die gekonvensionaliseerdheid van die substruktuur, of die substruktuur generies is, en of dit intrinsiek aan en karakteriserend van die konsep is. 'n Substruktuur wat meer waarskynlik geaktiveer word binne 'n bepaalde struktuur, geniet uiteraard ook groter prominensie en moet dus geïdentifiseer word. Ander faktore wat die markantheid van 'n substruktuur bepaal (soos byvoorbeeld geheel vs deel, lewendig vs leweloos, ensovoorts) moet

word op grond waarvan die semantiese/konseptuele invoer van die konstruksie gekarakteriseer kan word. Dit is dus ons taak om hierdie aktiveringstel te beskryf.

Daar is basies twee maniere waarop hierdie aktiveringstel voorgestel kan word, te wete as:

- ❖ 'n radiale netwerk (waar kategorisering via prototipes sentraal staan); of
- ❖ 'n taksonomiese netwerk (waar kategorisering via skemas die fokus is).

Hierdie twee maniere van voorstelling kan moeiteloos gekombineer word in 'n enkele voorstelling, aangesien dit nie voorstellings van verskillende netwerke is nie. Met die oog op hierdie tipe gekombineerde voorstelling kan die werkswyse van Tuggy (1999) gevolg word, waar uitbreidings- en verlengingsverhoudings, prototipes en "superskemas" in een diagram uitgebeeld word.

Ek het in hoofstuk 4 ook melding gemaak van die feit dat hierdie kategoriseringsnetwerke in essensie bipolêre netwerke is, waar nie net die konseptuele invoer van die bepaalde konstruksie beskryf moet word nie, maar ook enige sistematiek op die fonologiese pool. So byvoorbeeld sal die netwerk vir die meervoudkonstruksie in Afrikaans voorsiening maak vir meervoud wat aangedui word met behulp van 'n [ə] soos in [hɒndə], of 'n [s] soos in [aktərs] of 'n [isi] soos in [akademisi]. In hierdie netwerk sal die [ə] en die [s] ook aangedui word as prototipiese maniere waarop meervoud in Afrikaans uitgedruk word, terwyl [isi] meer periferies sal wees.

Dit is egter nie net die sistematiese en skematiese aspekte van 'n bepaalde konstruksie wat in sodanige netwerke verreken kan word nie: ook daardie aspekte van die konstruksie wat meer arbitrêr is (byvoorbeeld uitsonderings), of daardie aspekte wat goed verskans is (byvoorbeeld spesifieke uitdrukkings), kan in die netwerk geakkommodeer word. Dusdanig word 'n totale, maksimalistiese beeld van 'n bepaalde konstruksie gegee, sonder om die konstruksie te probeer reduceer tot 'n vereenvoudiging wat nie veelseggend is nie. Die omvattendheid van die netwerk geskied nie ten koste van veralgemenings nie, aangesien veralgemenings opgesluit is in die hoërvlakskemas (of wat Tuggy (1999) noem **superskemas**).

5.4 SKEMATISERING

Ek het in hoofstuk 4 met betrekking tot skematisering aangetoon dat skemas geëkstraheer word deur die sistematiese selektering van gemeenskaplike aspekte wat die geheel verteenwoordig, terwyl enige ander afwykende aspekte geïgnoreer word. Konstruksieskemas (as tipe skema) word teen hierdie agtergrond gesien as veralgemenings van 'n reeks gebruiksepisodes en dien as template vir die konstruering en evaluering van ongekende uitdrukkings. Met betrekking tot grammatikale konstruksies moet die volgende vraag beantwoord word:

KAN 'N KONSTRUKSIESKEMA OF SUBKONSTRUKSIESKEMAS GEËKSTRAHEER WORD UIT DIE KATEGORISERINGSNETWERK?

Aan die hand van twee parameters, te wete algemeenheid en produktiwiteit, kan ons die graad van reëlmatigheid vir die vorming van konstruksieskemas beskryf. Ten aansien van **algemeenheid** moet ons beskryf tot watter mate 'n bepaalde konstruksieskema 'n reeks uitdrukkings karakteriseer (i.e. hoe meer uitdrukkings, hoe meer algemeen die konstruksieskema). Ek het in hoofstuk 4 aangetoon dat die skema [ENTITEIT-SUFFIKS] byvoorbeeld meer algemeen (minder spesifiek) as die skema [AANSYN-MV] is, aangesien eersgenoemde skema veel meer uitdrukkings kan karakteriseer as laasgenoemde skema en dus voorsiening maak vir die konstruering van 'n groter aantal uitdrukkings. Ten opsigte van **produktiwiteit** moet bepaal word tot watter mate 'n konstruksieskema beskikbaar is vir die sanksionering van ongekende uitdrukkings. Die konstruksieskema [X-MV/x-ə] is byvoorbeeld meer **produktief** as die konstruksieskema [X-MV/x-isi], aangesien die meervoud van 'n **ongekende uitdrukking** waarskynlik eerder deur eersgenoemde as deur laasgenoemde konstruksieskema gevorm sal word. Algemeenheid en produktiwiteit is wel nou verbonde aan mekaar, maar is nie presies dieselfde nie. 'n Konstruksieskema wat byvoorbeeld nie 'n hoë vlak van algemeenheid het nie (wat byvoorbeeld net van toepassing is op 'n beperkte kategorie woorde), kan hoogs produktief wees (van toepassing op alle lede van daardie bepaalde kategorie).

As daar dus in 'n stel data bepaalde reëlmatighede geïdentifiseer kan word wat 'n algemene en produktiewe patroon vorm, kan ons sê dat daar sprake is van 'n

sentraliteit is gekonvensionaliseerdheid 'n belangrike faktor wat die sentraliteit van 'n struktuur bepaal. Die gekonvensionaliseerdheid van 'n struktuur kan op vele maniere bepaal word. 'n Bepaalde struktuur se lemmastatus in 'n handwoordeboek sou as algemene riglyn kon dien om te beoordeel of 'n struktuur eenheidstatus het, aangesien 'n belangrike opnamekriterium vir handwoordeboeke juis gebruiksfrekwensie (en dus gekonvensionaliseerdheid) is. 'n Ander aanduiding sou kon wees die mate waartoe 'n bepaalde konstruksie aandag geniet in taalkundige beskrywings. Indien 'n bepaalde konstruksie byvoorbeeld algemeen bespreek word in verskillende grammatikas van 'n taal, kan ons ook met redelike sekerheid aanneem dat dit deur (gespesialiseerde) taalgebruikers as 'n gekonvensionaliseerde konstruksie beskou word.

Die **linguistiese belangrikheid** van 'n struktuur kan bepaal word deur te kyk na watter struktuur 'n spreker die waarskynlikste sal kies om 'n sekere betekenis te aktiveer, of andersyds watter konsep/betekenis die waarskynlikste geaktiveer sal word deur 'n bepaalde fonologiese struktuur. Ek het in hoofstuk 4 geargumenteer dat handwoordeboeke ook vir hierdie doel ingespan sou kon word, aangesien handwoordeboek meestal 'n goeie beeld gee van die bestaande betekenis van 'n bepaalde struktuur, asook van die dominansie van betekenisonderskeidings.

Die metodes wat ek so pas genoem het waarmee die sentraliteit en linguistiese belangrikheid van 'n struktuur bepaal kan word, is uiteraard slegs voorbeelde van toetse wat gebruik kan word. 'n Legio van ander moontlikhede kan gebruik en ondersoek word. Harris (1998) maak byvoorbeeld gebruik van 'n verskeidenheid psigolinguistiese toetse om die graad van verskansing te bepaal. Dat 'n korpusbeskrywing van onskatbare waarde kan wees in (onder andere) die bepaling van die gebruiksfrekwensie van die onderhawige konstruksie spreek vanself (vergelyk Verhagen, 2000: 3-4). In die geval van tale waar daar geen algemeen toeganklike korpus bestaan nie (soos byvoorbeeld in die geval van Afrikaans), moet dikwels gesteun word op die oordeel van ander taalkundiges (soos byvoorbeeld leksikograwe, wat frekwensie gebruik as 'n opnamekriteria in die samestelling van handwoordeboeke).

beskrywing is dit uiteraard selde prakties moontlik om in 'n enkele navorsingstuk (byvoorbeeld 'n hoofstuk in 'n boek, 'n navorsingsartikel of selfs 'n verhandeling of proefskrif) aan alle fasette in diepte aandag te skenk. Die navorser sal dus 'n keuse moet maak tussen 'n **horisontale beskrywing** waar redelik oppervlakkig aan alle aspekte aandag gegee word, of 'n **vertikale beskrywing** waar in diepte gefokus word op geselekteerde aspekte. Dis egter alleen wanneer **alle fasette in diepte** beskryf is dat aanspraak gemaak kan word op 'n volledige strukturele beskrywing van 'n bepaalde konstruksie.

In die volgende drie hoofstukke sal hierdie basiese werkstrategie toegepas word in 'n beskrywing van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans. In terme van punt 1 van die werkstrategie veronderstel dit dus dat ek van mening is dat daar sprake sou kon wees van 'n konstruksieskema vir die vorming en evaluering van reduplikasies in Afrikaans. As hipotetiese uitgangspunt definieer ek die **reduplikasiekonstruksie** as:

'n simboliese struktuur wat gevorm word deur die sintagmatiese kombinerings van identiese morfeme.

Ek baseer hierdie hipotetiese uitgangspunt nie alleen op my eie moedertaalintuïsie en kennis van Afrikaans nie, maar ook op die groot hoeveelheid aandag wat reduplikasies in die Afrikaanse taalkundige literatuur geniet het (vergelyk hoofstuk 1). Ek het egter in hoofstuk 1 aangetoon dat bestaande taalkundige beskrywings van die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans myns insiens op sekere vlakke te kort skiet, wat die hieropvolgende beskrywing regverdig.

In teenstelling met Botha (1988: 3) gaan ek van die standpunt uit dat die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans 'n hoogs komplekse fenomeen is. Ek kies dus in hierdie proefskrif vir 'n **vertikale benadering**, waar ek **in-diepte** fokus op **enkele aspekte** van die Afrikaanse reduplikasiekonstruksie. Hoewel ek aandag gee aan al bogenoemde fasette van die werkstrategie, laat ek byvoorbeeld 'n beskrywing van die fonologiese pool van die reduplikasiekonstruksie buite die bestek van hierdie proefskrif (wat uiteraard nie beteken dat ek in die karakterisering van die semantiese pool nie die fonologiese pool in gedagte hou nie). In 'n navorsingsprojek van die Navorsingseenheid vir Fonetiek en Fonologie van die PUCHO (Potchefstroom) word egter tans (Mei 2000) omvattend aandag geskenk aan 'n kognitiewe

Myns insiens hoef redupliseerbare komponente nie woordstatus te hê nie. Langacker (1987a: 307) toon juis aan dat non-stammorfeme, vanweë die sterk afhanklikheid van sodanige items, by uitstek geskik is vir reduplikasie. Ook Moravcsik (1978: 303-304) wys daarop dat geredupliseerde elemente sowel unipolêr as bipolêr (in haar terme “monomodaal” en “bimodaal”) ontleed kan word, impliserend dat die afhanklikheid van die element in sowel semantiese as fonologiese terme beskryf kan word.

Wat Botha (1988) beskou as `n afhanklike element berus dus alleen op `n bipolêre analise van die morfeme *hoep*, *tink* en *djap*, asook `n analise van Kempen (1969: 180) se voorbeelde van *gum-gumlak*, *struik-struikelend* en *dieselfde-selfde*. Op grond van die deelname van die fonologiese reeks in uitsluitlik simboliese verhoudinge (met ander woorde in uitdrukkings soos *hoep-hoep*, *tinktinkie* en *djap-djappie*) word morfeemstatus daaraan toegeken. Dit is dus afhanklike strukture wat in verhouding tot ander strukture gekarakteriseer word, en gevolglik in skematiese terme intern na `n vereiste struktuur verwys.

Boonop hoef `n komponent soos [HOEP/hup] nie noodwendig as afhanklik gesien te word nie, aangesien daar ook `n moontlike unipolêre analise van die komponent gemaak kan word. Vergelyk die volgende twee argumente:

- ❖ Onomatopoeïese uitdrukkings is by uitstek suiwer op fonologiese gronde gemotiveer, deurdat dit `n nabootsing van klank is. Die fonologiese vorm [hup] is dus `n “vertaling” in menslike taal van die geluid wat die voël *Upupa africana* maak, net soos wat [tʃɔrts] die fonologiese representasie is van die geluid wat gemaak word as iets/iemand `n wind passeer. Dit sou dus foutief wees om die leksikale item *Piet-my-vrou* te analiseer as bestaande uit drie losstaande morfeme, terwyl dit slegs `n fonologiese representasie is van die geluid van die *Cuculus solitarius* (vergelyk Sinclair & Hockey, 1996: 100). Insgelyks maak Botha (1988) dus `n analise-fout as hy beweer dat die leksikale item *tinktinkie* opgebou is uit die morfeme *tink* + *tink* + *ie*, aangesien die morfeme eintlik *tinktink* + *ie* is, na aanleiding van die geluid, “`n skel ‘tjaare tjaare’ geroep” (Newman, 1981: 182) wat die *Cisticola chiniana* maak.

SRR – 12/3:2) en intensiewe vorme (soos *Ons sou sopnat gereën het* in GW – 2/3:3) toon meer sigbare ooreenkomste op die semantiese pool, terwyl dit meestal weinig ooreenkomste op die fonologiese pool toon. As voorbeeld dien die pleonasme *krenterige vrekke*: die komponente [KRENT/krent] en [VREK/frék] het nie net dieselfde geprofileerde betekenis nie, maar ook ongeveer dieselfde kontekstuele gebruikswaarde (meestal pejoratief gebruik). Ook in die toutologie *geheim en vertroulik* profileer die twee elemente op die semantiese pool dieselfde entiteit, en word beide alleenstaande eweneens op dieselfde manier gebruik (vergelyk in hierdie verband vele soortgelyke toutologiese konstruksies soos *steun en kreun, pret en plesier, lam en tam, ensovoorts*).

Op die ander uiterste van die kontinuum word algemene reduplikasies (soos byvoorbeeld *kort-kort, nou-nou* en *fluit-fluit*) aangetref, waar die ooreenkomste op die fonologiese en semantiese pole voor die hand liggend en duidelik sigbaar is. In die geval van onomatopeïese reduplikasies (byvoorbeeld *hoep-hoep, koekoek* en *woer-woer*) en eggowoordreduplikasies (byvoorbeeld *ietsie-bietsie, tjof-tjaf* en *woerts-warts*) is die posisie op die kontinuum kompleks en verdien dit meer uitvoerige bespreking.

Botha (1988: 17, 25-26) is van mening dat onomatopeïese reduplikasies nie gereken kan word as reduplikasiekonstruksies nie; intendeel, hy verwys daarna as “onomatopeïese herhalings” en nie as “onomatopeïese reduplikasies” nie. Uit die feit dat hy nie eens na eggowoordreduplikasies in sy boek verwys nie, maak ek ook die afleiding dat eggowoordreduplikasies volgens hom eweneens buite die kategorie van reduplikasiekonstruksies val.


Sy argument teen die insluiting van onomatopeïese reduplikasies as reduplikasiekonstruksie berus op 'n algemene inperking op woordvormingsreëls wat spesifiseer dat alle woordvormingsprosesse woordgebaseer is (Botha, 1988: 16). Gevolglik moet die konstituente waarop die Afrikaanse reduplikasiereël (vergelyk (25) hierbo) van toepassing is dus woordstatus hê. Samestellings soos *tinktinkje, hoep-hoep* en *djap-djappie* moet gesien word as die herhaling van afhanklike uitdrukkingstekens (“non-independent expressive signs” – dus nie woorde nie), en kan dus nie gesien word as produkte van morfologiese reduplikasie nie (Botha, 1988: 26).

Vervolgens bespreek ek reduplikasiekonstruksies aan die hand van elkeen van hierdie grammatikale valensiefaktore.

6.2 OOREENKOMS

Met betrekking tot ooreenkoms as valensiefaktor het ek in hoofstuk 4 beweer dat die valensieverhouding wat die kombinerings van linguistiese uitdrukkings bepaal, afhanklik is van die mate waartoe elemente deur die komponentstrukture gedeel word. Die waarskynlikheid van kombinasie hang dus af van die ooreenkomstige tussen die substrukture van die onderskeie komponentstrukture, waar die ooreenkomstige dien as instruksies vir die superimponering van die spesifikasies van ooreenstemmende substrukture om saam te smelt in 'n komposisiestruktuur. Ek het aangetoon dat hierdie ooreenkomstige op sowel die fonologiese as semantiese pool gevind kan word.

Met betrekking tot herhalingsverskynsels argumenteer ek hier dat ooreenkomstige op die semantiese en fonologiese pole 'n kwessie van graadverskil is: afhange van die mate waartoe daar ooreenkomstige tussen twee komponentstrukture op die semantiese en/of fonologiese pole is, ontstaan verskillende tipes herhalingskonstruksies. Vergelyk die grafiese voorstelling in Figuur 25:



Figuur 25: Kontinuum van herhalingsverskynsels

Aan die een uiterste kant van die kontinuum is die ooreenkomstige op sowel die fonologiese as die semantiese pool sinchronies onsigbaar (meestal as gevolg van diachroniese ontwikkeling), en word dus tipies toutologieë (*walvis, damwal en tortelduij*) aangetref. Ook pleonasmes (vergelyk *krenterige vrekke* in GW – 34/2:4), die dubbelontkenning in Afrikaans (byvoorbeeld *Kaptein Sardijn is vir niks bang nie* in

Hoofstuk 6



KOMPOSISIE VAN REDUPLIKASIES IN AFRIKAANS

Hoe word 'n bepaalde konstruksie gevorm?

6.1 INLEIDING

Reeds in die negentiende eeu merk Wilhelm von Humboldt op dat woordvorming die “deepest, most secret part of language” is (soos aangehaal deur Bauer, 1983: 292). Hoewel miskien effens oordrewe, steek daar tog 'n bepaalde waarheid in, soos ook blyk uit die hoë premie wat binne hierdie beskrywingsmodel op komposisie geplaas word.

In hoofstuk 4 is gemotiveer dat 'n standpunt van gedeeltelike komposisionaleiteit binne hierdie beskrywingsmodel aangehang word. Die term **grammatikale konstruksie** verwys nie net na komponentstrukture en komposisiestrukture nie, maar juis ook na die manier waarop die komponentstrukture integreer om die komposisiestruktuur te vorm en die besondere verhouding tussen die verskillende strukture.

Ek het aangevoer dat bepaalde komponentstrukture die potensiaal het om met ander komponentstrukture te verbind, en dat die valensiepotensiaal van 'n komponentstruktuur bepaal word deur die semantiese struktuur van die komponentstruktuur. Die wyse waarop die struktuur in valensieverhouding verbind (indien enigsins), word verder deur taalkundige konvensie gedikteer.

Daar is vier valensiefaktore geïdentifiseer wat die valensieverhouding tussen die verskillende gekombineerde elemente bepaal, te wete:

- (1) ooreenkoms;
- (2) konstruksieprofilering;
- (3) konseptuele en fonologiese afhanklikheid en onafhanklikheid; en
- (4) konstituering.

- ❖ Deurdat Botha (1988) komponente soos [HOEP/hup] kategoriseer as uitdrukkingsteken, impliseer hy dat die komponente nie woordstatus het nie. Daar kan egter 'n aantal kontekste gekonstrueer word waarin 'n komponent soos [HOEP/hup] wel woordstatus kan hê. Vergelyk die volgende selfgemaakte voorbeelde:

- (54) *Die vreemde voël het nog een **hoep** gegee, en toe skielik weggevlug.*
(55) *Daardie voël se **gehoep** soggens laat my altyd verlang na die wildtuin.*

Na analogie van ander onomatopeë (soos *woef* en *miaau*) kan strukture soos [HOEP/hup] dus eerder gekategoriseer word as **onomatopeïese tussenwerpsels**, wat dus ook binne bepaalde kontekste verskillende woordsoortelike funksies kan verrig (hierbo is *hoep* onderskeidelik 'n naamwoord en 'n deverbale naamwoord). Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat daar verskillende grade van afhanklike/onafhanklike-asimmetrie is, en dat, wanneer die valensiewaarde van 'n struktuur soos [HOEP/hup] beskryf word, dit nie gedoen kan word sonder inagneming hiervan nie.

Om alle komponente van onomatopeïese reduplikasies te kategoriseer as afhanklike bipolêre elemente, is dus nie 'n juiste interpretasie van die taalwerklikheid nie. Dit moet eerder gesien word as elemente wat binne bepaalde kontekste verskillende grade van afhanklike/onafhanklike asimmetrie vertoon (vergelyk 6.4 hieronder). Om dit boonop uit te rangeer as literêre meganismes (Botha, 1988: 16) wat nie binne die Galileaanse metode beskryf hoef te word nie (Botha, 1988: 7), is myns insiens taalkundig nie verantwoord nie.

Die feit dat eggowoordreduplikasies uitgesluit word uit sy (Botha, 1988) beskrywing van reduplikasie, is waarskynlik te wyte aan twee inperkinge op die vorming van reduplikasies. In die eerste plek bepaal die algemene reduplikasiereël dat 'n woord ("α") **gekopieer** word, wat per definisie beteken dat slegs identiese woorde in reduplikasies voorkom. In die voorbeeld *ietsie-bietsie* is die konstituente nie identies nie, en kan die vorming daarvan dus nie toegeskryf word aan die reduplikasiereël nie. In ander beskrywings (vergelyk byvoorbeeld Niepokuj, 1997) word in hierdie verband 'n ietwat ander benadering gevolg as beweer word dat die stam wel gekopieer word,

maar dat 'n konsonant of konsonantkluster in die woord-aanvang vervang word of dat die vokaalkwaliteit van die gekopieerde woord verander word.

In die tweede plek is Botha (1988) se uitsluiting van eggowoordreduplikasies waarskynlik gebaseer op die sogenaamde "Oopkategorie-inperking". Volgens hierdie inperking is die reduplikasiereël van toepassing op woorde van alle ope leksikale kategorieë en slegs op woorde van ope leksikale kategorieë (met ander woorde slegs selfstandige naamwoorde, werkwoorde, byvoeglike naamwoorde, bywoorde en telwoorde). Gevolglik kan voegwoorde, lidwoorde, voorsetsels, ensovoorts nie geredupliseer word nie. Hierdie inperking blyk egter nie juis te wees nie, aangesien data bewys dat ook woorde uit sogenaamde geslote leksikale kategorieë geredupliseer kan word. Vergelyk die volgende voorbeelde:

- (56) *As 'n spreker die hele tyd **uhm-uhm**, dan wys dit dat hy/ sy onseker is*
- (57) *Moenie die hele tyd **maar-maar** as ek jou met die feite konfronteer nie!*
- (58) *Die kinders speel al die hele middag **aan-aan**.*

Hoewel Botha (1988: 26) sou argumenteer dat *uhm* in (56) en *maar* in (57) werkwoorde is, en *aan* in (58) 'n selfstandige naamwoord is, is dit duidelik dat die ongeredupliseerde vorme *uhm* en *maar* nie werkwoorde is nie, maar wel onderskeidelik 'n tussenwerpsel en voegwoord is wat as werkwoord (met ander woorde gesegde) funksioneer, en *aan* 'n voorsetsel is wat as selfstandige naamwoord (met ander woorde indirekte voorwerp) optree. Volgens my begaan Botha (1988) dus binne sy eie beskrywingsraamwerk 'n denkfout as hy vormlike en funksionele eienskappe van die woorde deurmekaar haal ter wille van die ondersteuning van sy teorie.

Om saam te vat: binne 'n kognitief-linguistiese beskrywingsraamwerk word Botha (1988) se argumente teen die insluiting van voorbeelde soos *glim-glimlag* en *hoep-hoep*, asook sy argumente vir die uitsluiting van eggowoordreduplikasies nie as oortuigend aanvaar nie. In die eerste plek is die data wat in 'n taalkundige beskrywing aan die orde moet kom nie net beperk tot prototipiese en onproblematiese gevalle nie, maar moet juis die volle omvang van die taalwerklikheid ingesluit word (vergelyk Langacker, 1987a: 34; 1991b: 264-265): om dus nie 'n voorbeeld soos *glim-glimlag* (wat Kempen (1969: 180) beskryf as die produk van 'n skrywer wat nie "perfekte

Afrikaans” gebruik nie) in te sluit in die beskrywingskorpus nie, doen afbreuk aan die volledighedsbeginsel van taalondersoek (vergelyk hoofstuk 2).

In die tweede plek laat Botha (1988) hom deur sy teorie lei om te besluit watter data ingesluit moet word al dan nie. Op grond van die teoretiese inperking op woordvormingsreëls kan *hoep-hoep* dus nie beskou word as `n reduplikasie nie, soos wat ook die Oopkategorie-inperking bepaal dat *uhm-uhm* eintlik buite die bestek van die beskrywing moet val. Vanuit `n kognitief-linguistiese perspektief word juis die teenoorgestelde aangevoer: `n meer hipoteties-deduktiewistiese benadering word voorgestaan waar, binne die empiriese sirkel, die data die linguis lei in die formulering van `n teorie, en nie andersom nie. Over geset synde: in die beskrywing van reduplikasiekonstruksies moet alle voorbeelde van reduplikasies (dus ook *glim-glimlag* en *hoep-hoep*) in ag geneem word alvorens veralgemenings of skemas gepostuleer kan word.

Teen hierdie agtergrond beweer ek dus dat onomatopeïese reduplikasies en eggowoordreduplikasies beslis ingesluit moet word in die beskrywing van reduplikasiekonstruksies. Hierdie twee gevalle illustreer dan juis die aanname dat wanneer daar `n hoë valensieverhouding tussen komponentstrukture is vanweë ooreenkomste op die fonologiese pool, dit lei tot die vorming van reduplikasies.

Kom ons kyk eerstens na hoe ooreenkomste op die fonologiese pool lei tot die vorming van eggowoordreduplikasies. In `n uitdrukking soos *woerts-warts* bestaan daar geen ooreenkomste op die semantiese pool tussen [WOERTS] en [WARTS] nie. *Woerts* kan as `n bipolêre simboliese eenheid [WOERTS/vurts] uitgebeeld word, met die semantiese waarde ‘vinnig; vinnig beweeg’. *Warts*, daarenteen, is `n suiwer afhanklike unipolêre element [varts], met geen selfstandige semantiese waarde nie. Dit is alleen binne die komposisiestruktuur [WOERTS-WARTS/vurtsvarts] wat [varts] semantiese inhoud verkry. Hierdie semantiese inhoud is dan suiwer gemotiveer deur die ooreenkomste tussen [WOERTS/vurts] en [WARTS/varts] op die fonologiese pool. Ons kan dus sê dat daar `n sterk valensieverhouding tussen [WOERTS/vurts] en [WARTS/varts] bestaan op grond van die fonologiese ooreenkomste tussen die twee komponentstrukture. Dieselfde geld ook uitdrukkings


soos *woeps-waps* en *tjoef-tjaf*. Die redes vir die verandering van die vokaal [u] juis in [a] val buite die bestek van hierdie beskrywing van eggowoordreduplikasies.

Met betrekking tot onomatopeïese reduplikasies is die ooreenkomste op die fonologiese pool nog groter as in die geval van eggowoordreduplikasies. Vergelyk die volgende voorbeeld:

(59) *Die hoep-hoep se kuifkop, kleur, gedrag en geroep onderskei hom van die kakelaars en hy word in sy eie familie geplaas.* (Newman, 1981: 136)

In die bespreking hierbo van *hoep-hoep*, blyk dit dat die benaming terug te lei is na die geroep van die voël, naamlik 'n "luide 'hoep, hoep-hoep, hoep, hoep' wat dikwels herhaal word en ver gehoor word" (Newman, 1981: 136). Ek het geargumenteer dat die komponentstruktuur [HOEP/hup] 'n tipiese onomatopeïese tussenwerpsel is, wat binne bepaalde kontekste verskillende woordsoortelike funksies kan vervul. Ook is genoem dat [HOEP/hup] 'n afhanklike komponent is, wat daartoe bydra dat verwag kan word dat [HOEP/hup] 'redelik maklik met ander komponente sal verbind, soos dan ook die geval is in [HOEP-HOEP/huphup].

In die komposisiestruktuur [HOEP-HOEP/huphup] is daar op die semantiese en fonologiese pole van die twee komponentstrukture volkome ooreenkomste: nie net het beide dieselfde fonologiese realisering nie, maar ook dieselfde konseptuele inhoud. Elke element in die een komponentstruktuur het dus 'n **korrespondent** ("correspondent" – vergelyk Langacker, 1987a: 284) in die ander komponentstruktuur. As gevolg van hierdie hoë mate van ooreenkoms, bestaan daar dus 'n besonder sterk valensieverhouding tussen die twee komponentstrukture. Ons kan hierdie ooreenkomsverhouding in die heuristiese kwasipikturale diagramme voorstelle met 'n ooreenkomsstippellyn ("correspondence line"), soos in Figuur 26 gesien kan word.



Figuur 26: *hoep-hoep*

Aangesien alleen die sterkte van die valensieverhouding tussen twee komponentstrukture die waarskynlikheid van kombinering dikteer, kan hierdie sterk valensieverhouding waarskynlik as verklaring dien vir die feit dat die reduplikasiekonstruksie 'n sterk gekonvensionaliseerde skema vir die vorming van komplekse uitdrukkings in Afrikaans is – 'n skema wat nie net produktief is in die vorming van onomatopeïese reduplikasies en eegwoordreduplikasies nie, maar ook in algemene reduplikasies soos *pomp-pomp* in die volgende voorbeeld:

(60) *Maar kaptein, u het ons dan nog nie beveel om op te hou pomp nie. Nou pomp-pomp ons maar nog...* (SRR – 45/1:2)

Dit verklaar egter nie waarom dieselfde nie geld in alle tale (soos byvoorbeeld Nederlands) nie, en moet daar elders gesoek word vir 'n bevredigende verklaring (vergelyk die slotperspektiewe in hoofstuk 9). Eweneens verklaar dit ook nie die feit dat *pomp* en *pomp-pomp* bepaalde verskille op die semantiese pool toon nie: die antwoord hiervoor lê opgesluit in 'n ander valensiefaktor, te wete konstruksieprofilering.


6.3 KONSTRUKSIEPROFILERING

In hoofstuk 4 is beweer dat tydens die vorming van komposisiestrukture die profiele van die komponentstrukture tot 'n mindere of meerdere mate oorgeërf word deur die komposisiestruktuur. Ek het aangetoon dat sodanige konstruksieprofilering beskryf kan word aan die hand van twee aspekte, naamlik **profielbepaaldheid** en **ontleedbaarheid**.

6.3.1 Profielbepaaldheid

Profielbepaaldheid is in hoofstuk 4 omskryf as die mate waartoe die profiel van 'n komponentstruktuur aangeneem word as die profiel van die komposisiestruktuur. Normaal gesien erf die komposisiestruktuur tot mindere of meerdere mate die profiel van een van die komponentstrukture, wat dan bekend staan as die **profiel-determinant**. Na aanleiding van Langacker (1987a: 288) het ek beweer dat daar geen manier is om absoluut te voorspel watter komponentstruktuur as profiel-determinant sal figureer nie. Ons kan hierdie stelling duidelik illustreer aan die hand van reduplikasies in Afrikaans.

In die geval van prototipiese reduplikasies soos *pomp-pomp* (vergelyk (60) hierbo) behoort beide komponentstrukture tot dieselfde woordsoortelike kategorie (werkwoord), het beide presies dieselfde semantiese struktuur en het beide presies dieselfde fonologiese representasie. Vergelyk die grafiese voorstelling in Figuur 27, waar die hoë mate van eendersheid aangedui word met die dubbel stippelpyl:



Figuur 27: *pomp-pomp*

In Figuur 27 blyk dit dat nie een van die komponentstrukture se profiele as oorheersend beskou kan word nie: beide dra presies eweveel by tot die profielstruktuur van die komposisiestruktuur. In so 'n geval kan ons dan of sê dat albei komponentstrukture gesien kan word as profieldeterminante of dat daar geen profieldeterminant aanwesig is nie. Aangesien daar geen intrinsieke basis is waarvolgens bepaal kan word wat die profieldeterminant is nie, verkies Langacker (1987a: 291) om liever te sê dat daar in sodanige geval geen profieldeterminant is nie. Gevolglik word nie een van die komponentstrukture in die grafiese voorstelling in Figuur 27 aangedui as profieldeterminant nie.


'n Ander afwyking van die prototipe is wanneer die profiel van die komposisiestruktuur afwyk van al die komponentstrukture, sodat eweneens geen van die komponentstrukture kan kwalifiseer as profieldeterminant nie. Vergelyk die volgende voorbeeld:

(61) *Net 'n bietjie geduld, Spokie...Hulle sal ons nou-nou kom red...* (SRR – 35/1:3)

Ten einde 'n deeglike beskrywing te gee van die komposisiestruktuur *nou-nou*, moet daar eers bepaal word wat die semantiese struktuur van die komponentstruktuur *nou* is. As bywoord van tyd is dit voor die handliggend dat TYD die primêre semantiese

domein van die konsep NOU is. Binne hierdie domein word [NOU/nœu] gekonseptualiseer as 'n statiese atemporele verhouding: dit spesifiseer 'n relatiewe posisie (gesitueer iewers tussen VERLEDE (tr_1) en TOEKOMS (tr_2)) en profileer 'n statiese verhouding. In die grafiese voorstelling in Figuur 28 word die spesifisering van die relatiewe posisie aangedui met 'n diklynige blokkie rondom die geprofileerde statiese verhouding. Vir soortgelyke gevalle toon Langacker (1987a: 222) aan dat alle fasette van die scène geaktiveerd is en dus ook gelyktydig beskikbaar is (met ander woorde 'n geval van opsommende skandering, in teenstelling met 'n proses wat 'n komplekse scène eerder as 'n enkel konfigurasie tydens opvolgende skandering definieer).

Aangesien *nou* 'n deiktiese uitdrukking is, beteken dit dat [NOU] **veranker** ("grounded") is en dat daar verwysing moet wees na 'n verankerde element (die spreekepisode, die deelnemers en/of die toneelskikking) in die predikaatskop (Langacker, 1987a: 126). As bywoord van tyd verwys [NOU] hoofsaaklik na die spreekepisode en word veranker in die prosesseringstyd ("processing time"), eerder as in die opvattingstyd ("conceived time" – aangedui met pyl t in Figuur 28). Die subjektiewe verankering in die prosesseringstyd word binne die predikaatskop aangedui met T_G , wat as gevolg van die opsommende skandering ook na VERLEDE en TOEKOMS verwys, maar wel HEDE identifiseer as primêre **figurant** (met ander woorde as daardie substruktuur in die scène wat prominensie geniet as vernaamste entiteit waarom die scène gerangskik is – Langacker, 1987a: 120).


Figuur 28: *nou*

Hoewel nie frekwent nie, soos blyk uit die ordening van betekenisonderskeidings van die lemma *nou* in elHAT, gebeur dit binne bepaalde kontekste dat [NOU] nie HEDE profileer nie, maar wel TOEKOMS of VERLEDE. Vergelyk die volgende woordeboekartikel²⁵:

*nou*¹ □ bw. 1 Op hierdie oomblik: *Doen dit nou. Nou en dan. Nou of nooit. Is jy nou al moeg? Tot nou toe was almal gelukkig. Het hy nou reeds probleme met sy nuwe motor? Wat gaan ons nou doen? Ons moet nou sorg dat alles weer reggestel word. Hy is nou net weg; Nou die dag, onlangs. Ek hoor dit nou eers, vir die eerste maal. So gou soos nou, baie gou.* Vgl. NIMMER. 2 Teenswoordig, in ons dae: *Nou word dit ouderwets genoem. Tot nou toe was dit anders. Dit is nou die mode. Nou se dae* – sien NOUSEDAE. 3 Met die oog op die toekoms: *Ek moet nou Woensdag die vergadering bywoon, eerskomende Woensdag.* 4 Om 'n versoek te bekragtig: *Hou tog nou op! Wie sal nou so iets sê.*

Prototipies het [NOU] 'n semantiese struktuur wat 'op hierdie oomblik' spesifiseer, maar in die poëem *Ek moet nou Woensdag die vergadering bywoon*, spesifiseer dit 'in die toekoms', en in *Hy is nou net weg*, die betekenis 'onlangs, in die verlede'. In die *Woensdag*-poëem bepaal die sintaktiese konteks (naamlik die gebruik van die toekomende tyd) dat die spesifieke betekenisonderskeiding geaktiveer word, deurdat die uitbreidingsterrein van [NOU] (naamlik momente in die opvattingstyd, aangedui met die gearseerde gedeelte in Figuur 28) uitgebrei word deur [WOENSDAG]. In die tweede geval word [NOU] uitgebrei deur [NET], waar VERLEDE deel is van die interne semantiese struktuur van [NET].

Een van die ander kontekste waar dit gebeur dat VERLEDE of TOEKOMS geprofileer word, is wanneer *nou* met 'n identiese *nou* verbind in 'n reduplikasiekonstruksie. Soos blyk uit die komposisiestruktuur van [NOU-NOU] in Figuur 29, wyk die profiel van die komposisiestruktuur af van die profiele van die twee komponentstrukture. In [NOU-NOU] verskuif die spesifisering van HEDE na nabye momente in die onmiddellike toekoms of onmiddellike verlede, en word 'n statiese verhouding dus iewers in TOEKOMS (vergelyk Figuur 29) of VERLEDE (vergelyk Figuur 30) geprofileer. Vergelyk byvoorbeeld die volgende twee aangepaste voorbeelde uit die aangehaalde lemma hierbo, waar die betekenisverskuiwing vanaf


²⁵ Aangesien die spesifieke woordeboekartikel waarskynlik tydens die setproses foutief georden is, bring ek my eie redaksionele wysigings aan, soos wat ek dink die oorspronklike redaksie beoog het. Hierdie veranderinge is aangebring in ooreenstemming met die inskrywings in VAW en WAT.

‘op hierdie oomblik’ na ‘onlangs’ in (62) of ‘met die oog op die toekoms’ in (63) duidelik blyk:


- (62) Tot *nou-nou* toe was almal gelukkig.
 (63) Wat gaan ons *nou-nou* doen?

Deel van die interne konseptuele struktuur van [NOU-NOU] is dat dit egter hoegenaamd nie HEDE kan profileer soos in die geval van [NOU] nie. Vergelyk die volgende onwaarskynlike voorbeelde:

- (64) ??? Is jy *nou-nou* al moeg?
 (65) ??? Het hy *nou-nou* reeds probleme met sy motor?



Figuur 29: *nou-nou* (toekoms)


Figuur 30: *nou-nou* (verlede)

Hierdie proses van profielverskuiwing kan moontlik vergelyk word met die proses van golf-interferensie (soos wat daar in die fisika daarna verwys word): wanneer twee trillings van dieselfde golflengte maar van verskillende fases saamtref, interfereer die twee golwe, en ontstaan 'n nuwe versterkte (of verswakte) golf. In die analogie stel ek dat wanneer twee komponentstrukture met presies dieselfde profiel kombineer, dit kan lei tot **profiel-interferensie**. Deurdat die twee profile sodanige op mekaar inwerk, word 'n ander entiteit binne dieselfde scène daardeur geprofileer (in Figuur 29 met ander woorde TOEKOMS of in Figuur 30 VERLEDE).

Skematies kan dit voorgestel word as $[[[X/x][X/x]]X_p/x-x]$, waar $[X_p]$ die semantiese struktuur voorstel wat deur middel van die profiel-interferensie ontstaan het. Let daarop dat die semantiese struktuur van die nuutgevormde woord nie byvoorbeeld $[Y]$ (met ander woorde iets wat totaal van $[X]$ verskil) is nie, maar wel 'n versterkte, verswakte of veranderde geprofileerde vorm is van $[X]$. Hierdie postulering van profiel-interferensie is ten volle versoenbaar met Moravcsik (1978: 316) se opmerking dat daar subtiel, dog definitiewe verskille is tussen die betekenisse van geredupliseerde en ongeredupliseerde vorme:

“...I have found no clear example of an unreduplicated constructions’ meaning properly including the meaning of the corresponding reduplicated one, or of the two overlapping...” (Moravcsik, 1978: 316)

Dieselfde verskynsel kan ook in voorbeeld (60) aangetoon word vir entiteite in die komposisiestruktuur van *pomp-pomp*. In [POMP/pomp] word deur middel van opvolgende skandering die proses van ‘met `n werktuig water, lug, ens. boontoe of weg pers’ geprofileer. Ook is [POMP] inherent ongemarkeerd vir aspektuele spesifisering (dit kan met ander woorde of `n perfektiewe of `n imperfektiewe proses profileer). In `n reduplikasiekonstruksie soos *pomp-pomp* word die profiel van die komposisiestruktuur deur middel van profiel-interferensie sodanig verander dat [POMP_p/pompomp] alleen `n imperfektiewe proses kan profileer. As gevolg van die geprofileerde imperfektiewe proses verkry [POMP<sub>p</sub>/pompomp] dus `n iteratiewe aspek, wat dan ook die kommunikatiewe funksie van die reduplikasiekonstruksie is. In byvoorbeeld Engels en Nederlands word hierdie imperfektiewe proses grammatikaal aangedui deur `n gegrammatikaliseerde tyds- en aspekaanduidingsstelsel (byvoorbeeld *pumping* in Engels of *aan het pompen zijn* in Nederlands). In Afrikaans, daarenteen, word dit dus dikwels met behulp van reduplikasiekonstruksies aangedui.

Reduplikasiekonstruksies superponeer egter lank nie net die waarde [+iteratief] op die komposisiestruktuur nie – vele ander betekenisaspekte word met reduplikasiekonstruksies geassosieer (vergelyk Botha, 1988). Om dit te beskryf, is dit egter nodig om eers te kyk na die ontleedbaarheid van reduplikasies.


6.3.2 Ontleedbaarheid

In hoofstuk 4 is dit gestel dat ontleedbaarheid een van die belangrike fasette van betekenis is. Ek het aangetoon dat sommige linguistiese eenhede minder ontleedbaar is as ander, maar dat dit belangrik is om in ag te neem dat alle linguistiese eenhede via die een of ander komposisionele pad tot stand kom, hetsy deur direkte simbolisering, of deur die integrering van verskillende komponentstrukture. Hoewel die uiteindelijke komposisiestrukture van twee verskillende uitdrukkings dieselfde mag wees, word die relatiewe markantheid van verskillende fasette van die beskoude situasie bepaal deur

die komposisionele pad wat tydens die komposisie gevolg word. Ek het dit gestel dat die grammatikale konstruksie wat 'n spreker kies om hom-/haarself uit te druk, tot genuanseerde betekenisverskille lei. Vergelyk byvoorbeeld die volgende vyf sinne:

- (66) Die leeu **brul** *terwyl* hy weg loop.
- (67) Die leeu loop **brullend** weg.
- (68) Die leeu loop **al** **brullend** weg.
- (69) Die leeu loop **brul-brul** weg.
- (70) Die leeu **brul-brul** weg.

In al vyf uitdrukkings word 'n scène gekonstrueer waar 'n leeu 'n sekere geluid maak, terwyl hy besig is om weg te beweeg vanaf die begronde punt ("grounding point"). Die konseptualisering van hierdie scène sou heel abstrak skematies as volg voorgestel kan word, waar die trajektor die leeu en die landmerk die begronde punt verteenwoordig:



Figuur 31: Konseptuele beeld van scène in voorbeelde (66) - (70)

In (66) word die komposisiestruktuur gevorm deur gebruik te maak van twee klouse (*Die leeu brul* en *hy weg loop*) wat deur middel van die konnektor *terwyl* verbind word. *Terwyl* is 'n instansiëring van die kategorie konnektors (*wanneer, voordat, nadat, want, aangesien, as*, ensovoorts) wat markant en spesifiek intern verwys na twee klousagtige strukture as deel van hul betekenis. Skematies binne dié kategorie van konnektors konstrueer *terwyl* 'n statiese verhouding wat 'n aanduiding gee van die wesensaard van die konneksie tussen die twee klouse wat met mekaar geassosieer word. 'n Verhouding van temporele insluiting tussen twee skematiese episodes of situasies kan egter ook deur *terwyl* geprofileer word, waarvan een (die landmerk van *terwyl*) uitgebrei

word deur 'n finiete klous ("finite clause"), en die ander (die trajektor van *termyl*) uitgebrei word deur die hoofklous, soos die geval is in (66) (Langacker, 1991a: 424).

Aangesien hierdie tipe insluiting nie beperk is tot klouse nie (Langacker, 1991a: 429), is dit nie verrassend dat temporele insluiting ook op ander vlakke van organisering uitgedruk kan word nie. In (67) kies die spreker vir die konstruksie [X-END/x-end] (die teenwoordige partisipiumvorm van 'n werkwoord) om as bywoord van wyse te funksioneer. 'n Bywoord word in hierdie raamwerk gesien as 'n atemporele verhouding met 'n verhouding as trajektor (Langacker, 1987a: 486). Die semantiese effek van die suffiks *-end* is dus om 'n proses (*brul*) te verander in 'n atemporele verhouding. Aangesien 'n atemporele verhouding in Afrikaans nooit kan optree as kern van 'n beperkende klous nie (vergelyk **Die leeu brullend*), moet dit gehertemporaliseer ("retemporalize") word deur 'n werkwoord (in (67) verrig *loop* dié funksie). Waar *termyl* in (66) die temporele verhouding tussen die twee episodes spesifiseer, word dieselfde temporele verhouding van **gelyktydigheid** in die trajektor van die suffiks *-end* in *brullend* aangedui. Hoewel dieselfde komposisiestruktuur tot stand kom, word die nuanse van betekenisverskil gevind in die verskillende komposisionele paaie: waar in (66) die komposisiestruktuur bereik word deur gebruik te maak van 'n konnektor tussen twee beskoude episodes, word in (67) die bywoordelike eienskap wat deur die temporele verhouding uitgedruk word, uitgebeeld in die komposisionele pad.

'n Uitbreiding op die [X-END/x-end]-konstruksie, is die [AL X-END/al x-end]-konstruksie, soos in voorbeeld (68). Hoewel die suffiks *-end* alreeds op die semantiese pool gelyktydigheid uitdruk, word hierdie betekenisaspek verder versterk deur gebruik te maak van *al* as bywoord. Twee van die betekenisaspekte van *al* is OOR DIE HELE AFSTAND of ELKE KEER WEER, beide instansiëerings van die TYD AS RUIMTE-metafoor, waarmee nie net gelyktydigheid uitgedruk word nie, maar sekerlik ook **voortdurendheid**. As gevolg van hierdie oorvleueling op die semantiese pool, kan die konstruksie [AL X-END/al x-end] gesien word nie net as 'n versterking van die [X-END/x-end]-konstruksie nie, maar ook as dat dit 'n ekstra dimensie (naamlik van voortdurendheid) aan 'n uitdrukking toeken. Hoewel dieselfde

gekonseptualiseerde episode dus gerealiseer word, bring ook hierdie komposisionele pad verskillende betekenisnuanses tot stand.

Nog 'n moontlikheid sou wees om van 'n reduplikasiekonstruksie gebruik te maak, soos in (69). Botha (1988: 55-67) argumenteer uitvoerig dat *brullend* en *brul-brul* in bostaande uitdrukkings sowel semanties as sintakties ekwivalent is (hoewel laasgenoemde sommige van die werkwoordelike eienskappe van eersgenoemde verloor het). Om tot hierdie gevolgtrekking te kom, maak hy gebruik van Kiparsky (1982) se Endosentriese Beperking, wat bepaal dat die woordsoortelike kategorie van 'n afgeleide woord altyd dieselfde is as dié van die kern van die afgeleide woord (volgens Botha (1988) verteenwoordig reduplikasies 'n vorm van zero-afleiding).

Hierbo in 4.2.2.1 is aangetoon dat sodanige addisionele beperkinge nie nodig is vir die beskrywing van komposisiestruktuur nie, maar dat dit gewoon beskryf kan word aan die hand van profielbepaling. Ek het daarop gewys dat in die geval van reduplikasies dit onmoontlik is om aan te toon watter komponentstruktuur die profieldeterminant is en dat van die standpunt uitgegaan word dat daar dus geen profieldeterminant aanwesig is nie. In die komposisie van reduplikasies moet eerder verwys word na profiel-interferensie, wat simbolies voorgestel word as $[[[X/x][X/x]]X_p/x-x]$. Deurdat twee identieke komponentstrukture verbind in 'n komplekse komposisiestruktuur, kom dus 'n geheel nuwe profiel tot stand.


Sodanige profiel-interferensie kan ook duidelik aan die hand van *brul-brul* geïllustreer word. Normaal gesien kan $[BRUL/brœl]$, afhangende van die konteks, gekonseptualiseer word as òf 'n perfektiewe proses (soos byvoorbeeld in *Ek het geskrik toe die leeu skielik agter my brul*), òf as 'n imperfektiewe proses (soos byvoorbeeld in *Die leeu brul soggens aanhoudend*) (vergelyk ook Langacker (1987a: 257-258) se bespreking van *sien*, waar hy aantoon dat die perfektief/imperfektief-onderskeid nie as 'n streng dichotomie gesien moet word nie). Immers is die perfektiwiteit of imperfektiwiteit van 'n proses nie inherent aan 'n bepaalde werkwoord nie, maar word dit juis deur die konseptualisering bepaal.

Wanneer $[BRUL/brœl]$ egter geredupliseer word in $([BRUL/brœl]-[BRUL/brœl])$, ontstaan die komposisiestruktuur $(BRUL_p/brœlbrœl)$, waar $(BRUL_p)$ die semantiese

struktuur het van 'n imperfektiewe proses (soos in (70) hierbo). Aangesien (BRUL_p/brœlbrœl) juis voortdurendheid (en dus imperfektiwiteit) konstrueer wanneer [BRUL/brœl] geredupliseer word, kan dit nie 'n perfektiewe proses verteenwoordig nie. Vergelyk die volgende sin:


(71) ?Ek het geskrik toe die leeu skielik agter my **brul-brul**.

In die volgende diagrammatiese voorstelling van hierdie komposisiestruktuur word die voortdurendheid aan die een kant aangedui deur die reeks geprofileerde toestande, en andersyds met behulp van die kolletjies op die tydlyn:



Figuur 32: brul-brul (imperfektiewe proses)

Die komposisietruktuur (BRUL_p/brœlbrœl) kan andersyds ook 'n komplekse atemporele verhouding (soos in (69) hierbo) verteenwoordig. Deur profiel-interferensie word die geprofileerde tydlyn van profielstatus ontnem, en word 'n komplekse atemporele verhouding sodoende gekonstrueer. Vergelyk die volgende diagrammatiese voorstelling:




Figuur 33: *brul-brul* (komplekse atemporele verhouding)

Die feit dat $(BRUL_p/br\ddot{u}elbr\ddot{u}el)$ twee semantiese strukture kan konstrueer, wil suggereer dat twee verskillende skemas vir die grammatikale konstruksie gepostuleer moet word, te wete 'n skema wat die komplekse atemporele verhouding as uitkoms het, en een wat die imperfektiewe proses as uitkoms het. Die teendeel is egter waar: 'n komplekse atemporele verhouding profileer 'n reeks toestande, net soos in die geval van 'n imperfektiewe proses. Die verskil tussen die twee strukture lê opgesluit in die manier waarop die konfigurasië geskandeer word. In die geval van die komplekse atemporele verhouding is daar sprake van opsommende skandering, aangesien al die fasette van die struktuur gelyktydig beskikbaar is. Daarteenoor verteenwoordig die imperfektiewe proses opvolgende skandering, deurdat die fasette van die struktuur nonkumulatief van aard gekonstrueer word.

Voortspruitend uit hierdie argument kan ons dus postuleer dat $(BRUL_p/br\ddot{u}elbr\ddot{u}el)$ op die semantiese pool 'n reeks toestande postuleer, hetsy deur middel van opsommende of opvolgende skandering. Ons kan dus sê dat die reeks toestande gespesifiseer is, maar dat die wyse van skandering skematies en ongespesifiseer bly. Aangesien die wyse van skandering in $(BRUL_p)$ skematies is, moet dit dus deur een of ander komplement gespesifiseer word. Gevolglik kan die semantiese struktuur van

(BRUL_p/brœlbrœl) diagrammaties soos volg voorgestel word, waar die stippellyn op die tydlyn op die skematiese aard van die wyse van skandering dui:



Figuur 34: Skematiese voorstelling van semantiese struktuur van (BRUL_p)

In (69) dien [LOOP/lo:p] as komponentstruktuur vir die spesifisering van (BRUL_p), terwyl [WEG/væx] in (70) dieselfde funksie vervul. Sodoende word (BRUL_p/brœlbrœl) in (69) dus gekarakteriseer as bywoord van wyse en in (70) as hoofwerkwoord. Die noodsaaklikheid vir die postulering van 'n Endosentriese Beperking, soos deur Botha (1988: 33) voorgestel, taan dus, aangesien die semantiese karakterisering van die komposisiestruktuur voldoende is vir die beskrywing van die konstruksie. Hoewel hierdie beskrywing van (BRUL_p) nie as veralgemening vir alle gevalle van reduplikasie kan dien nie, blyk die beginsel van die belangrikheid van ontleedbaarheid vir die beskrywing van die semantiese invoer van die reduplikasiekonstruksie. Deurdat die markantheid van 'n komponent se substruktuur beskryf word met inagneming van hoe dit verband hou met die profiel van die komposisiestruktuur, kan die subtile betekenisnuanses van verskillende uitdrukkings bevredigend beskryf word.

6.4 KONSEPTUELE EN FONOLOGIESE AFHANKLIKHEID EN ONAFHANKLIKHEID

Die derde valensiefaktor wat 'n rol speel in die moontlike kombinerings van komponentstrukture in die reduplikasiekonstruksie, het betrekking op die onderskeid

tussen afhanklike en onafhanklike elemente. In hoofstuk 4 het ek 'n afhanklike struktuur gedefinieer as 'n struktuur wat tot 'n groot mate in verhouding tot 'n ander struktuur gekarakteriseer word en gevolglik markante interne verwysing maak na die vooronderstelde struktuur (ten minste op 'n skematiese vlak). 'n Onafhanklike struktuur, daarenteen, is gedefinieer as 'n semantiese of fonologiese struktuur wat op sigself bestaan en dus nie 'n ander struktuur vooronderstel nie. Ook het ek genoem dat die mate waartoe twee strukture van mekaar afhanklik is wanneer hulle kombineer in 'n valensieverhouding afhanklik is van veral twee faktore, naamlik markantheid en uitbreiding. Ons moet dus bepaal watter substruktuur van 'n bepaalde komponentstruktuur markant is, en of hierdie markante substruktuur deur 'n ander komponentstruktuur uitgebrei word:

- ❖ Met betrekking tot die markantheid van 'n substruktuur moet gelet word op die graad van sentraliteit en die waarskynlikheid van aktivering van die substruktuur. Ek het aangetoon dat die sentraliteit van 'n spesifikasie afhang of die spesifikasie gekonvensionaliseer is, generies is, intrinsiek aan en karakteriserend van die konsep is. 'n Substruktuur wat prominensie geniet, sal ook meer waarskynlik geaktiveer word binne 'n bepaalde struktuur as 'n substruktuur met minder prominensie.
- ❖ Met betrekking tot uitbreiding moet bepaal word watter struktuur as uitbreiding dien vir 'n ander struktuur. Met ander woorde ons moet bepaal watter skematiese, afhanklike substruktuur (wat die uitbreidingsterrein is) uitgebrei word deur die meer gespesifiseerde, onafhanklike struktuur.

Hierdie asimmetrie wat bestaan tussen die afhanklike struktuur wat uitgebrei moet word deur 'n onafhanklike struktuur word algemeen in grammatikale strukture aangetref. Ek het dit egter hipoteties gestel dat die moontlikheid bestaan dat twee komponentstrukture wedersyds afhanklik kan wees of dat daar nie 'n noodwendige afhanklikheidsverhouding tussen die twee strukture hoef te bestaan nie. Die reduplikasiekonstruksies in Afrikaans kan dien as goeie voorbeeld om hierdie hipotese te bewys.

In die bespreking hierbo betreffende ooreenkoms (vergelyk 6.2) is aangetoon dat die elemente HOEP, TINK en DJAP in *hoep-hoep*, *tinktinkie* en *djap-djappie* beskou moet

word as onomatopeïese tussenwerpsels, wat binne bepaalde kontekste ook verskillende woordsoortelike funksies kan verrig. Ek het ook beklemtoon dat A/O-asimmetrie 'n belangrike valensiefaktor behoort te wees in die verbinding van sodanige onomatopeïese tussenwerpsels in komplekse strukture, aangesien daar op die fonologiese pool 'n hoë mate van afhanklikheid bestaan. Sodanige afhanklikheid blyk duidelik uit 'n unipolêre analise van genoemde elemente as komponentstrukture van die meer gekonvensionaliseerde uitdrukkings *hoep-hoep*, *tinktinkie* en *djap-djappie* (wat egter nie beteken dat dit nie ook as onafhanklike bipolêre elemente kan funksioneer soos in voorbeelde (54) en (55) nie). Aangesien die onderskeie komponentstrukture slegs in periferaal gevalle in ander uitdrukkings as in die gekonvensionaliseerde uitdrukkings voorkom, kan ons konkludeer dat hierdie komponentstrukture prototipies wedersyds afhanklik is (soos ook in ander komposisiestrukture met eenheidstatus soos byvoorbeeld [arci] en [farci] in die idioom *Aartjie na sy vaartjie*, of [uran] en [utan] in *Oerang-oetang* en [alma] en [matər] in *Alma mater*).

Uit my bewering dat die twee komponentstrukture [HOEP/hup] en [HOEP/hup] wedersyds afhanklik is, impliseer dit dat beide 'n markante substruktuur bevat wat wedersyds deur die ander komponentstruktuur uitgebrei word. As 'n onomatopeïese tussenwerpsel word [HOEP/hup] beskou as 'n geprofileerde oomblik van 'n perfektiewe proses, waar die trajektor die produsent is van 'n bepaalde geluid²⁶. As die markantheid van hierdie substruktuur gemeet word aan die kriteria hierbo bespreek, kan daar met redelike sekerheid aangeneem word dat die produsent (met ander woorde die voël) in [HOEP/hup] 'n hoë graad van sentraliteit beklee:

- ❖ Die verhouding tussen die klank en die voël wat die klank produseer, is sterk **gekonvensionaliseerd**. Die feit dat die voël in die standaardtaal slegs benoem word deur van klanknabootsing gebruik te maak (met ander woorde geen ander sinonieme word vir benoeming gebruik nie)²⁷, bevestig hierdie

²⁶ Langacker (1987a: 79-80) toon aan dat onomatopeïese uitdrukkings soos [hup] simboliese eenhede is met sterk ooreenkomste tussen twee strukture in die fonologiese ruimte, te wete die fisiese geluid van die betekende en die spraakklanke van die betekenaar.

²⁷ Dieselfde geld eweneens vir Engels, wat die spesifieke voëlsoort benoem as 'n *hoopoe*.


gekonvensionaliseerde verhouding. Dieselfde geld natuurlik nie vir onomatopeïese tussenwerpsels nie, soos blyk uit die groot variasie wat oor verskillende tale heen voorkom om bepaalde geluide na te boots (Keller, 1998: 130).

- ❖ Die trajektor is **generies** tot die mate waarin sprekers weet dat dit na 'n voëlsoort verwys, maar nie noodwendig kennis het van wetenskaplike of gespesifiseerde inligting betreffende die spesifieke spesie nie.
- ❖ Dis **intrinsiek** deel van die verhouding, aangesien die waarskynlikheid skraal is dat 'n ander entiteit as hierdie spesifieke voëlsoort die geluid sal produseer.
- ❖ Met die eerste oogopslag wil 'n mens argumenteer dat die geluid wat hierdie spesifieke voëlsoort maak, **karakteriserend** is van die spesie, eerder as wat die spesie karakteriserend is van die geluid. Ek gaan egter van die standpunt uit dat daar sprake is van wedersydse karakterisering: in die geval van die hoep-hoep is die sterk assosiasie wat bestaan tussen die voël en die geluid wat die voël maak veel sterker as byvoorbeeld die verhouding tussen 'n mossie en die geluid (byvoorbeeld [tʃəlp]) wat 'n mossie maak. Die feit dat die hoep-hoep dus benoem word in terme van die geluid wat dit produseer, dui op die sterk wedersydse assosiasie tussen die voël en die geluid wat dit produseer.

Ook met betrekking tot die waarskynlikheid van aktivering, blyk dit dat die trajektor die markante substruktuur is. Nie net tree 'n fisiese voorwerp (soos 'n voël) meer waarskynlik as 'n abstrakte entiteit (soos 'n geluid) op as aktiewe area nie, maar is PRODUSENT ook dikwels meer markant as PRODUK (soos blyk uit metonimiese uitdrukkings soos *Ek het 'n Picasso gekoop*). Boonop word by die aanhoor van die geluid wat die voël produseer die voël in totaliteit (ook as spesie) geaktiveer, en nie byvoorbeeld net daardie deel van die anatomie waar die geluid ontstaan nie (vergelyk ook voorbeelde soos *kwaak-kwaak*, *woef-woef*, *miaau-miaau*, *mê-mê*, ensovoorts). Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die trajektor van [HOEP] hoogs waarskynlik geaktiveer sal word, en dus as die markante substruktuur gesien kan word.

Vanweë die genoemde sterk verhouding van assosiasie tussen die produsent (die voël) en die produk (die geluid), impliseer dit ook dat die trajektor in [HOEP] sal

optree as die uitbreidingsterrein van die struktuur. In terme van die beginsel in (53) hierbo geformuleer, verwag 'n mens dus dat [HOEP/hup] as 'n afhanklike eenheid met 'n markante substruktuur uitgebrei moet word deur 'n onafhanklike struktuur. In die reduplikasiekonstruksie is die teendeel egter waar: aangesien twee identiese komponentstrukture met mekaar verbind, is beide afhanklike strukture, en moet die uitbreidingsterrein van die een komponent dus optree as uitbreiding van die uitbreidingsterrein van die ander komponent, en omgekeerd. Ons kan na hierdie toedrag van sake verwys as **wedersydse uitbreiding**, wat voorkom wanneer twee identiese afhanklike komponentstrukture in 'n valensieverhouding kombineer. In Figuur 35 word die identisiteit van die twee komponentstrukture aangedui met die tweepuntige lynpyltjie, terwyl die tweepuntige uitbreidingspyl aandui dat die twee substrukture mekaar wedersydse uitbrei:



Figuur 35: *hoep-hoep*

In die geval van [HOEP_p/huphup] het die profiel-interferensie nominalisering tot gevolg, soos blyk uit die geprofileerde aansyn in die komposisiestruktuur in Figuur 35. Dusdanig word die afhanklike komponentstruktuur dus onafhanklik gemaak deur profiel-interferensie. Soortgelyke gevalle van nominalisering word aangetref wanneer

twee identiese telwoorde in 'n reduplikasiekonstruksie verbind. Vergelyk die volgende voorbeelde, soos oorgeneem uit Botha (1988: 36):

- (72) *Drie-drie storm deur die hek.*
- (73) *Tien-tien verlaat die kamer.*
- (74) *Vyf-vyf kom om afskeid te neem.*

Ten einde te hou aan die Endosentriese beginsel (Botha, 1988: 33), argumenteer Botha omvattend dat [DRIE/dri] in voorbeeld (72) nie 'n telwoord is nie, maar 'n selfstandige naamwoord. Om dit te kan aantoon, moet hy hom beroep op 'n leksikale oorbodigheidsreël wat bepaal dat maatnaamwoorde in alle sintaktiese posisies kan optree (Botha, 1988: 42). As ons egter na die semantiese karakterisering van 'n telwoord soos *drie kke*, blyk dit al vinnig dat die noodsaaklikheid vir sodanige eksterne reël taan. Ons konseptualisering van [DRIE] hou in dat dit 'n hoogs gespesifiseerde atemporele verhouding verteenwoordig, waar die landmerk 'n spesifieke punt op die telskaal is en die trajektor hetsy 'n onderskeibare of kontinue entiteit is. Hierdie entiteit verteenwoordig dan ook die uitbreidingsterrein van die konsep, wat verder uitgebrei moet word deur 'n ander struktuur (in *Drie katte storm deur die hek* brei [KATTE] die trajektor uit). Wanneer daar egter sprake is van wedersydse uitbreiding by twee identiese komponentstrukture, word die entiteit (met ander woorde die trajektor) deur profiel-interferensie as 'n aansyn geprofileer, op dieselfde wyse as by [HOEP_p/huphup]. Die feit dat 'n aansyn geprofileer word, verklaar ook waarom [DRIE_p/dridri] gekonseptualiseer word as meerdere instansiërings van die bepaalde entiteit²⁸, aangesien MEERVOUD prototipies geassosieer word met aansyne. Geen ekstra "reëls" is dus nodig om voorsiening te maak vir die realisering van *drie-drie* nie, omdat dit gewoon 'n kwessie van uitbreiding van 'n afhanklike substruktuur is.

Profiel-interferensie het uiteraard nie altyd nominalisering tot gevolg nie: in die geval van (BRUL_p/brœlbrœl) word die trajektor (met ander woorde die produsent van die geluid) nie afsonderlik geprofileer nie, maar eerder die proses in totaliteit (vergelyk Figuur 34). Dit is toe te skryf aan die feit dat, anders as [HOEP/hup], [BRUL/brœl]

²⁸ Volgens Botha (1988: 36) beteken *drie-drie* hier 'in groepe van drieë' (in Engels "in groups of three" en in Nederlands "in drietallen").

nie hoogs-gespesifiseerd is met betrekking tot die produsent nie: 'n verskeidenheid entiteite kan optree as produsent (byvoorbeeld leeu, tere, mense, motorfiets, ensovoorts). Die verhouding tussen produsent en produk is dus van veel minder belang as die wyse van skandering, wat tot gevolg het dat (BRUL_p/brœlbrœl) nie 'n aansyn profileer nie, maar eerder 'n komplekse atemporele verhouding of imperfektiewe proses.

Identisiteit van komponentstrukture kom nie net voor by afhanklike komponente nie, maar ook by onafhanklike strukture. In die geval van afhanklike strukture (soos in [HOEP/hup] hierbo) is dit te verstane dat daar 'n sterk valensieverhouding tussen die twee strukture bestaan, aangesien beide strukture uitbreiding vereis. Die vraag ontstaan nou waarom daar dan 'n valensieverhouding bestaan tussen twee identiese onafhanklike strukture.

In die geval van prototipiese samestellings (soos byvoorbeeld *boekrak* of *tuinslang*) is daar ook nie sprake van 'n A/O-asimmetrie nie: beide komponentstrukture is onafhanklike strukture²⁹. Daaruit spruit voort dat A/O-asimmetrie dus nie 'n vereiste is vir die ontstaan van 'n valensieverhouding tussen twee strukture nie, en dus ook nie 'n vereiste is wanneer twee identiese komponentstrukture verbind nie (vergelyk ook Langacker, 1991b: 182).

Aangesien [BRUL/brœl] (soos byvoorbeeld in *Die leeu brul*) geen noodsaaklike uitbreidingsterrein bevat nie, kan dit as 'n goeie voorbeeld beskou word van 'n onafhanklike struktuur. Wanneer [BRUL/brœl] geredupliseer word in (BRUL_p/brœlbrœl) is daar nie sprake van A/O-asimmetrie nie, aangesien beide komponentstrukture onafhanklik is. Boonop is beide elemente volledig identies, wat die moontlikheid van 'n asimmetriese verhouding per definisie uitsluit. Ons kan dus konstateer dat, in terme van die beginsel in (53) geformuleer, daar nie 'n sterk afhanklikheid bestaan tussen [BRUL/brœl] en [BRUL/brœl] nie, maar dat die rede vir kombinasie eerder gesoek moet word in die sterk ooreenkoms wat tussen die twee strukture bestaan (vergelyk 6.2).

Om saam te vat: die onderskeid tussen onafhanklike en afhanklike elemente is belangrik vir die beskrywing van reduplikasiekonstruksies. In die geval van afhanklike strukture het dit geblyk dat daar sprake is van wedersydse uitbreiding van die afhanklike substrukture in die afhanklike elemente, waardeur die komposisiestruktuur dikwels onafhanklik gemaak word. Daar is aangetoon dat profiel-interferensie dikwels een of ander vorm van funksiewisseling tot gevolg het: in die geval van *hoep-hoep* en *drie-drie* het dit gelei tot nominalisering (met ander woorde woordsoortverandering), terwyl dit in die geval van *brul* gelei het tot profielwisseling (wat gesien kan word as 'n soort aksionsart-wisseling).


6.5 KONSTITUERING

Die laaste valensiefaktor wat ter sake is met betrekking tot die reduplikasiekonstruksie is konstituering (i.e. die volgorde waarin komponentstrukture met mekaar verbind om progressief meer uitgebreide komposisiestrukture te vorm). In die bespreking in hoofstuk 4 het ek daarop gewys dat konstituente sowel ongekennde strukture as strukture met eenheidstatus kan wees, wat beteken dat alle eenhede as konstituente kan optree, maar dat alle konstituente nie noodwendig eenhede is nie. Ek het ook genoem dat konstituering 'n sekondêre valensiefaktor is, wat beteken dat konstituering relatief non-essensieel is vir die realisering van grammatikale verhoudings, en dat dit dikwels buigsaam en veranderlik is. Ons kan hierdie uitgangspunt illustreer aan die hand van die volgende voorbeelde:

- (75) *Die dokter vat aan die swelsel.*
- (76) *Die dokter vat-vat aan die swelsel.*
- (77) *Die dokter het aan die swelsel gevat.*
- (78) *Die dokter het aan die swelsel gevat-vat.*
- (79) *Die dokter het aan die swelsel gevat-gevat.*
- (80) **Die dokter het aan die swelsel vat-gevat.*

²⁹ A/O-opstelling moet nie verwar word met die kern/bepaler-onderskeid nie. Hoewel die konsepte dikwels koördineer, moet dit gesien word as beskrywingsmeganismes op verskillende vlakke van spesifiekheid (vergelyk Langacker, 1987a: 309-310).

Die konstruksie in (75) bevat drie hoofelemente³⁰. [VAT] is 'n oorganklike perfektiewe proses waar 'n skematiese trajektor deur ruimte beweeg om uiteindelik kontak te maak met 'n skematiese landmerk. Die trajektor van [VAT] word uitgebrei deur [DOKTER], 'n naamwoord wat 'n aansyn profileer. Die landmerk van [VAT] word uitgebrei deur 'n voorsetselkonstruksie waarin 'n statiese verhouding (die geprofileerde vierkantige blokkie in Figuur 36) uitgebeeld word, naamlik (AAN-SWELSEL). Die profieldeterminant van die gehele komposisiestruktuur is [VAT], aangesien die klous as geheel 'n proses profileer. Hierdie komposisiestruktuur kan diagrammadies soos volg voorgestel word:



Figuur 36: Komposisiestruktuur. *Die dokter vat aan die swelsel*

Met betrekking tot die konstituering van die komposisiestruktuur verbind [AAN] en [SWELSEL] op 'n eerste vlak van konstituering om die non-eenheid (AAN-SWELSEL) te vorm. Op die fonologiese pool word hierdie konstituering moontlik tot 'n bepaalde mate gerealiseer in 'n eenheid van intonasie van die voorsetselkonstruksie³¹. Betreffende die volgende vlak van konstituering kan gestel word dat geen verdere spesifieke hiërargie van konstituering veronderstel word nie. Daar is geen rede om byvoorbeeld te sê dat [DOKTER] en [VAT] eers verbind om

³⁰ Ter wille van die duidelikheid van die argument word lidwoorde weggelaat uit die analise, waarmee nie gesuggereer word dat lidwoorde geen konseptuele rol in konstituering speel nie.

³¹ Geen absolute aanspraak met betrekking tot die fonologiese realisering van konstituering word hier gemaak nie, maar blote intuïtiewe aanvoelings word weergegee. Uiteraard moet hierdie aanvoelings aan data getoets word, maar sodanige toetsing val buite die bestek van hierdie studie.

(DOKTER-VAT) te vorm, waarna dit met (AAN-SWELSEL) in 'n valensieverhouding tree om die komposisiestruktuur te vorm nie. Dieselfde geld ook dat [VAT] en (AAN-SWELSEL) nie noodwendig eers verbind voordat die volledige komposisiestruktuur gekonstitueer word nie. Ons kan dus die konstituering voorstel as dat dit tot 'n groot mate gelyktydig plaasvind: [DOKTER] → [VAT] ← (AAN-SWELSEL), waar die pyltjies aandui dat [DOKTER] en (AAN-SWELSEL) gelyktydig uitbreidings is op onderskeidelik die trajektor en landmerk van [VAT].

Die konstituering van die komposisiestruktuur wat in (76) gerealiseer word, verskil subtiel, dog noemenswaardig, van die komposisiestruktuur wat so juis bespreek is. Op 'n eerste vlak van konstituering verloop die proses dieselfde as in (75), maar op 'n volgende vlak van konstituering blyk dit dat (AAN-SWELSEL) nie met [VAT] verbind nie, maar wel met (VAT_p). Daar moet dus eers vasgestel word op welke vlak van konstituering [VAT] en [VAT] verbind om (VAT_p) te vorm.

Aan die een kant kan geredeneer word dat (VAT_p) op dieselfde vlak as [SWELSEL] gekonstitueer word (met ander woorde op nog 'n laer vlak van morfologiese konstituering). Hierdie standpunt sou gunstig inpas in Botha (1988) se argumentasielyn, aangesien dit aan (VAT_p/fatfat) sogenaamde woordstatus verleen. In terme van die onafhanklik-geformuleerde Morfologiese Eiland-beperking (Botha, 1988: 11) is sodanige eenheid dus nie ontvanklik vir interne fleksie-, afleiding- of sintaktiese prosesse nie, en verklaar dit waarom die konstruksie in (80) as ongrammatikaal beskou word. In die huidige beskrywingsraamwerk word die noodsaaklikheid van sodanige Morfologiese Eiland-beperking onnodig geag, aangesien die kombinerings van [VAT/fat] en [VAT/fat] in die komposisiestruktuur (VAT_p/fatfat), lei tot die verlies van die individuele geprofileerde substrukture wat andersins ontvanklik is vir uitbreiding deur genoemde fleksie-, afleiding- of ander sintaktiese strukture.

Aan die ander kant kan geargumenteer word dat die konstituering van (AAN-SWELSEL) en (VAT_p) op dieselfde vlak van konstituering plaasvind. Om hierdie argument te volg is dit belangrik om te besef dat die komposisionele paaie wat die organisering van komponente in konstituente spesifiseer, deur konvensionalisering en

verskansing bepaal word (Langacker, 1987a: 318). Wanneer 'n bepaalde komposisionele pad sodanig gekonvensionaliseer is dat dit weinig kognitiewe energie verg om 'n komposisiestruktuur te genereer (byvoorbeeld ook die geval by kollokasies, idioome, ensovoorts), word **konstitueringspatrone** ("patterns of constituency") gevorm. Sodanige konstitueringspatrone word geïnkorporeer in die komplekse skematiese eenhede waaruit 'n spreker se kennis van grammatikale konstruksies bestaan. Wanneer 'n spreker dus uitdrukking wil gee aan 'n iteratiewe aspek, word die konstituering gesanksioneer deur die skema ($[[X][X]]X_p$) van reduplikasiekonstruksies, aangesien die konstitueringspatroon reeds deel is van die kennis van die spesifieke grammatikale konstruksie.

Sekere konstitueringspatrone kan sodanig verskans word dat variasie byna uitgesluit word. Die konstitueringspatroon $[GE-X_p/ge-x-x]$ waarmee die verlede tydsvorm van $[X_p]$ aangedui word (vergelyk voorbeeld (78) hierbo), kan gesien word as voorbeeld van sodanige konstituent wat as sanksionerende hoëvlakskema funksioneer. Hierdie skema sanksioneer ongekende uitdrukkings ten volle, solank as wat die ongekende uitdrukkings versoenbaar is met die spesifikasies van die skema, en die geskematiseerde gedeelte ($[X]$) deur die ongekende uitdrukking uitgebrei word. Ons kan ook aanneem dat hierdie skema (as prototipiese skema) 'n hoë mate van produktiwiteit het. Vanweë die gekonvensionaliseerdheid van hierdie hoëvlakskema, is dit sodanig verskans dat die konstituering van *vat-gevat* in (80) as ongrammatikale variasie beoordeel word, weens die gebrek van sodanige sanksionerende skema. Dit vorm egter slegs die verstekpatroon, en daar kan binne bepaalde omstandighede ander laevlakskemas bestaan, wat byvoorbeeld die voorkoms van *glim-glimlag*, *struik-struikelend* en *dieselfde-selfde* verklaar (vergelyk die bespreking in 6.2 hierbo). Die ontstaan en konvensionalisering van sekondêre konstitueringspatrone word dus nie uitgesluit nie.

Om dus terug te keer na die aanvanklike kwessie betreffende die konstitueringsvlak van (VAT_p) : ek het aangetoon dat $[VAT]$ en $[VAT]$ op twee moontlike konstitueringsvlakke met mekaar kan kombineer om (VAT_p) te vorm. Aan die een kant kan die konstituering op 'n laer morfologiese vlak geskied, of aan die ander kant kan die konstitueringspatroon deel wees van die kennis van die sanksionerende

skema van reduplikasiekonstruksies. Myns insiens moet die een moontlikheid nie ten koste van die ander moontlikheid as verklaring gekies word nie. Die eerste moontlikheid bied goeie verklaring vir die voorkoms en gebruik van sterk gekonvensionaliseerde reduplikasies met eenheidstatus (soos byvoorbeeld *gou-gou*, *nou-nou* en *hoep-hoep*), terwyl die tweede moontlikheid beter verklaring bied vir ongekennde reduplikasies (soos *pomp-pomp*, *brul-brul* en *vat-vat*).

6.6 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk is gepoog om aan te dui hoe reduplikasies in Afrikaans gevorm word, deur te fokus op die faktore wat die komposisie van reduplikasies moontlik maak.

Ten opsigte van **ooreenkoms** is aangetoon dat die valensieverhouding wat die kombinerings van linguistiese uitdrukkings bepaal, afhanklik is van die mate waartoe elemente deur die komponentstrukture gedeel word. In die geval van reduplikasies is dit die identiteit van die komponentstrukture op die fonologiese en semantiese pole wat as motivering vir kombinerings dien. In die geval van onomatopeïese reduplikasies en eggowoordreduplikasies word die motivering vir vorming nie net gesien as 'n resultaat van ooreenkoms nie, maar ook van afhanklikheid van die komponentstrukture.

Hoewel ooreenkoms die enigste primêre valensiefaktor is, beteken dit nie dat die ander sekondêre valensiefaktore (wat relatief buigsaam en veranderlik is) nie belangrik is nie. So byvoorbeeld is **konstruksieprofilering** eweneens belangrik in die beskrywing van reduplikasies. Aan die hand van twee aspekte, naamlik **profielbepaaldheid** en **ontleedbaarheid** het ek daarop gewys dat dit onmoontlik is om aan te toon watter komponentstruktuur die profieldeterminant is in reduplikasies, en dat daar dus geen profieldeterminant aanwesig is nie. Alternatiewelik is die idee van **profiel-interferensie** voorgestel: deurdat twee identieke komponentstrukture verbind in 'n komplekse komposisiestruktuur, kom 'n geheel nuwe profiel tot stand, en kan uitgedruk word as $[[[X/x][X/x]]X_p/x-x]$. Deurdat die markantheid van 'n komponent se substruktuur beskryf word met inagneming van hoe dit verband hou

met die profiel van die komposisiestruktuur, kan die subtiële betekenisnuanses van verskillende uitdrukkings bevredigend beskryf word.

Hoewel wisselende verhoudings van **konseptuele en fonologiese afhanklikheid en onafhanklikheid** prototipies voorkom in grammatikale konstruksies, is dit uiteraard nie altyd die geval nie. In die geval van onomatopeïese reduplikasies is daar byvoorbeeld sprake van 'n markante A/O-asimmetrie, aangesien twee identiese, afhanklike komponentstrukture met mekaar verbind. Daarenteen is beide komponentstrukture in gewone reduplikasies meestal onafhanklike strukture, en is daar nie sprake van dieselfde A/O-asimmetrie nie. Of twee substrukture nou in 'n verhouding van wedersydse uitbreiding of van verlenging staan, is daar aangetoon dat profiel-interferensie in elk geval meestal een of ander vorm van funksiewisseling tot gevolg het.

Met betrekking tot **konstituering** (i.e. die volgorde waarin komponentstrukture met mekaar verbind om progressief meer uitgebreide komposisietrukture te vorm) is tot die gevolgtrekking gekom dat die konstituering by reduplikasies òf op 'n laer morfologiese vlak geskied, òf deel uitmaak van ons kennis van die sanksionerende skema van reduplikasiekonstruksies.

Hoewel die komposisionele paaie van reduplikasies dus duidelik gemotiveer is, moet ons ook konkludeer dat die konstituentstruktuur van 'n bepaalde uitdrukking bepaal word deur die **interaksie** van gekonvensionaliseerde patrone, die breër grammatikale konteks, asook funksionele, kommunikatiewe en stilistiese oorwegings. In die volgende hoofstuk kom laasgenoemde drie faktore veral onder die soeklig, wanneer gefokus word op die konseptuele invoer van reduplikasies.



KATEGORISERING VAN REDUPLIKASIES IN AFRIKAANS

Hoe lyk die kategoriseringsnetwerk van die konstruksie?

7.1 INLEIDING

In haar gesaghebbende artikel oor herhalingskonstruksies, stel Moravcsik (1978: 325) dit onomwonde dat dit onmoontlik is om enige veralgemenings of voorspellings te maak oor die betekenis van herhalingskonstruksies:

“...no explanatory or predictive generalization about the meanings of reduplicative constructions can be proposed.” (Moravcsik, 1978: 325)

Ook meer reserant sluit Niepokuj (1997: 87) hierby aan as sy aantoon dat vergelykende taaldata bewys lewer dat geen veralgemenings gemaak kan word met betrekking tot die semantiese motivering vir die ontstaan van reduplikasiekonstruksies nie. Ten spyte van die feit dat ikonisiteit een van die belangrikste faktore blyk te wees wat die herhalingsproses bepaal, wys sy daarop dat taalkundiges versigtig moet wees om dit te beskou as die enigste motiverende faktor (Niepokuj, 1997: 65-66).

Botha (1988: 151-152) is dit egter nie volkome eens met `n soortgelyke standpunt nie. Hy beweer naamlik dat sodanige gevolgtrekking die resultaat is van beskrywings wat gedoen word onafhanklik van `n toepaslike teoretiese semantiese raamwerk. Hy is van mening dat die groot verskeidenheid betekenis wat aan reduplikasies toegeken word toegeskryf kan word aan die feit dat oppervlakkige taksonomiese analises van taaldata gemaak word, sonder dat die nodige konseptuele onderskeide getref word (hy doen dit in die vorm van konseptuele reëls om die algemene interpretasiereël toe te lig).

Ek is dit, teoreties gesien, tot `n groot mate eens met Botha (1988). Om byvoorbeeld te sê dat die reduplikasie *brul-brul* die betekenseienskap ‘voortdurend’ het, vereis dat die interne semantiese struktuur van die eienskap ‘voortdurend’ binne `n bepaalde kennisraamwerk gedefinieer moet word - `n praktyk wat nie algemeen aangetref word

in die bestudeerde literatuur nie, aangesien sodanige eienskap as vanselfsprekend en selfverklarend aanvaar word.

In hierdie afdeling, waar die konseptuele invoer en betekenis van reduplikasies in Afrikaans bespreek word, word hierdie spesifieke metodologiese standpunt van Botha (1988) dus onderskryf. Aangesien die noodsaaklikheid vir die ponering van afsonderlike woordvormings- en interpretasiereëls vanuit 'n kognitief-grammatiese perspektief onnodig is (aangesien 'n simboliese eenheid per definisie 'n fonologiese en semantiese pool omvat), sal aangetoon word dat die noodsaak van sodanige reëls taan. Dit impliseer egter nie dat die uiteindelijke resultate van Botha (1988) verwerp word nie; intendeel, sy gevolgtrekkings met betrekking tot die konseptualisering van reduplikasies sal juis handig blyk te wees.

Teen hierdie agtergrond is dit dus noodsaaklik dat 'n begronde en gedetailleerde beskrywing van die semantiese pool van die komposisiestruktuur van reduplikasiekonstruksies gegee moet word. Dit is byvoorbeeld nie voldoende om te stel dat $[X_p]$ gewoon 'n versterkte of verswakte profiel van $[X]$ is nie, of dat $[X_p]$ 'n "ander aspek" van die scène in $[X]$ profileer nie. Die vrae moet veel meer spesifiek wees: Wat presies word deur $[X_p]$ geprofileer? Wanneer is die profiel van $[X_p]$ 'n versterking en wanneer 'n verswakking van $[X]$ se profiel? En wat presies impliseer "versterking" en "verswakking"? Kan voorspel word watter "ander aspek" van die scène geprofileer word? Binne watter domeine kan sodanige profiel-interferensie plaasvind? Hierdie afdeling probeer om antwoorde op hierdie vrae te verskaf. Teen die agtergrond van bogenoemde voorbehoude van Moravcsik (1978) en Niepokuj (1997) met betrekking tot veralgemening, sal hier gepoog word om veralgemenings met betrekking tot reduplikasies in Afrikaans (met ander woorde **taalspesifieke** veralgemenings) te maak.

Vervolgens word eerstens 'n kritiese oorsig gegee van relevante literatuur met betrekking tot die betekenis van reduplikasies. Daarna sal 'n gedetailleerde beskrywing van $[X_p]$ gegee word, met spesifieke verwysing na die spesifieke semantiese invoer van die profiel-interferensie. Ten slotte sal 'n kategoriseringskema vir die semantiese pool van reduplikasies voorgestel word.